2024

# Die evangelie van die koninkryk van God

## WAT IS DIE EVANGELIE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD?

WANT, DAAR STAAN ÒÒK GESKRYWE…

RAASBLAAR | www.daarstaanookgeskrywe.co.za

# Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1 – Die plan… 2
Hoofstuk 2 – Die koninkryk van God en die mens… 14
Hoofstuk 3 – Die Koning kom met wraak … 23
Hoofstuk 4 – Die regering van Yahshua en Sy koninkryk… 33
Hoofstuk 5 – Wie is die volk en waar bly die volk van die koninkryk van God… 44
Hoofstuk 6 – Israel word herstel (die dor bene)… 55
Hoofstuk 7 – Jerusalem… 67

# Hoofstuk 1 – Die plan…

Wat is die evangelie van die koninkryk van God? Want dit is 'n woord wat baie gebruik word: '*ter wille van U koninkryk'* of ons sluit 'n gebed af: '*ter wille van U koninkryk'*, maar ons weet nie wat dit is nie. Ons weet nie "is dit die kerk", is dit "ons gaan hemel toe", of is dit "ons verlossing" nie… Wat is die evangelie van die koninkryk van God?

Hier gaan nou baie inligting wees en min Skrif (Ons sal later Skrif inbring) sodat ons 'n idee kan kry waaroor dit gaan as ons praat van die koninkryk en waar die koninkryk van God begin het. Ons verstaan baie keer baie goed mis, want ons sien nie die hele prentjie nie.

1. In die begin het God die hemel en die aarde geskape. Dit was Sý hemel en Sý aarde en Hy het daaroor geregeer, en dit is die koninkryk van God. Wat is die koninkryk van God? Dit is 'n Koning en grondgebied en 'n volk, en dit is 'n koninkryk. Nou onder hierdie punt sê ek 'n koning moet ook burgers vir sy koninkryk hê om oor te regeer en Hy skape vir Adam, die mens. So, ons moet nou ver terugdink: In die begin skape Hy die hemel en die aarde en die belangrike punt is, dit is nie die begin van God nie, dit is net die begin van hiérdie koninkryk – daar is baie hemele, hierdie is net een van die hemele wat Hy geskape het.

   So, nou het Hy die aarde gemaak. Hy is die Koning en wat maak Hy hier op die aarde? Hy maak vir Hom 'n geslag. Hy maak vir Hom burgers om oor te regeer. Hy het Sy eie asem in die lewelose liggaam van Adam geblaas, en so het Adam lewendig geword. Hy het uit God voortgekom. Baie belangrik, Hy maak alles deur net te spreek, maar Adam maak hy op 'n ander manier. Hy maak 'n liggaam uit die aarde, uit die grond uit, en dan blaas Hy sy eie asem in dié liggaam en dit het 'n lewende siel geword. En hoe is dit anders as die res? Hy het uit God voortgekom. Omdat God 'n geslag van Homself gesoek het, het hy Eva uit Adam gemaak en so het sy uit Adam voortgekom. Dit is 'n geslag. "Geslag" beteken ek maak een en die res kom uit daai een voort. So, Eva kan ek amper sê, is uit Adam gebore. Eva is uit Adam geneem, dus was sy deel van Adam. God het nie 'n tweede mens gemaak nie. Hy het Eva uit Adam gemaak, en uit Adam en Eva kom 'n geslag en daai geslag is die burgers van die koninkryk van God.

   God gee aan die twee van hulle twee opdragte. Die eerste een is: wees vrugbaar en vermeerder as 'n geslag (word meer). Dit is vir Sy koninkryk. So, Hy het nou die grondgebied, Hy is die Koning en Hy maak Adam en Eva en Hy sê vermeerder en vul die aarde. Die tweede ding wat Hy vir hulle sê is: heers oor die volheid van die aarde. Hy gee gesag aan hulle. "Heers" beteken: julle besluit, en dit is ook iets wat ons miskyk – God is die Koning, maar hy gee die heerskappy aan Adam en Hy sê heers. En daar ontstaan 'n koninkryk van God. Daar is baie ander koninkryke. Hy heers oor die heelal en daar is baie meer as net dit wat ons van weet.

2. Hierdie was die begin van die koninkryk van God in hierdie skepping en God se beplanning was presies wat Hy vir Adam beveel het. Yahshua het gekom en Hy het die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en dan dink ons dit het daar begin. Dit het nie daar begin nie, dit het hiér begin, met die skepping. Weereens, dit is goed wat ons mis en nie verstaan wat aan die gang is nie. Wat het Hy vir Adam gesê? Adam se nageslag moet die hele aarde vul as God se nageslag en heers oor God se volkome skepping. So, toe Vader in die begin geskape het, was dit Sy plan. Dit was Sy strategie. Dit was Sy bloudruk. Is dit nóú so?

   In God se koninkryk is daar geen dood of hartseer of teleurstelling of verlange of haat of enigiets anders wat duister en verkeerd is nie, maar net heerlikheid en vreugde en vervulling en liefde. Dink nou terug, hoe was dit veronderstel om te wees? Na ses-duisend jaar beleef ons egter nie 'n volmaakte skepping waaroor ons heers nie, maar 'n lewe van moeite en verdriet. Dit is nie hemel op aarde hier nie. Dit is 'n slegte plek. Hoe sê die een Psalmdigter? – as jy in die oggend wakker word, dan wens jy *kan dit nie maar aand wees nie*, en is dit aand is, dan wens jy *kan dit nie maar oggend wees nie*, want jy wil net die lewe verby kry. Is dit nou God se idee gewees? Is dít die koninkryk van God?

   Iets baie tragies het intussen gebeur en alles verander. Hierdie waarmee ons besig is, is die evangelie van die koninkryk van God. Die evangelie van die koninkryk van God maak ons vry. Hoe maak dit ons vry?

Ons word gebore in hierdie wêreld, ons leef in hierdie wêreld, ons hoor God is die Koning van hierdie wêreld en ons sien dit is 'n tragedie, en ons dink Hy is ‘n slegte god. Die evangelie van die koninkryk van God is dus ook hier om vir ons te verduidelik wat aan die die gang is…

3. So, wat het dan gebeur? God het die heerskappy van hierdie koninkryk van Hom oorhandig aan sy geliefde seun Adam. Dit was Sy geliefde seun, maar Adam was deur die Satan bedrieg en het sonde gedoen deur God nie te glo nie, en het die heerskappy verloor. Hy was nie 'n staat om te heers nie en skielik is hierdie koninkryk "koningloos". Die sonde van Adam het ook ander gevolge gehad.

   Die eerste gevolg: Adam het die heerskappy verloor. Dit is net so goed jy het 'n geweldige belangrike werk iewers, ‘n baie verantwoordelike werk, en jy kry beroerte en jy kan nie meer dink nie. Jy is stadig, en jy vergeet… Kan jy nog die werk doen? Jy is dalk hoof van die weermag, kan mense na jou toe kom sê *wat moet ons nou doen*? Jy kan nie, en dit is wat **met** Adam gebeur het. Hy het sy heerlikheid verloor en hy kon nie meer heers nie. Baie mense dink ons heers nou nog oor die aarde. Ons doen nie, dit is chaos…

   Die tweede gevolg: Die dood wat nie bestaan het nie, is nou die normale. Dit is vir ons normaal om dood te gaan. ‘n Begrafnis is soos 'n troue, dit gebeur net en ons aanvaar dit net. Dit was nie deel van die koninkryk van God nie. Dit was nie deel van die skepping nie.

   Die derde gevolg: God het die aarde vervloek ter wille van Adam. Hy het die aarde vervloek, en skielik eet die leeu die lam en die boom verloor sy blare en gaan dood. Dit is dinge wat nooit gebeur het nie. Daar is oorstromings en daar is aardbewings en allerhande goed. Die koninkryk van God funksioneer nie soos dit beplan was nie.

   Die vierde gevolg: Daar was nou baie slegte gevolge vir Adam, sy nageslag en ook vir God – en daaraan dink ons nie. Daar was baie slegte gevolge van die besluit van Adam om God te wantrou en die Satan te glo. Vir Adam en sy nageslag het die Paradys en die volmaakte aarde verander in moeite en verdriet en deur die sweet van hulle aangesig moet hulle hul brood verdien – en daarvan kan ons getuig, dit is nie lekker hier nie. Voor die sondeval het die dood nie bestaan nie, maar nou is ek deel van hùlle lewe en wanneer hùlle sterf is hulle vir ewig van God verwyder in die dood. Dit is die gevolg van die sondeval van die mens, nou gaan jy doodgaan. Vader sê as jy van daai boom eet sal jy sekerlik sterwe, en hy eet en hy sterwe en sy nageslag sterwe. En wat beteken sterwe? Jy is weg van God af, en dit is hel. Die aarde is vervloek, dit is ‘n slegte plek om op te wees. Die mense is uitgelewer aan die omstandighede van hierdie wêreld en jy gaan dood en jy gaan hel toe… Dit is die teenoorgestelde van wat God beplan het. Dink menslikgewys daaroor: voor God geskep het, het Hy besluit hoe Hy dit gaan doen, en Hy het dit geteken en dit neergeskryf soos 'n argitek ‘n gebou beplan. Hy het gesê dit is wat Ek beplan en wat Ek gaan doen, en toe doen Hy dit. As gevolg van die sondeval, is dit nie meer so nie. Maar nou het ons 'n evangelie van die koninkryk van God. Wat beteken dit?

   Die sondeval is ‘n tragedie vir die natuur en vir die mens en vir God. Vir God is dit 'n tragedie, want Sy geliefde Seun en Sy hele nageslag – (die nageslag van die Seun wat ook die nageslag van God is) is vir ewig verlore en die skepping van hierdie koninkryk is 'n mislukking. God skep die hemel en die aarde as ‘n perfekte en volmaak plek, en as ons vandag daarna kyk is dit ‘n mislukking. Dit is ook 'n skande vir die Naam van God, want Hy is volmaak en kan nie misluk nie. Dit is nie net ons wat in ‘n slegte bootjie is nie, God ook… Die heelal buite hierdie skepping kyk na hierdie skepping en sê: Sjoe, wat gaan nou aan? Satan sê *ek was suksesvol, kyk hoe lyk die skepping van God*. Maar ons is nog nie klaar nie, daar is 'n evangelie van die koninkryk van God en hierdie evangelie is groter as ons…

4. Satan het hierdie tragedie veroorsaak omdat hy 'n leuen aan Adam verkondig het en Adam het God nie geglo nie. Hy het in God getwyfel. Die Satan was ook in die Paradys, maar hy was ‘n gevalle engel wat veroordeel staan. Hy het teen God gesondig deur homself te verhoog deur homself gelyk aan die Allerhoogte te stel. Dit is die verlede van die Satan. Satan is ook in die paradys en hy moedig Adam aan en hy sê: *eet van daai boom*. Hy het Adam beïnvloed om teen God te sondig deur vir hom ook te sê dat hy aan God gelyk kan wees en Adam het hom geglo. Wat is ons probleem vandag nog? Ons stel ons gelyk aan God, ons sê daar is nie 'n God nie, ons sê die mens is god. Dit is presies dieselfde storie – die Satan het dit gedoen. Hy het sy troon gelyk gestel aan die Almagtige, en hy is onttroon.

God skape Adam as koning oor die aarde en die Satan kom na hom en hy sê: *jy kan meer wees, jy kan aan God gelyk wees. As jy daai kennis het kan jy aan God gelyk wees*, en hy glo dit en hy val. En die Satan kom vandag nog na ons toe en hy sê jy kan aan God gelyk wees, en mense ontdek dinge en hulle sê *kyk hoe slim is ons, ons is aan God gelyk*. Satan het Adam beïnvloed en hy het God nie geglo nie. Die Satan is reeds veroordeel en hy was toe reeds veroordeel, en hy kan niks teen die Allerhoogste doen nie. Ons moet dit weet, hierdie is die agtergrond van die koninkryk. Die Satan kan niks aan God doen nie. Satan is magtig, maar God is almagtig. Dit is soos wanneer jy kwaad is vir reën en jy wil die wolke gaan slaan. Jy kan maar maak wat jy wil – jy kan nie by een van hulle uitkom nie, en as jy daar kom en jy slaan hulle, dan gaan dit nog steeds reën – en dit is die Satan teen die Almagtige, hy kan Hom niks doen nie. Die Satan is reeds veroordeel en kan niks teen Allerhoogste doen nie, maar hy kan Hom sabboteer in Sy werke en Hom baie skade en hartseer veroorsaak en dit is waarom hy gedoen het wat hy gedoen het in die Paradys. Satan is in die Paradys, hy weet hy staan veroordeel en hy weet sy einde is die hel – die hel is gemaak vir hom en sy engele, maar hy is nog nie daar nie. En in die Paradys sê hy *wat gaan ek doen om teen die Almagtige te werk?* En wat doen hy? Hy hou God se geslag gyselaar en probeer God daardeur afpers, en dit is huidiglik wat hy doen. Dit is hoe hy God kan seermaak.

5. Dit is die rede dat daar 'n evangelie van die koninkryk van God is. Daar was nie in die begin 'n evangelie van die koninkryk van God toe Adam in die paradys was nie, want dit wàs die koninkryk van God en hulle wàs in die koninkryk van God. Daar was niks fout nie, toe gaan daar iets fout en nou het ons die evangelie van die koninkryk van God wat wát is? – die herstel. Yahshua kom en Hy sê ek verkondig die evangelie van die koninkryk van God, en dan begin ons 'n kerk... Dit is nie wat Hy gesê het nie en dit is nie waarmee Hy besig is nie.

6. God gaan die terugslag beslis nie daar laat nie, maar herstel wat verkeerd gegaan het. Onthou, die Almagtige is alwetend en alwys. Hy weet alles. Niks is vir Hom onmoontlik nie en niks is vir Hom te moeilik nie. Nou gebeur hierdie situasie en dit is 'n geweldig ingewikkelde, moeilike probleem, maar Hy gáán dit herstel en Hy verklaar aan ons hoe Hy dit gaan doen, en dit is die evangelie van die koninkryk van God. Om dit te herstel moet Hy die heerskappy van die aarde terugkry en Sy koninkryk hier vestig. Hy moet alles regmaak soos wat dit was. Hy moet die geslag wat uit Hom voortgekom het, naamlik sy kinders, verlos van hulle verdoemende einde. Hoekom? Anders is God 'n mislukking. Dink daaraan – wat sê die Satan? *Ek is suksesvol, ek het God gepootjie en Hy het geval* – ek sê dit met respek, maar dit is hoe dit lyk en dit is soos dit op hierdie stadium is – die skepping is 'n mislukking, maar die evangelie van die koninkryk van God sê Hy gáán dit herstel. Hy moet die geslag wat uit Hom voortgekom het, naamlik Adam se geslag, die Adamiet se kinders, verlos van hulle verdoemende einde. Nou het dit hier betrekking op ons. Ons is verlore gebore as gevolg van die sonde, maar God gaan dit nie daar laat nie en Hy hét dit nie daar gelaat nie. Daar is 'n evangelie wat Sy koninkryk se herstel beskryf, en daai selfde evangelie word aan ons verkondig, sodat ons nie hel toe hoef te gaan nie. Indien Adam God geglo het in plaas van die Satan, was daar nie 'n evangelie van die koninkryk gewees nie. Baie interessant, dit was nie so gemaak nie – dit was anders, maar dit het so geword.

7. Ons verantwoordelikheid teenoor die koninkryk van God is kritiek. Wat beteken verantwoordelikheid? Ek is verantwoordelik, so ek het 'n verantwoordelikheid teenoor die koninkryk van God. Die koninkryk van God gaan gebeur en Hy maak vir ons 'n weg om deel te word daarvan, maar ek het 'n verantwoordelikheid in dit. Die trein na die koninkryk van God is vas op sy spoor, en ons kan deel wees van dit, of ons kan dit mis. God het nou Sy reddingsplan bekend gemaak en dit is weereens *die evangelie van die koninkryk van God*, dit is Sy reddingsplan. Hy gaan herstel, nie net òns wat verlore gaan nie, maar Sy koninkryk wat Hy geskep het, gaan Hy regmaak. Die trein na die koninkryk van God is vas op sy spoor en ons kan deel wees daarvan. Daai trein gaan nie afwyk nie. Die Almagtige beheer hom. Hy gaan nie stop nie en hy gaan nie omdraai nie – hy is op pad. Die evangelie wat ons het gaan oor daai trein en gaan oor daai pad en gaan oor ons. Ons verantwoordelikheid bepaal of ons op daai trein gaan wees, of nie daarop gaan wees nie. Die trein gaan ry. Nie ons idees, ons visie, of ons preke gaan die trein beïnvloed nie. God het bepaal. Ons moet uitvind waar die trein is, wanneer ry hy, hoe om daarop te kom en seker te maak ek is op, want as hy ry en ek is nie op nie, bly ek agter. Die evangelie van die koninkryk van God gaan nie oor òns saligheid nie en ook nie oor die kerk nie, maar oor Sy koninkryk en Sy Naam wat bespot word. Ons verlossing is deel van die herstel van Sy Naam – en natuurlik weet ons dit is omdat Hy vir ons lief is, maar as ons net na dìt kyk as die evangelie van die koninkryk, mis ons die grootste deel. As ons persentasie-gewys kan praat, is die mens 20% en 80% is ànder dele wat ons mis.

Dit gaan baie oor die herstel van Sy naam – Hy is wat Hy is, Hy is suksesvol, Hy maak nie ‘n mislukking nie, Hy is volmaak, Hy slaag altyd – en hierdie projek wat aan die gang is, is ‘n mislukking op hierdie stadium. Dit is moeite en verdriet en dit leer ons by God self. Hy sê dit vir ons.

Hy gaan dit herstel. Gaan ons deel wees van dit? Ons kan argumenteer en argumenteer en argumenteer oor hóé ry die trein, wáár ry hierdie trein, hóé kom ek op hierdie trein... En ons dink deur te argumenteer beland ons op die trein, maar ons doen nie. Ons ag onsself te belangrik, want ons dink dit gaan oor ons en Hy in ons lewe – dit gaan oor my koninkryk op die aarde en hoe Hy my help om suksesvol te wees... Is dit nie maar wat in die meeste mense se gedagte is van die evangelie nie? *Ek is op die aarde, ek moet hier 'n lewe lei, ek moet suksesvol wees en God help my om suksesvol te wees*. dit is is nie die evangelie van die koninkryk van God nie, dit is die evangelie van die koninkryk van die mens. Dít is humanisme. Ons leef in 'n kritieke situasie en in ‘n kritieke tyd. Dit is ‘n tyd waar mense die heeltyd doodgaan – ewig doodgaan... en ons fokus op die klein bietjie lewe wat ons het. Dit is soos iemand wat wil vleis braai en hy het net een vuurhoutjie om dit mee te doen. Hoe gaan jy die vleis gebraai kry? Jy gaan hom nie eers warm kry op 'n kolletjie nie – jy kan dit net maar los. Dit is ons lewe.

Wat is ons lewe werd in vergelyking met die ewigheid? Dit is niks! Ons fokus op dit en ons dink hoe gaan God my help om my lewe hier beter te maak. Maar ons verstaan nie dat hierdie nie die lewe is nie. Die koninkryk van God is die lewe, ek moet met dít te doen kry.

Die evangelie van die koninkryk van God het die vermoë om ons deel te maak van Sy koninkryk. 'n Deel van daai evangelie gaan oor ons ook, maar as ons dit mis sal ons vir ewig verlore wees en van God verlate wees. Ons is verlore, hier kom 'n boodskap na ons toe om te sê dit is wat jy kan doen om deel te word van My koninkryk. As jy daarna luister en dit doen, sal jy gered word. As jy daarna luister en dit nie doen nie, sal jy verlore gaan. As jy nie daarna luister nie, sal jy verlore gaan en as die woord nie by jou uitkom nie, sal jy ook verlore gaan. Dit is hoe kritiek dit is... Ons dink dit is onregverdig dat mense wat nie die evangelie hoor nie, nie gered word nie. Hulle sal nie gered word nie, hulle sal verlore gaan. Dit is die probleem as ons nie die Woord verkondig nie, dit kom nie by mense uit nie. Hulle hoor dit nie en hulle gaan verlore. Hulle leef in hierdie koninkryk en hierdie koninkryk is verdoem. En as jy die evangelie van die koninkryk ken, móét jy met mense daaroor praat. God gaan dit nie mis nie, maar Hy gaan suksesvol wees. Meeste van ons gaan onsuksesvol wees, en dit staan ook geskrywe. Die Skrif gaan sover deur te sê baie sal probeer, maar min sal dit regkry.

Baie gaan probeer om op die trein te kom, maar hulle gaan onsuksesvol wees. Jy gaan by 'n verkeerde stasie wees waar daar nie ‘n trein is nie, of jy gaan by 'n stasie wees waar daar 'n verkeerde trein is en hy gaan na ‘n verkeerde plek toe. Jy gaan dalk by die regte trein wees, maar jy gaan nooit opklim nie. Jy gaan allerhande argumente hê – jy gaan sê: maar hierdie trein lyk nie vir my reg nie. Die trein wat ek op wil ry moet só en só wees en as die trein wat ek op moet ry nie só en só lyk nie, wil ek nie opklim nie. Ons het die voorskrifte. Dit is God se trein, ons kan nie voorskryf nie. En wat beteken dit? Dit is die evangelie van God en ons kan nie die evangelie van God kritiseer nie. Ons moet by dit aanpas, Hy pas nie by ons aan nie. Omdat die pad smal en die poort nou is wat na die koninkryk van God lei, is daar baie mense wat sal probeer om die koninkryk van God te vind, maar min sal dit regkry. Hoekom? Want die pad is smal – jy dink jy is op die pad. Jy dink nog jy is op die pad, dan het die pad al weer smaller geword. En die poort is nou – kom jy by die poort dan sien jy ek kom nie in nie, ek is te vet, ek het te veel goed saamgebring, ek kan nie! Ek het te veel van die wêreld in my, ek kom nie by die poorte in nie. Die verantwoordelikheid is by ons.

Wat is die gevolgtrekking? Ons kan nie voorskryf wat die voorwaardes vir ons redding moet wees nie, maar ons moet soek wat die weg na die ewige lewe is en daarop wandel, anders gaan die trein ons eenvoudig net agterlaat. Dit is 'n moeilike ene – ons kan nie voorskryf wat die voorwaardes vir ons redding moet wees nie, maar ons doen dit! Mense sê as God só en só is, wil ek Hom nie dien nie. So wat doen ons? Ons skryf voor. As ek só en só moet doen voor ek gered word, stel ek nie belang nie. Ek klim nie op hierdie trein as dit nie voldoen aan mý voorwaardes nie. God het nie ons opinie gevra nie. Ons moet soek wat die weg na die ewige lewe is en dan daarop wandel, anders sal die trein ons eenvoudig net agterlaat. Gaan toets dit – gaan hier na die Gautrein toe en dan sê jy vir hulle: nee, voordat die trein nie só en só is nie, klim ek nie op nie, en as jy weer sien, dan ry die trein. Niemand het eens vir jou geluister nie. Niemand het hulle aan jou gesteur nie en daar ry die trein sonder jou. Ons is nie so belangrik nie.

Ons moet ook nog bewus wees dat die Satan nog steeds aktief is en vir ons lieg. Jy kom by die trein, en hy vertel allerhande stories om seker te maak jy klim nie op nie en as jy opgeklim het, dan is hy oorywerig om jou te kry om weer af te klim. Jy moet net nie op daai trein wees na die koninkryk toe nie. Hy sal jou na verkeerde stasie toe stuur en hy sal jou daar 'n trein laat opklim en vir jou sê dit is soos dit is.

8. Ons lewe aan die einde van ses-duisend jaar van die koninkryk van hierdie wêreld, m.a.w. die koninkryk van die Satan. Kan ons dit sê? Ja, want Yahshua het sy gesag herken. Die Satan het gesê *aan my behoort hierdie koninkryke en ek gee dit aan wie ek wil. As U neerval my aanbid sal ek dit vir U gee*:

   Lukas 4:6 En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil.
   Lukas 4:7 As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort.

   Satan het gesê die koninkryke behoort aan hom. Vir hoe lank al? Ons lewe aan die einde van die ses-duisend jaar van die koninkryk van die Satan. Die tyd voor die sondvloed was twee-duisend jaar. Ons is nou twee-duisend jaar van die offer van Yahshua af, en ons dink dit is geweldig lank. Dit is lank... Om te dink twee-duisend jaar voor die sonvloed. Ons weet eintlik niks daarvan nie. En toe is daar twee-duisend jaar tot by Yahshua, met die nuwe verbond, en nou is dit twee-duisend jaar later. Dit is ses-duisend jaar van arbeid, en nou is daar 'n duisend jaar van vrede wat gaan aanbreek, ons is aan die einde van ses-duisend jaar. *Ses dae moet jy arbei, maar die sewende dag is 'n dag van rus* – en ons staan voor die deur van diè rus.

9. Hoe naby is ons aan die einde van die ses-duisend jaar en aan die begin van die koninkryk van God? Ses-duisend jaar is 'n lang tyd en almal verwag dit al die laaste twee-duisend jaar. Wat se aanduidings is daar vir ons dat dit nou naby aan die einde is? Wat gaan dit veroorsaak as ek weet? Ek gaan dáái trein baie ernstig opneem.

   Dit is tragies dat ons so optree, want baie van ons dink die einde is die einde van hierdie dispensasie, die einde van die wêreld, maar die einde is wanneer jy ophou asemhaal. Dit is elke individu, en wanneer is jou einde? Baie van die mense wat die laaste tien jaar dood is, het gedink die *koms* is nog ver – vir hulle het die *koms* gebeur. Dit moet vir ons 'n aanmoediging wees om die trein te soek en op die trein te klim, en as jy op die trein is om op die trein te bly, want jy weet die tyd is min – dit is verby. En as jy dalk nie met my saamstem nie en jy dink dit is dalk nog honderd jaar voor die *koms* – nie een van ons het nog 'n honderd jaar oor nie, die tyd is verby.

   Wat is die tekens wat ons nou sien?

   a. Ons gaan binnekort nie kan koop en verkoop sonder die goedkeuring van die Dier nie, en daarmee stem tot die heidene en die ateïste saam – hulle sê *ons sien wat julle doen, ons sien julle vat kontant by ons weg*. Hulle sit ons op 'n stelsel waar ek nie my geld kan beheer nie, en as ek nie doen wat die stelsel sê nie, gaan ek nie kan koop en verkoop nie. En 'toevallig', daar staan dit in die Bybel... Dit staan al daar nog voordat die geldstelsel bestaan het. In 1611 is die Kings James Bybel geskryf, en toe het die geldstelsel nog die bestaan nie. Mense het gekoop en verkoop met geld, maar as ons praat van die geldstelsel, is dit die *mág* van die geldstelsel, die beheer van die geld – dit is eintlik die wegneem van die waardevolle koopmiddels, soos goud en silwer, wat vervang is met papier. Papiergeld word nou vervang met 'n syfertjie op 'n rekenaarskerm.

      Voor dit begin het, het die profete al gepraat van jy sal nie kan koop en verkoop nie. Hoe kan iemand my dwing om nie te koop en verkoop nie? Ek het dan die goud in my sak en daai ou het die donkie en ek wil die donkie koop. Hoe gaan hy dit nie aan my verkoop nie? Ons is nou in 'n stelsel waar hulle dit gaan doen. Die goud is weg en die rand is weg en die dollar is weg en ons werk almal op 'n kredietstelsel, en ek wil nou daai ou se donkie koop, maar ek het nou-die-dag iets verkeerd gesê van die 'elites', en hulle vries my rekening en ek kan nie die donkie koop nie – en die Skrif gaan in vervulling, en ons is nou daar. Ons gaan binnekort nie kan koop en verkoop sonder die goedkeuring van die dier nie.

b. Ek noem dit nou my CCTV. Dit is kameras orals, en *artificial intelligence*-toesig met 'n kredietstelsel om alle mense totaal te kan beheer. Dit is besig om geïmplementeer te word. As jy wil weet of dit suksesvol is, gaan kyk hoeveel inligting kry jy uit China uit van hoe dit daar gaan. Jy kry niks nie. Toe COVID begin het vier jaar terug, het geweldig baie inligting uit China uitgekom vanaf die Chinese op sosiale media, van wat daar aangaan – en ons kon dit lees. En gedurende COVID het dit opgehou en dit het verdwyn, en jy hoor niks meer van wat daar gebeur nie. Hoekom? Want die stelsel is by hulle geïmplementeer en hulle werk reeds op dit – 'n kredietstelsel. Hulle het nog geld, maar met 'n kredietstelsel. As jy nie genoeg krediete het nie, kan jy sekere dinge nie doen nie. As jy verkeerde goed van die staat sê, vat hulle van jou krediete weg, en jy kan nie op die trein ry nie en jy kan nie jou kinders op skool sit nie, en jy kan nie dít nie en jy kan nie dát nie... So wat doen hulle? Hulle bly mooi stil. En daar is oral kameras en hulle doen *facial recognition*. Daai inligting word nie deur 'n mens beheer nie. Dit gaan na ‘n rekenaarstelsel toe en 'n *artificial entelligence* rekenaarstelsel besluit. Dit *sien* wat jy gedoen het daar waar jy oor die pad geloop het en daardie papiertjie gegooi het. Die kamera tel dit op en dit gaan deur na ‘n rekenaarstelsel toe en die rekenaarstelsel trek 'n punt van jou af. Hulle kan nie vir ‘n mens kwaad wees nie, want die stelsel doen dit. Dit werk reeds suksesvol in China. Al die onrus wat ons in die res van die wêreld beleef nou met oorloë en gerugte van oorloë, is om die stelsel te implementeer sodat jy beheer kan word. Hoe gaan hulle jou beheer? Jy sal nie kan koop en verkoop nie. Hoe naby is ons aan dit?

Hibriede tussen ‘n mens en 'n masjien. Dit beteken hulle plant vir jou 'n ding in jou brein en jy is gekoppel op die internet sommer vanself. Hulle verander jou oog bietjie en jy het 'n kamera binne in jou oog, en jy gaan op internet sommer in jou gedagtes. Is dit moontlik? Ja, hulle is besig met dit. Dit is besig om te gebeur. Ons weet die mense wat hulself die *‘elite’* noem sê ons gaan soos gode wees. Wanneer gaan dit gebeur? Eendag daar ver in die toekoms? Ons lees dit nog net 'n boeke... Nee, dit gebeur nóú. En wat sê die elites? *Ons sal soos gode wees.* En wat het hulle gesê by die toring van Babel? *Ons sal soos God wees*. Wat het God gesê? *Nou sal niks meer vir hulle onmoontlik wees nie.* Ons is terug by die toring van Babel. Hoe ver is ons van die koms van die Koning af?

*Artificial intelligence* staan op die punt om meer intelligent as die mens te wees. Nou hoe werk dit nou? 'n Baie maklike voorbeeld is: jy voel 'n pyn in jou heup en jy wonder wat is fout met my, en jy gaan dokter toe en hy gee vir jou ‘n opinie en jy gaan op die internet en jy vra: wat dink jy, meneer internet of tannie google, wat is fout? – en jy kry jou opinie van duisende dokters. Watter een weet beter? Die internet. Nou sit jy a*rtificial intelligence* by. As jy normaalweg op internet gaan en jy gaan vra wat is fout met my, dan gaan haal die internet al die inligting wat hy kan kry en gee dit vir jou en sê: hier is opinies. *Artificial intelligence* vat die opinies en gee vir jou 'n gevolgtrekking. Dit dink. Die rekenaar begin dink en maak 'n gevolgtrekking, en die rekenaar kan dink en 'n besluit maak. Dit is die probleem. Vat byvoorbeeld die karre wat self kan ry, ons in Suid-Afrika ken dit nou nie so goed nie, maar daar is karre in Europese lande en Amerikaanse lande wat self ry. Jy klim in en jy sê vir hom ek gaan nou die kant toe en jy slaap en hy vat jou die kant toe. En hy kan dit doen, dit is a*rtificial intelligence,* maar daar is nie vreeslik baie *intelligence* nodig nie, want hy kyk waar is die pad en hy bly in die pad.

Maar nou kom daar 'n situasie waar daar iemand in die pad is en hy moet stop en hy sien hy gaan nie kan stop nie, hy gaan hierdie ou doodry. En dan, wat doen hy? Hy swaai uit, en as hy wil uitswaai dan sien hy hier langs die pad na waartoe hy wil uitswaai is 'n vrou met 'n stootkarretjie met 'n babatjie in. Die kar dink as ek uitswaai gaan ek haar doodry of ek gaan hierdie omie met die kierie in die pad doodry – een van die twee, en die kar besluit. Op grond waarvan besluit hy? Inligting wat hy gekry het. Hy kan inligting verwerp ook en ander besluite neem, en dan kyk hy en hy sê dalk die omie se lewe is verby en die meisie langs die pad is nog jonk en sy het ‘n babatjie – dit is twee lewens met 'n toekoms. Ry die omie dood... en dit is 'n rekenaar wat besluit het. Of die rekenaar kan besluit die omie het baie gedoen vir die samelewing, hy weet wie is dit – hy kan hom herken, en hy ry dan die meisie dood. Dit is waar ons op pad heen is. *Artificial intelligence* staan op die punt om meer intelligent te wees as 'n mens. Hy kan 'n land beter regeer as wat 'n president dit kan doen.

Die volgende ding is die Verenigde State se verkiesing in November. Hulle is besig met die implementering van hierdie stelsels, en as die verkeerde mense by die regering inkom mag hulle die implementering dalk stuit of

verander, en hulle kan dit nie toelaat nie. Verwag dat daar baie dinge gaan gebeur voor November. Hierdie oorloë wat so sluimerend is wat nêrens heen gaan nie, hulle lê maar net daar in gereedheid vir wanneer hulle hulle nodig het, en natuurlik sien ons oorloë en gerugte van oorloë. Hoe naby is ons? Ons is aan die einde van ses-duiseind jaar en ons sien hierdie dinge gebeur. Wanneer gaan God sy koninkryk herstel?

10. Hoe gaan Hy sy koninkryk vestig? Ons ken hierdie woorde, maar baie keer raak ons deurmekaar met die volgorde en met hoe dit gaan gebeur. Kortliks:

    a. Hy gaan kom op die wolke as 'n mens, Yahshua kom op die wolke as 'n mens. Soos Sy dissipels Hom gesien opvaar het, so gaan Hy terugkom – dit is wat Hy vir hulle gesê het. Ons verstaan daai gedeelte mis wat Hy vir Sy dissipels sê, Hy sê: *soos julle my sien wegvaar het so gaan ek terugkom*.

       Handelinge 1:10 En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle,
       Handelinge 1:11 wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

       Ons dink omdat Hy as 'n enkeling op die wolk weggevaar het, Hy weer as enkeling op die wolk gaan terugkom. Dit is nie wat Hy gesê het nie. Hy het gesê Hy kom terug as méns, maar wanneer Hy terugkom, kom Hy met Sy hele leër van engele saam met Hom. Hy kom op 'n perd en ons weet dit is profetiese taal, maar Hy kom met Sy weermag.

    b. Hulle wat aan Hom behoort met Sy koms, sal Hom in die lug tegemoet gaan en dan saam met Hom aarde toe kom. En dit is ook dié wat aan Hom behoort met Sy koms, al is hulle intussen dood. Abraham is een van hulle en Moses is een van hulle en Josef is een van hulle – en die grafte gaan oopgaan en hulle gaan Hom in die lug tegemoet gaan. Hulle word nie in die geheim weggeraap nie. Hy is juis op pad hiernatoe, dit is Sy *koms*, dit is die wederkoms. Dit is 'n misverstand wat ons vandag het onder baie predikers. Hulle wonder waar is hierdie geheime wegraping en hoe pas dit in? Daar is nie ‘n geheime wegraping nie.

       Vanaf die aarde gaan Hy Sy wraak op die bewoners van die aarde uitgiet. Hy is op die aarde, en nou lees ons in Openbaring van Sy skale wat hy gaan uitgiet, Sy wraak. Hy is op die aarde terwyl dit gebeur. Die bewoners van die aarde gaan Hom haat met Sy koms. Die Skrif sê hulle gaan oor Hom rou bedryf, hulle gaan nie van Hom hou nie. Hoekom nie? Want hulle hou van dit waarmee hulle besig is. Die elites het hul eie koninkryk hier, hulle regeer, hulle het uiteindelik hulle stelsel geïmplementeer om beheer oor alle mense te hê, en die mense is gehoorsaam aan hulle, en die mense aanbid hulle, en hier kom Iemand wat hulle nie kan beheer nie. Hulle gaan nie van Hom hou nie, hulle gaan Hom haat – al die bewoners van die aarde gaan Hom haat met Sy *koms*, maar Sy *koms* se uiteinde en Sy wraak gaan hulle dwing om hulle knieg voor Hom te buig, want Hy is die Koning van die konings. Hulle kom in opstand, hulle sê: *ons wil nie, ons wil nie U gesag hê nie*, *U sê goed wat ons nie van hou nie, U maak reëls wat ons haat.*

       En hulle kom teen Hom in opstand en dít het lateraan die gevolg van 'n oorlog, en dit word beskryf in die Bybel as Armagéddon. Die magte van die aarde maak oorlog teen die Lam en Hy oorwin hulle, want hy is die Koning van die konings en die Here van die here, en dan sal elke knieg voor Hom buig – of jy wil of nie wil nie, jy sal buig. As jy nie buig nie rol jou kop, maar elke knieg sal voor Hom buig, want Hy is die Koning.

11. Hoe gaan Sy koninkryk anders wees as die koninkryk van hierdie wêreld waar ons nou is? Ons het nou hierdie verwagting van die koninkryk, hoe gaan dit lyk? Hy gaan die Koning wees en Hy gaan in streng geregtigheid heers oor die hele aarde. Daar is net een opinie en dit is Sý opinie.

    Ons wat Hom nou al ken, ken Sy hart – Hy gaan in geregtigheid regeer. As jy geregtigheid ken, as jy weet wat geregtigheid is, as jy lief is vir geregtigheid – jy hou daarvan, dan gaan jy geen probleem hê met Sy heerskappy nie. Maar as jy in ongeregtigheid leef, dit is wanneer jy vir jouself leef – eie ek, dan leef jy in ongeregtigheid ter wille van

jouself. Dit beteken jy kom ander mense te na ter wille van jouself, maar as jy reeds aan Hom behoort en jy leef in geregtigheid en jou hart is vol geregtigheid gaan jy lief wees vir Sy regering, want Hy regeer in geregtigheid. As jou hart is soos Sy hart is, as jou beeld is soos Sy beeld is – jy lyk soos Hy, jy dink soos Hy, jy begeer soos Hy – gaan jy geweldig hou van Sy regeringsstyl.

Hy gaan die vervloekte natuur herstel. Hy het die natuur vervloek, Hy gaan dit herstel – en die leeu gaan langs die lam lê en die beer gaan strooi eet soos 'n os. Dit is nou normaal as ‘n leeu ‘n lam verskeur. Ek dink nie dit is vir iemand lekker om dit te sien nie, maar dit is normaal. Die leeu moet oorleef en die lam is sy kos, maar dit gaan ophou. Dit is vir ons abnormaal dat dit ophou, want wat gaan die leeu eet? Hy gaan gras eet, en dan sê mense dit is onmoontlik. Niks is vir God onmoontlik nie. Die leeu het nie in die begin die lam geëet nie.

Die reën gaan kom op sy tyd, op die regte plek en vir 'n regte tyd gaan dit reën – oor die hele aarde. Daar gaan nie meer ‘n woestyn wees nie, daar gaan die oorstromings wees nie, daar gaan nie aardbewings wees nie – al’s gaan reg wees.

Al die nasies van die aarde gaan in vrede lewe, in absolute gehoorsaamheid aan die Koning. Die aarde gaan nog steeds vol nasies wees, maar hulle gaan in vrede lewe, hulle gaan nie oorlog maak nie.

Die duiwel gaan opgesluit wees en geen probleme op die aarde veroorsaak nie. Die duiwel gaan niemand ophits en sê: *hey, kyk wat doen daai ou, dink jy nie jy is bietjie verontreg nie? Hoor wat sê hulle van jou*... Die duiwel gaan toegesluit wees vir 'n duisend jaar. Die kontinente soos wat ons dit nou ken gaan nog steeds daar wees, en die see gaan nog steeds daar wees, en die mens gaan nog steeds eet – dit is net 'n ander Koning in Sy koninkryk, besig om dit te herstel. Die mense wat Hom in die lug tegemoet gaan met Sy *koms,* gaan in 'n oogwink volmaak verander word, na ‘n verheerlikte mens toe, maar die aarde se herstel gaan met tyd gebeur volgens die metode wat God dit geskape het. Dié wat aan Hom behoort by Sy *koms,* gaan verheerlikte liggame hê soos Syne en gaan saam met Hom oor Sy koninkryk regeer. Die wat aan Hom behoort by Sy *koms,* gaan saam met Hom regeer. Onthou, Hy kom as mens – *soos julle My sien opvaar het, so sal julle My sien terugkom.* Hy is nie in Sy vlees in 'n alomteenwoordige bestaan nie. Hy is Koning, maar is op een plek – in Jerusalem.

As Hy in Jerusalem is, wat gaan dan in Suid-Afrika gebeur? Nou moet Hy hiernatoe kom dan vertel Hy vir ons wat hier aangaan, maar terwyl Hy hier is, wie is nou in Europa? Niemand nie. Wie neem ‘n besluit? Niemand nie... So wat doen Hy? Hy het mede-regeerders – Hy is die Koning van die konings. Hy sê vir Sy dissipels *as Ek terugkom sal Ek elkeen loon gee volgens sy werke*, en dan gebruik Hy die voorbeeld van die ponde wat Hy vir hulle gegee het, en Hy sê: Ek gee vir elkeen 'n pond en as Ek terugkom dan gee een ou vir my tien ponde terug waarmee hy gewoeker het. Hy sê Ek sal jou oor tien stede aanstel, en dit is regering, konings saam met Hom.

12. Dit is die koninkryk van God en dit is die evangelie wat Hy verkondig het. Hierdie is 'n opsomming, dit is 'n baie vinnige opsomming van wat die evangelie van die koninkryk van God is. Elkeen kan nou by homself besluit wat is nie hierby ingesluit nie. Ek sien geen kerk is hier ingesluit nie. Die kerk is nie die bruid van die komende Koning nie, dit het niks daarmee te doen nie, maar die liggaam van Messias is die vervoermiddel van die evangelie van die koninkryk van God – dit is wat dit veronderstel is om te wees, maar ons gebruik dit om 'n koninkryk op die aarde te vestig en ons maak dit ons kerk. Al die kerke het koninkryke. Die koninkryk van die Rooms-Katolieke Kerk is een van die magtigste, indien nie die magtigste organisasie in die wêreld nie. Dit is ‘n aardse koninkryk, die Rooms-Katolieke Kerk, en uit hom uit kom ander kerke voort. En dit is koninkryke, maar dit is nie deel van die koninkryk van God nie.

    Wat het Yashua gedoen?

    Lukas 4:43 *Maar Hy het vir hulle gesê: Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring, want daarvoor is Ek gestuur.*

    Nou lees ons dit en ons dink: wat is die evangelie van die koninkryk van God? Nou dink ons dit is ons verlossing. Dit is, maar dit is ‘n baie klein gedeelte van die koninkryk van God.

So, Yahshua sê *'Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring'.* Kom ons gaan kyk wat het Yahshua gesê is die evangelie van die koningkryk van God: *'want daarvoor is Ek gestuur'* – dit is hoe belangrik dit is.

*Dit wat op die aarde op die oomblik aangaan, is nie God se wil nie, want die koninkryk van God is gekaap – dit is gesteel en iemand anders het die heerskappy gevat. Hy het dit nie gekry nie, hy het dit gevat, en hy regeer, en moenie dink dit is normaal nie.*

Mense sê die wil van God geskied op die aarde, maar dit doen nie. Dood is nie die wil van God nie – dood is as gevolg van sonde. Die wil van God geskied nie, maar die evangelie van die koninkryk van God is Sy wil en dit gaan geskied.

Matthéüs 6:9 … Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word;
Matthéüs 6:10 laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

Wat sê dit eintlik? Laat U koninkryk kom sodat U wil op die aarde kan geskied soos wat dit in die hemele geskied. Dit geskied nie nou nie. Dit gaan geskied wanneer Sy koninkryk gekom het. Yahshua sê *'Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring, want daarvoor is ek gestuur'* – Ek bring vir julle die goeie boodskap naamlik: *al hierdie goed gaan herstel word, dit gaan verdwyn, dit gaan ophou en Ek gaan dit maak soos wat dit oorspronklik was.* Dít is die evangelie van die koninkryk van God.

Ons kán deel daaraan hê. Ons het nie net vanselfsprekend deel aan dit nie. Dit is ons verantwoordelikheid.

Lukas 8:1 En daarna het Hy die een stad en dorp ná die ander deurgereis en gepreek en die evangelie van die koninkryk van God verkondig; en die twaalf was saam met Hom,

Lukas 4:43 sê *Ek moet dit doen* en Lukas 8:1 sê *Ek is besig om dit te doen*. Wat doen Hy? Hy verkondig hierdie goeie boodskap. Is dit 'n goeie boodskap? Absoluut! As jy in hierdie wêreld leef en jou moeilikheid is vir jou te veel en iemand bring vir jou hierdie boodskap, dan verander jou hele lewe. Alles wat jou mismoedig maak, alles waaroor jy teleurgesteld is alles, wat jy spyt is wat jy aangevang het in hierdie lewe word geneutraliseer met die evangelie van die koninkryk van God.

Wat is neutraliseer? As 'n slang jou byt dan spuit hy sy gifstowwe in jou vleis in en dit maak jou dood – die gif is chemikalieë en dit laat jou vleis vrot. Dit gaan in jou bloed in en dit gaan na jou senuweestelsel en dit maak jou dood. Nou vat iemand jou betyds hospitaal toe en hulle spuit jou in met 'n middel wat die gif neutraliseer, en jy gaan nie meer doodgaan nie. Die evangelie van die koninkryk van God neutraliseer ons situasie.

Nou bly hierdie drie: geloof, hoop en liefde. Een van die drie is hoop, en dit is die koninkryk van God. Die evangelie van die koninkryk van God is om dit te hoor en dit te vertel. Yashua sê hier: *Ek is gestuur om julle te vertel, sodat julle hoop kan hê, sodat jy nie dink dat hierdie wêreld wat jy hier beleef, is dit wat dit is nie. Moet dit nie dink nie, Ek gaan dit regmaak, Ek gaan dit herstel – die dood gaan vernietig word. Jy is nie uitgelewer aan dit nie, Ek het vir jou goeie nuus!'* Dit is die evangelie van die koninkryk van God.

Lukas 16:16 Die wet en die profete was tot op Johannes *(Johannes die doper)*; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin.

Van Johannes af… Wat het met Johannes gebeur? Wat het Johannes met dit te doen? Johannes was die laaste profeet van die ou verbond. Ons besef dit nie, maar Johannes het gesterf tydens die ou verbond, en toe word die evangelie van die koninkryk van God verkondig. Deur wie? Deur Yahshua. Hy gaan aan en Hy verkondig die evangelie van die koninkryk van God, en ons hou nog steeds aan met dit. Yahshua sê: *en elkeen dring met geweld daarin.*
Daai trein gaan ry en daai perron staan vol mense en die meeste weet nie eens waarheen daai trein gaan nie. Jy kom nie by die trein uit nie. Jy weet hierdie trein is op pad na die koninkryk van God toe en voor jou staan bondels mense en jy sien die trein gaan ry, maar jy kan nie inkom nie. Wat gaan jy dan doen? Jy gebruik geweld, jy stamp hulle die pad uit.

Ek moet op daai trein kom en ek gee nie om wat die gevolge is nie. As julle saam my op die trein wil kom, laat ons gaan, maar as jy my teëstaan dan mag jy dalk my elmboog in die gesig kry, want ek is op pad na daai trein toe. En dit is hoekom Hy sê '*en elkeen dring met geweld daarin*' – dit gaan nie maklik wees nie.

Yahshua is die Koning, Sy volk is die kinders van Sy koninkryk en oor die hele aarde is Sy heerskappy. Daar is nie 'n koninkryk wat kan bestaan sonder hierdie bestanddele nie: 'n koning, 'n grondgebied en 'n volk – dit is 'n koninkryk. Ons het 'n Koning en Sy naam is Yahshua. Hy het 'n grondgebied, dit is die hele aarde, want dit is wat Hy geskape het. En wie is die volk oor wie Hy regeer? Sy nageslag deur Adam. Hy gaan oor hulle regeer.

Aan die einde van die duisend jaar sal alles herstel wees soos wat God dit van die begin af gemaak het. Ons staan nou in die begin van die duisend jaar. Die wêreld praat van: *die einde van die wêreld*. Daar is nie so iets nie. Dit is die einde van hierdie stelsel en die begin van die regering van Yahshua, die sewende duisend jaar – dit is nie die einde van die wêreld nie. Daar is nie so iets soos die einde van die wêreld nie. God het dit volmaak geskape en dit sal bestaan tot ewigheid. Dit is net die einde van hierdie dispensasie, en aan die einde van die 7000 jaar sal dit perfek reg wees soos wat dit was toe Vader dit geskape het. Satan sal verslaan wees en in die poel van vuur gewerp wees – hy is nou aan die hoogtepunt van sy heerskappy. Dit is wat hy wil doen – hy wil regeer in die plek van God, hy het sy troon gelyk gestel aan die Allerhoogste s'n. Dit is waar hy nou trek, hy sê: *op hierdie aarde regeer ek en U kan daar niks aan doen nie*.

Ons weet wat gaan gebeur. Hoekom? Want ons ken die evangelie van die koninkryk van God. Dit is nie die evangelie van die kerk nie, dit is nie die evangelie vir die kerkvaders nie, dit is nie die evangelie van die kerkgeskiedenis nie, dit is die evangelie van die koninkryk van God. Vergeet van die kerk.

Die evangelie van die koninkryk van God sê dat Satan verslaan sal wees en in die poel van vuur gewerp word. Satan regeer nou maksimaal, maar dit gaan ophou – daar gaan 'n tyd wees wat ons nie eens meer van hom sal praat nie. Satan gaan net weg wees.

Die kinders van God wat verlore was kon hulle weer met hulle Hom versoen en gered word van die ewig dood, maar dit is ons keuse... Hy het Hom met ons versoen, nou moet ons ons met Hom versoen. Hy het ons verlossingsplan bewerk, naamlik daai trein. Hy het daai trein gemaak en Hy gaan stop by die stasie en ons het die geleentheid om op te klim. As jy opklim sal jy gered word. As jy nie opklim nie, sal jy verlore gaan – dit is ons keuse. Dié wat opklim en deel van Sy koninkryk word vervul die evangelie van die koninkryk van God, want dit is dié volk oor wie Hy gaan heers.

Die aarde en sy volheid sal perfek wees soos in die begin na die ses dae van die skepping. Die laaste vyand wat verslaan word, is die dood. Tydens die sewende duisend jaar gaan daar nog steeds dood wees, daar gaan nog mense doodgaan. As jy nie doen wat die Koning sê nie, gaan jy doodgemaak word. Eers aan die einde van die sewe duisend jaar, gaan die dood vernietig word. Ons as mens moet sien ons is ook op die verhoog, maar ons speel nie die hoofrol nie. Ons het 'n belangrike, maar geringe rol. Daar is baie belangriker karakters op die verhoog. Die hoofkarakter is die Almagtige en die verhoog is Sy koninkryk.

1 Korinthiërs 15:19 As ons net vir **hierdie lewe** op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense.

**Hierdie lewe** is *hierdie koninkryk*, dit is my lewe: ek hoop op Christus vir **hierdie lewe**, '*maak my suksesvol, maak my gesond, maak my paaie gelyk, maak dit vir my makliker, ek hoop op U*'. Dit sê nie ek mag nie bogenoemde vra nie, maar waar is die klem? Hy sê as ons nèt vir **hierdie lewe** op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense, want ek het geen visie van nà **hierdie lewe** nie – ek is ellendiger as die wat Hom nie geken het nie.

1 Korinthiërs 15:20 Maar nou *(ek hoop nie net op hom vir hierdie lewe nie)*, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.

Eersteling? Hy is die eerste van die wat ontslaap het, wat opgestaan het uit die dood – die res van ons gaan ook opstaan.

1 Korinthiërs 15:21 Want aangesien die dood deur 'n mens *(Adam, ons het dit deelagtig geword, want die dood is deur een mens en ons is sy nageslag en ons is almal dood)* is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens.

Dit is die eerste Adam en die tweede Adam. Die eerste Adam het ons dood veroorsaak, die tweede Adam ons lewe.

1 Korinthiërs 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;
1 Korinthiërs 15:23 maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.

Of jy nou wil of nie, jy sterf in Adam as gevolg van Adam, maar jy lewe op jou eie keuse in Christus. Die keuse is vir jou daar, maar jy moet jou met God versoen. Dan gaan jy opgewek word, maar elkeen in sy eie orde – as eersteling Christus (Hy is reeds opgewek) en die res as Moses en die ander wat aan Christus behoort by Sy koms. Of jy dood is en in die graf is en of jy nog lewe by Sy koms, maak nie saak nie, jy word opgewek en jy kry 'n verheerlikte liggaam. Wie? Die wat aan Hom behoort by Sy koms. Wie behoort aan Hom? Die wat die Lam volg waar Hy ookal heen gaan.

1 Korinthiërs 15:24 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy *(Yahshua)* alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.

Waar trek ons nou? Daar is nou heerskappy en gesag en mag wat totaal buite die heerskappy van Yahshua is. Die wêreld elites doen wat hulle wil. Die Satan doen wat hy wil – hy is in beheer. Yahshua gaan alle heerskappy en alle gesag en alle mag vernietig. As Hy hier kom gaan hulle Hom met alle geweld weerstaan en Hy gaan hulle oorwin. Hy gaan alle mag en alle gesag vernietig met geweld.

1 Korinthiërs 15:25 Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het.

Yahshua moet as Koning heers tot Hy al Sy vyande onder Sy voete gestel het. As Hy hier kom, gaan die wêreld nie sê *ons het U lank verwag nie,* hulle gaan nie bly wees om Hom te sien nie – dit is Sy vyande. Hierdie wêreld is in vyandskap teen God. Hy kom hiernatoe en Hy gaan hulle mag en hulle gesag vernietig, en gaan as Koning heers tot elke vyand van Hom onder Sy voete gestel is, dan gaan niemand waag om te sê '*ek is nie onder Sy gesag nie*'.

1 Korinthiërs 15:26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. *(Dit is aan die einde van die duisend jaar)*

1 Korinthiërs 15:27 Want Hy *(Yahshua)* het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy *(Yahshua)* sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy *(Yahweh)* uitgesonder is wat alles aan Hom *(Yahshua)* onderwerp het.

Dit klink of daar gepraat word van twee persone, maar hier kom iemand aarde toe en Sy naam is Yahshua – dit is God in die vlees. Hy kom as 'n mens, maar Hy is nie sommer net 'n mens nie. Hy gaan alle gesag aan Hom onderwerp, maar dit beteken nie Hy gaan Vader ook aan Hom onderwerp nie. As jy dit met die verstand bedink, dan dink jy daar is meer as een, maar dit gaan net oor die orde en oor die heerskappy. Yahshua onderwerp Hom nog steeds onder die gesag van Yahweh en Vader Yahweh onderwerp alles aan die gesag van Yahshua.

1 Korinthiërs 15:28 En wanneer alles aan Hom *(Yahshua)* onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom *(Yahshua)* onderwerp aan die Een *(Yahweh)* wat alles aan Hom *(Yahshua)* onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.

Wie is die Seun en wat is die werk van die Seun? Om te herstel wat verkeerd gegaan het. Wie is die Seun? Dit is die Vader in die vlees. Wat is die evangelie van die koninkryk van God? Dat die koninkryk van God verlore gegaan het, dat die heerskappy gekaap is deur God se vyand, en dat God vlees word en dit kom herstel. Hy was reeds hier, en toe het Hy vir ons die Ewige Lewe kom bewerk. Hy kom terug en dan kom Hy Sy koninkryk met geweld vat, en Hy kom almal wat teen Hom in opstand was, en is, onderwerp – selfs al beteken dit om hulle dood te maak.

As alles onderwerp is, dan gee Hy dit terug aan die Vader soos wat dit was. Dan is die rol van die Seun vervul, maar Hy is God, Hy verdwyn nie, Hy is God – dit is net God in 'n taak. Hy was Melgisédek gewees op die aarde met 'n taak, Hy was die Engel van God op die aarde gewees met 'n taak. Hy verdwyn nie elke keer nie, dit is die Almagtige – elke keer met 'n taak.

Dit is ‘n baie breedvoerige opsomming van die evangelie van die koninkryk van God. Ons staan ver terug en ons kry die geheelbeeld en ons sien wat dit is. Nou kan ons teruggaan en in detail gaan kyk wat dit is. Dit is die evangelie waarmee ons veronderstel is om ons mee besig te hou, dit is die evangelie wat Yahshua kom verkondig het. Hy sê: *hiervoor is Ek gestuur, om die evangelie van die koninkryk van God te kom verkondig*.

*Rom 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!*
*Rom 11:34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?*
*Rom 11:35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?*
*Rom 11:36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

# Hoofstuk 2 – Die koninkryk van God en die mens...

Goed, ons het nou gekyk wat is die koninkryk van God en dat dit nie begin by Yashua se prediking nie – dit begin by die skepping van hemel en aarde. Dit is een van die hemele, dit is nie die totale koninkryk van God nie, want ons hemel en aarde is ses-duisend jaar oud, maar God is nie ses-duisend jaar oud nie. Hy kom van ewigheid af.

Baie keer is ons denke se beperkheid ons probleem dat ons die verstaan wat Vader vir ons sê nie, omdat ons nie 'n begrip verstaan soos *ewigheid* nie – ons kan nie dink God is vir ewig nie. Ons kan nie dink dat Hy voor die hemel en die aarde bestaan het nie. Dan moet ons oor daai hindernis kom om te verstaan dat Hy is nie 'n mens nie en Sy weë is nie ons weë nie. Ons hemel en aarde is ses-duisend jaar oud, maar daar is baie ander. Hierdie koninkryk is in die moeilikheid, hierdie koninkryk is buite beheer en ons voel half skuldig net om dit te dink dat daar 'n plek is waar God se wil nie geskied nie, maar dit is soos dit is.

Net 'n voorbeeld, toe Adam gesondig het was dit nie God se wil nie. Dit is 'n begrip wat ons in ons kop 'n area of gedeelte moet gee om te groei – om te verstaan dat daar dinge gebeur wat buite God se wil is. Die val van Adam was nie God se wil nie. Die vervloeking van die aarde was nie God se wil nie – dit is 'n gevolg van iemand anders se besluit. Maar God het ons gemaak om te kan kies. Die engele het gekies, die Satan het gekies. ‘n Derde van die engele het teen God gekies, dit is nie Sy wil nie. Baie dinge gebeur buite Sy wil en hierdie aarde waarop ons nou leef is Sy koninkryk, maar buite beheer. Iemand het dit gekaap en nou is dit die koninkryk van hierdie wêreld. Die Bose regeer – die Bose is 'n persoon, dit is Satan. En dit is die plek waarin ons lewe. Ons word hier gebore en ons word hier groot en ons dink dit is normaal. Ons probeer ons beste hier en aan die einde van ons lewe gaan ons dood en sien ons het gefaal, ons was nie suksesvol nie. Almal doen dit. Die een ou het gedink hoe meer ek bymekaarmaak hoe suksesvoller gaan ek wees, maar dan word hy oud en gaan na sy siekbed en besef ek moes nie dit gedoen het nie, ek moes dit anders gedoen het.

Ons leef in 'n gevalle koninkryk en die evangelie van die koninkryk van God is om te sê Hy gaan dit herstel. Ons kan deel wees van die herstelling of nie. Adam het deur ongeloof uit die koninkryk van God uitgeval, ons kan deur geloof terugkom in die koninkryk van God. Sy koninkryk is 'n koninkryk van geregtigheid en die enigste manier vir ons om terug te kom in die koninkryk van God, is deur geregtigheid – nie ons geregtigheid nie. Ons kan nie geregtigheid doen en dan word ons gered nie, maar Hy het vir ons 'n weg gemaak in geregtigheid, om in Sy koninkryk te kan ingaan.

Dit is van baie min waarde vir ons as ons kyk na die koninkryk van God en ons is nie deel daarvan nie – ons kyk vir interessantheids onthalwe, maar ons kan deel wees daarvan. Is dit dan nie ooglopend wat die weg na die koninkryk van God is nie? As mens kyk na die optrede van die mense in die wêreld betreffende dit, dan lyk dit of dit ooglopend is, want niemand gee aandag aan dit nie. Ons word groot met 'n gedagte wat iemand vir ons gegee het (ons noem dit oorlewering) en ons maak staat op daai gedagte om ons in die koninkryk van God te kry. Is dit goed genoeg? Probeer elke mens maar net sy bes en Vader besluit aan die einde van ons lewens, was dit goed genoeg? Is ons pogings goed genoeg? Of gooi ons net hande in die lug en sê *ek kan niks doen nie, deur genade word ek gered – ek sal maar sien as ek anderkant kom*. Of is daar 'n weg? Dit is deel van die evangelie van die koninkryk van God.
Yahshua het ook self gepraat, en Hy het gesê: hierdie is die manier vir jou om deel te word van die evangelie van die koninkryk van God. Ons gaan nou fokus op dit wat Yahshua gesê het.

Ons is kinders van die koninkryk, maar ons het verlore gegaan – jy moet nou teruggaan na ons Vader. Die pad na die koninkryk is 'n baie moeilike pad, omdat dit volgens geregtigheid moet geskied. Die eerste ding wat ons in ons verstand in moet prent, is dat dit 'n moeilike pad is. Ons moet dus eerstens weet wat die pad is en tweedens moet ons daarop wandel volgens die voorskrifte van geregtigheid. Hier gaan dit nie oor lidmaatskap en aanvaarding deur 'n kerk of instansie nie, maar burgerskap in die koninkryk van God. Meeste mense sê dit is vanselfsprekend so, maar mense doen dit nie – hulle gaan na ‘n kerk toe, word lid by 'n kerk en hulle aanvaar hulle is deel van die koninkryk van God. As die kerk my aanvaar volgens hulle besluite en hulle voorskrifte, dan is ek in die koninkryk van God, maar is dit die weg?

Matthéüs 7:13 Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.

Aan die einde van ons lewe gaan ons iewers heen. Jou liggaam gaan dood, maar jou siel bly lewe en dit gaan iewers heen. Waar gaan jy heen? Daar is twee poorte, die een gaan na die verderf en die ander gaan na die ewige lewe. Kan ek nou maar net my beste probeer, is dit so lukraak? Iemand maak jou wakker en hy sê vir jou *jy moet dringend vir my hierdie pakkie Koekenaap toe vat, hier is my kar se sleutel – ry!* Jy spring in die kar in en begin ry, gaan jy ooit in *Koekenaap* uitkom? Jy het dalk nog nooit eens van die plek gehoor nie, maar jy ry – jy gaan jou beste doen. Gaan jy ooit daar uitkom? Maar ons wil so by die koninkryk van God uitkom. Ons word gewaarsku – Hy sê die poort is nou en daar is 'n ander poort, hy is breed. As jy nou maar net probeer dan gaan jy by die ander breë poort uitkom – dit is die poort na die verderf.

Matthéüs 7:14 Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.
Matthéüs 7:15 Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.

As jy maar net jou bes gaan probeer, dan gaan jy dit mis. Dit is reeds moeilik om die pad na die lewe te vind, dan is daar nog valse profete ook. Valse profete gaan aspris jou van die pad af wil hou omdat hulle van binne roofsugtige wolwe is. Hulle wil jou roof. Wat soek hulle van jou? Hulle soek jou goed, jy moet hulle vereer en jy moet jou geld vir hulle gee. Yahshua sê pas op vir hulle.

Matthéüs 7:16 Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie!
Matthéüs 7:17 So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.
Matthéüs 7:18 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.
Matthéüs 7:19 Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.
Matthéüs 7:20 So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.

Wat ons verkeerd doen, is om te gaan kyk na mense se lewe: hierdie ou hou 'n goeie lewe en daai ou 'n slegte lewe, en ek luister vir die ou wat 'n goeie lewe lei. As jy dit doen dan moet jy nie na koning Dawid luister nie – hy was 'n moordenaar en hy was 'n egbreker, maar hy het baie van die Psalms geskryf. Waarvan praat Yahshua dan? Hy sê *pas op vir die vals profeet*. Hoe lyk die vrugte van 'n profeet? Dit gaan oor die evangelie. Hy kan nie goeie evangelie en slegte evangelie verkondig nie. Hy ken die pad of hy ken nie die pad nie. Hy kan nie vir jou waarheid en leuen vertel nie – pas op vir hulle.

Matthéüs 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Vers 21 sê die wat die wil van Vader doen sal in Sy koninkryk ingaan. Weet ons wat Sy wil is? Ons hardloop na 'n vals profeet toe en vra wat God se wil is. Ons gaan nie verskoon word as ons deur valse profete mislei word nie. Dus moet ons self uitvind wat die wil van God is. Iemand gaan dalk vir jou goed sê, maar jy moet gaan en dit in die Skrif kontroleer. Jy moet kyk of dit so is, of nie so is nie. Een versie in die Skrif is nie genoeg nie, dit is 'n evangelie. Die pad na Koekenaap is nie net een regs afdraai nie, dit is 'n padkaart soontoe. So is die weg na die koninkryk van God is nie net een of twee versies nie, maar 'n evangelie.

Matthéüs 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer *(is dit dan verkeerd om in Sy naam te profeteer? As jy die waarheid profeteer seker nie...)* en in u Naam duiwels uitgedrywe *(dit is ook seker nie verkeerd nie?)* en in u Naam baie kragte gedoen nie? *(daarmee kan ook seker nie iets fout wees nie?)*

Wat het hierdie persone verkeerd gedoen?: Hulle het nie die Vader se wil gedoen nie. Vers 21 verduidelik wat kortgekom het: ... *maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is*...

Matthéüs 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

Hy kom op die wolke en Sy begeerte is dat ons deel van Sy koninkryk moet wees, maar dit is streng voorwaardelik. Die koninkryk van God se deure is nie net oop en almal loop in nie. Dit is nie die groot wye poort nie, dit is die smal poort en min sal dit vind en min sal ingaan. Dit beteken dat dit streng voorwaardelik is. Ons is nie almal eenvoudig deur genade geregverdig nie, maar daar is baie mense wat so gaan dink en nie die koninkryk sal ingaan nie. Ons dink ons is net deur genade gered. Ons dink ons gaan net tot daar stap en dan sê Hy: waar is jou toegangskaartjie?, en dan gee ek die genade-kaartjie dan sê Hy: dit is verkeerde een, jy kan nie ingaan nie – dit is voorwaarlik. Weet ons wat is die voorwaarde?

Ons wil almal deel wees van die koninkryk, ons wil nie hel toe gaan nie – ons weet die hel is 'n nare plek, dit is hel vir ewigheid. Ons wil in die koninkryk van God ingaan, en Yahshua sê: *jy kan, maar dit is voorwaardelik – dit is geweldig moeilik, min sal dit regkry, maar Ek sê jou hoe*... Ons moet luister.

Yahshua waarsku ons deur te sê daar sal baie wees wat nie sal ingaan nie wat dink hulle gaan. Nou moet elkeen van ons dink: wat is die kans dat ek dalk een van daai baie is wat nie sal ingaan nie? Statistieks-gewys is daar 'n baie goeie kans, want baie gaan nie ingaan nie.

Matthéüs 25:1 Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.
Matthéüs 25:2 En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas.

Wie is die maagde? Hulle is op pad na die koninkryk toe, hulle wag vir die koninkryk, hulle bid: laat U koninkryk kom. Sommiges was verstandig en sommiges was dwaas. Ons is presies dieselfde – ons is op pad na die koninkryk toe en jy kom daar en Hy sê: Ek het jou nooit geken nie. Dit is die vergelyking met die dwase maagde.

Matthéüs 25:3 En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie.
Matthéüs 25:4 Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem.
Matthéüs 25:5 En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.
Matthéüs 25:6 En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!
Matthéüs 25:7 Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed.
Matthéüs 25:8 En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit.
Matthéüs 25:9 Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself.

Wat sê die verstandige maagde: ek kan nie vir jou gee nie, ek moet nou gaan na die bruidegom toe, my tyd is verby. Die olie wat ek het, is vir my. Ek is nou op pad, maar gaan jy na die persone toe wat olie gee. Wat het hulle nodig gehad? Olie. Wat het hulle nodig om die Bruidegom tegemoet te gaan? Olie. Hulle het dit nie, hulle moet gaan na die bron toe. En hierdie ander maagde, die wyse maagde, het gesê ek kan nie vir jou myne gee nie, die tyd is verby – ek gaan nou. Gaan liewers na die verkopers en koop vir julle self.

Matthéüs 25:10 En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit.

Daar was tien maagde, sommiges was gereed en sommiges was nie gereed nie. Gereed beteken: voor die tyd gesorg dat ek reg is. Tien van hulle het gesê: ek is reg. Net vyf was reg...

Matthéüs 25:11 Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop!
Matthéüs 25:12 Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.

Dit is dieselfde woorde: Matthéüs 7:23 *En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!* En vir wie het het Hy dit gesê? Matthéüs 7:22 *Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?*

Hulle het gedink die wil is om duiwels uit te dryf en te profeteer in Sy naam... Hier is vyf dwase maagde wat sê ons wag vir die bruidegom, toe kom hulle agter hulle kort iets, ons is nie gereed nie. Toe gaan haal hulle dit en toe hulle terugkom, is die poort gesluit en hulle kan nie ingaan nie.

Matthéüs 25:13 Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.
Matthéüs 11:12 Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld.

Sovêr let ons op dat jy in die moeilikheid is todat jy nie meer in die moeilikheid is nie. Jy is 'n dwase maagd omdat jy 'n opstandige maagd geword het. Jy moet die koninkryk van God bestorm, en dan moet jy dit gryp met geweld – moet nie dat iemand in jou pad staan nie. Moet nie sê: ek kan nie nie, ek gaan my familie veraai; ek kan nie, ek gaan my plaas verloor; ek kan nie, my werkgewer gaan my in die pad steek. Jy moet jouself elke dag kruisig en jy moet die koninkryk van God bestorm met geweld.

Daar is net een manier vir ons om in die koninkryk van God te kom, om die koninkryk van God te beërwe. Net 'n dwase maagd sal probeer om dit op sy eie manier reg te kry. Net 'n dwase maagd sal sê ek sal vir myself die pad uitwerk na die koninkryk van

God. Daar is net een weg en ons moet streng volgens daai weg gaan om die koninkryk in te gaan. Ons alternatiewe gaan veroorsaak dat ons nie daar uitkom nie.

Enige iemand wat tot nou toe gelees het en sê: *ek is nie seker of dit ek is nie* – jy gaan by die wye poort uitkom. Ek kan jou brief gee met 'n stempel op met bevestiging: jy is op pad na die wye poort toe. As jy op pad is Koekenaap toe en jy weet nie waar Koekenaap is nie, gaan jy nie daar uitkom nie. As jy weet waar dit is, dan sal jy daar uitkom, mits jy op die pad bly. Dit is hoe eenvoudig dit is.
Nou is ons op pad na die koninkryk van God toe en ons is nie seker of ons weet waar dit is nie – jy gaan dit nie vind nie, dit is onmoontlik, dit is te moeilik – jy móét weet. 'n Dwase maagd sê: ek het nie raad nodig nie, ek het nie 'n padkaart nodig nie – ek sal in Koekenaap uitkom, gee my net genoeg tyd. Nou is daar 'n probleem, daar is 'n tydsbeperking ook. Die Bruidegom kom, en Hy kom wanneer jy nie gereed is nie. Jou lewe eindig en jy het nog nie Koekenaap gevind nie.

In Johannes 3 lees ons Yahshua se woorde – wie is Yahshua? Hy is die Koning van die koninkryk, Hy is in die koninkryk, Hy is die koning. Hy nooi ons in en Hy sê: híér is hoe jy inkom. As jy dit hoor en dit doen, sal jy lewe. As jy dit hoor en dit nie doen nie, sal jy sterwe. Almal sal tot op hierdie stadium sê: Ja! Maar min doen dit, hulle doen 'n alternatief. Almal sê ja, *maar*... Die oomblik wanneer daai *'maar'* inkom, beteken dit dit is nie daai pad nie, *maar* my pad. So, wat sê Yahshua? In Johannes 3 sê Hy:

Johannes 3:1 En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode.
Johannes 3:2 Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie.
Johannes 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

Goed, ons is nou op hierdie punt van die koninkryk van God. Ons is nou al besig met die 2de afdeling van die koninkryk van God. Het jy dit gesien, of het jy dit nie gesien nie? As jy sê: *ek het dit nie gesien nie, ek lees wat hier staan, ek het dit neergeskrywe en opgesom, maar dit is vir my nog net inligting,* en jy kan dit nie sien nie – Hy gaan:

Johannes 3:4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?
Johannes 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Ons doel van hierdie lesing is: ons wil die koninkryk van God ingaan, ons wil deel wees van die koninkryk van God. Yahshua sê jy kan nie ingaan as jy nie weer 'n keer gebore word nie. En Nikodémus dink, en ons dink: ek het 'n geboortedatum, ek het 'n verjaarsdag – dit herinner my jaar na jaar aan my geboortedag. Yahshua sê met daai geboortedag gaan jy nie in Sy koninkryk inkom nie, jy moet weer 'n keer gebore word. Nikodémus vra: maar hoe gaan ek dit regkry, hoe gaan ek weer 'n keer gebore kan word? Voor jy nie by hierdie punt verbykom en dit verstaan en dit doen nie, gaan jy nie die koninkryk van God ingaan nie, jy sal nie. Jy sal by die groot poort ingaan wat na die verderf lei. Wie sê dit? Die Koning van die koninkryk.

Nou het ons allerhande verskonings. Jou verskonings gaan jou in die verderf inkry, dit is al waar dit jou gaan kry. Yahshua het gesê jy moet weer 'n keer gebore word. Nou verstaan ons nie en ons vra: wat beteken dit? En jy kry dit nie uitgewerk in jou kop nie, want jy is soos Calvyn – *ek moet goed met my kop verstaan*, dan skryf jy 'n alternatief vir wedergeboorte. Jy kry allerhande verskonings, maar jy word nie weer gebore nie. Jy word nie weer 'n keer gebore nie, want jy verstaan dit nie. Dit is <u>koninkryk's taal.</u> Wat jy ookal doen as 'n alternatief, gaan jou in die hel laat beland, jy moet weergebore word, Yahshua sê dit. Hoekom?

Johannes 3:6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.
Johannes 3:7 Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie.

Daar is nie 'n alternatief nie, jy moet weer gebore word. As jy op die punt kom en sê: *ek is radeloos, ek het nie 'n idee waarnatoe om te gaan nie* – dan is jy op 'n goeie plek, want Skrif verklaar Skrif. Vader los ons nie in die duister nie, Hy sê vir ons. Maar as jy sê: ek weet, dit is dit en dit, maar dit is nie die waarheid nie, is jy die dwase maagd. Die dwase maagde is die wat onvoorbereid is, en dit nie weet nie. Die wyse maagd gaan na die dwase maagd en sê: *jy is onvoorbereid, jy gaan nie gereed wees vir die Bruidegom nie.* En dan sê die dwase maagd: *ek is gereed*. Jy gaan na iemand toe, 'n kerkmens, en sê vir hom: jy is nie gereed vir die Bruidegom nie, dan sê hy *ek is gereed, want ek is in die kerk*. En dan kom die Bruidegom en daai oomblik besef daai persoon: *ek is nie gereed nie*! En dan gaan hy na die wyse maagd toe en vra: *wat is dit wat jy gesê het? Vertel my weer!*

Dan sê die wyse maagd: *ek kan jou nie nou vertel nie, ek het nie tyd nie, daar is die Bruidegom! Ek gaan hom tegemoet*. Dan gaan die dwase maagd na die Bybel toe, die bron, en hy gaan lees en hy sien ***jy moet weer gebore word*** – en dan is dit te laat!

Die Koning het nog nie gekom nie, jy kan nog jouself gereed maak. Raak ontslae van jou oorlewering wat jou houtgerus maak en sê ek is gereed, maar jy is nie gereed nie. Word weer gebore, want as jy nie weer gebore is nie, kan jy die koninkryk nie ingaan nie, maak nie saak wat jy vir jouself vertel het nie. Yahshua sê as jy nie uit water en Gees gebore is nie. Wat beteken uit Gees gebore? Jy word uit Gees gebore en is die produk van iemand wat uit Gees gebore is? Jy is gees.

Ons is uit die vlees gebore, jou pa is vlees en jou ma is vlees – jy is vlees. Yahshua sê jy moet uit Gees gebore word, so jy moet weer 'n keer gebore word. Nou word jy uit Gees gebore en jy is 'n geesmens. Hoekom moet jy uit Gees gebore wees? Want vlees en bloed kan die koninkryk van God nie beërwe nie. As jy nie 'n geesmens word nie, kan jy dit nie beërwe nie, dit is nie moontlik nie – jy kan nie. En Yahshua waarsku ons.

As ons so lees en ons ontdek hierdie dinge, dan kom ons agter ons beweeg al vêrder weg van 'n organisasie af wat vir ons sê: *jy moet by my organisasie aansluit, jy moet 'n lid hier wees voordat jy gered kan word.* Die Pous het begin met dit en ons sit tot vandag toe met dit. *Ons wil net so graag deel van 'n organisasie wees wat ons in die koninkryk gaan inlei.* Jy kan nie – dit is jy en die Almagtige, dit is al..

Ons moet dus uit water en Gees gebore word. Nou hoe doen ons dit?

Handelinge 2:37 Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?
Handelinge 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees *(die geskenk van die Heilige Gees)* ontvang.

Wat hou ons uit die koninkryk uit? Ons sonde. Hoe raak ek van dit ontslae? Ek word gedoop in die dood van Yahshua en Hy neem my sonde op Hom – ek staan op as 'n nuwe skepsel uit die doop uit, uit die dood uit. Watter skepsel? 'n Gees-skepsel, want vlees en bloed kan die koninkryk van God nie ingaan nie. En ek kry 'n nuwe geboortedatum, want ek is weer 'n keer gebore. Ek is die eerste keer gebore uit my pa my ma en die tweede keer van bo gebore toe ek my laat doop het in die dood van Yahshua – in die naam van Yahshua. En ek het opgestaan uit daai dood uit, die watergraf (jy moet gebore word uit water en Gees), en ek staan op uit die water uit en ek is 'n nuwe skepsel, en ek is 'n geesmens en ek is deel van die koninkryk van God – 'n babatjie, maar deel.

As 'n babatjie op hierdie aarde gebore word, dan is hy deel van hierdie koninkryk. Dit is 'n babatjie, dit kan niks doen nie, dit drink net melk. Ons is dieselfde, ons word gebore in die koninkryk van God as 'n gees-skepsel, maar ons groei op. Wat doen die Heilige Gees? Dit maak my 'n nuwe skepsel, want ek is van bo gebore. Die Gees van God is in my – ek is nou 'n gees-skepsel. Die Heilige Gees wek my op in die laaste dag. Dieselfde Gees wat Yahshua uit die dood uit opgewek het, sal ons onsterflike liggame opwek in die dag as Hy kom, mits die Gees in ons woon. As Hy nie in my is nie, dan is ek die dwase maagd en my liggaam bly in die graf – ek staan nie op nie.

Handelinge 2:39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.
Handelinge 2:40 En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag.

Laat julle red uit hierdie verkeerde koninkryk, word gered, kom uit dit uit. Jy is verdoem, jy is verlore gebore, jy gaan hel toe – laat jou red uit hierdie verkeerde geslag. Die eerste punt is wedergeboorte, jy kan nie dit verby nie. Daar is net een manier om in die koninkryk te kom – jy kan nie deur die venster klim nie, jy kan nie 'n gat deur die muur breek nie.

Nou kom die argumente: ja, maar beteken dit nou die doop red my? en die doop en die doop en die doop... Yahshua sê: laat jou doop! Ons het duisende verskonings en Calvyn gaan pa staan vir die meeste van dit, want hy sê doop babatjies. Calvyn het begin met die babadoop. Jy kan nie 'n baba doop tot verlossing nie. *Bekeer jou en laat jou doop.* 'n Babatjie kan nie in die dood van Yahshua gedoop word nie.

1 Petrus 3:20 *Hulle (geeste in die gevangenis)* wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is;

1 Petrus 3:21 waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as ‘n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as ‘n bede tot God om ‘n goeie gewete—deur die opstanding van Jesus Christus

Die ark was 'n teëbeeld van die doop. Almal het gesterf behalwe die mense wat in die ark was. Hulle is gered, die ark het hulle gered. Die teëbeeld van die ark, die doop, is wat ons ook nou red. As jy nie gered is nie, is jy buite die ark en jy gaan verdrink. As jy gedoop is, dan is jy binne-in die ark en dit gaan jou red. Die doop red ons, die ark red agt siele. Hulle is in die ark, ons is in die doop. Is daar magiese krag in die doop? Nee, ons vereenselwig ons met die dood van Yahshua, daar gebeur iets binne-in ons. Het die ark Noag-hulle gered? Nee, God het hulle gered, maar deur die ark. Red die doop ons? Nee, God red ons, maar deur die doop – die doop na bekering. Dit beteken nie dat daar 'n magiese krag daarin is nie.
Nou is ek gedoop en nou leef ek losbandig soos ek wil nie. As jy wedergebore is, as jy weer gebore is, as jy van bo gebore is, is jy ‘n geesmens – en die dinge van die wêreld trek jou nie meer nie, jy stel nie meer belang daarin nie, die dinge van die vlees is nie wat jy meer nastreef nie – jy sterf dit af, jy kruisig jouself, want jy is in die koninkryk van God. Jy lewe dan vir die koninkryk van God, want dit is jou koninkryk – jy lewe nie meer vir die aardse koninkryk nie. As jy nog steeds in hierdie aardse koninkryk leef en jy is gedoop, dan het jy net nat geword – jy is nie weer gebore nie. Jy moet juis uit hierdie koninkryk uitgaan, ‘n nuwe skepsel met 'n nuwe burgerskap.

Filippense 3:20 Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,
Filippense 3:21 wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.

Ons burgerskap? As jy nou in Engeland kom, dan vra hulle vir jou van watter land is jy ‘n burger? En jy sê Suid-Afrika. Maar eintlik vra iemand hier in Suid-Afrika jou: wat is jou burgerskap? En dan sê jy: van die hemele. Pontius het dit vir Yahshua gevra, toe sê Hy: *My koninkryk is nie van hier nie, my burgerskap is nie van hier nie, hierdie burgers is nie my burgers nie, want as my burgers hier was, dan het hulle geveg*. Wat met ons gebeur, is ons word burgers van daai plek waar Hy 'n burger van is. Hy is ‘n burger van die koninkryk van God.

Johannes 18:36 Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.

Ons koninkryk is óf van hier, óf nie van hier nie, en dit is ons besluit. As jy hou van hoe dit hier is en jy sê: dit is my plek, ek vorder goed hier, die mense hou van my ek ek hou van hulle, ek hou van wat hulle doen en hulle hou van wat ek doen, ek is ‘n vriend van die wêreld – dit is jou keuse, maar as jy 'n vriend van die koninkryk van God is en 'n burger van die koninkryk van God is, dan gaan jy hierdie koninkryk haat. Jy kan nie op twee gedagtes hunker nie, jy kan nie in twee koninkryke gelyktydig wees nie. Om die koninkryk van God te vind, vereis dat ons die koninkryk van hierdie wêreld moet afskryf en ons hart daaruit onttrek. Ons het geen belang meer hier nie, maar die Gees van God sal ons harte vul met die koninkryk van God, tensy ons te lief is vir hierdie wêreld en ons hart vervul bly met hierdie koninkryk – dit is weer ons keuse.

Die koninkryk van God is baie voorwaardelik, en die voorwaarde is: waar is jou hart. Ons hart is vanselfsprekend in hierdie wêreld, ons het hier grootgeword, ons is hier gebore – dit is al wat ons ken en ons ywer vir dit. Ons wil hier bereik, ons wil hier bymekaar maak, want dit is ons koninkryk. Nou kom die evangelie van die koninkryk van God na ons, ons hoor dit en ons sê dit is 'n beter koninkryk – ek wil die wêreld se koninkryk verlaat, want die uiteinde daarvan is 'n tragedie en ek wil nie deel wees van dit nie. Dan verander ek my burgerskap van die koninkryk van hierdie wêreld na die koninkryk van God deur weergebore te word, en dan begin ek die pad stap. Ek is reeds 'n burger van die koninkryk van God, maar ek moet die pad stap. Ek het uitgevind waar is Koekenaap, ek het die padkaart – nou is ek op pad. Ek kan nie sê ek weet waar dit is nie, en ek gaan sit dan onder die boom nie, ek gaan nie daar uitkom nie. En hoe doen ek dit? My hart verander, my hart moet wees soos God se hart, maar solank as jy gevul is met die koninkryk van hierdie wêreld, gaan jou hart nie verander nie. Solank my belang hier is, my belangstelling, my erns, my toewyding, en my offers wat ek bring is vir hierdie wêreld, dan gaan die koninkryk van God nooit vorming aanneem in my hart nie – daarom moet ek my burgerskap verander.

Toe die ryk man na Yahshua toe kom, toe vra hy: *wat moet ek doen*? Yahshua sê toe: *gaan verkoop al’s wat jy het en dan kom jy hier en jy volg My*, maar hy sê hy *kan dit nie doen nie, want hy het baie besittings gehad*. Hoekom het Yahshua dit vir hom gesê? Want sy besittings is in die koninkryk van hierdie wêreld en sy hart was hier. Ons moet kies tussen die twee koninkryke, maar ons kies hierdie wêreld, want ons het baie besittings hier. Baie keer bedrieg ons onsself en ons sê: nee ek kies U koninkryk, maar ek hou die besittings in my hart. En wat gebeur dan? Jy verander nooit van koninkryk nie, jy bly in hierdie koninkryk, jy sê

net jy is van 'n ander koninkryk. Wat is 'n dwase maagd? Dit is iemand wat dwaas optree, want jy weet wat dit moet wees, maar jy tree nie volgens dit op nie.

Matthéüs 13:44 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand.
Matthéüs 13:45 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n koopman wat mooi pêrels soek;
Matthéüs 13:46 en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit.

Die koninkryk van die hemele is soos iemand wat die koninkryk van hemele ontdek en sien dan die prys is so hoog, ek sal alles moet verkoop wat ek het om daai koninkryk te kan kry. Dit is ons. Jy sien die koninkryk van God, jy hoor die evangelie van die koninkryk van God en jy besef dit is die kosbare skat wat jy jou hele lewe lank na soek, maar jy sal moet alles verkoop wat jy het om daai skat te kry, want daai skat is so duur. En dit is wat ons moet snap. Hy het gesê dit is nie 'n maklike pad nie, min sal dit vind, baie sal probeer en min sal dit reg kry.

Een van die goed wat ons terughou is ons hartsverandering, ons wil graag twee here dien. Ons wil die koninkryk van die wêreld dien en die koninkryk van God – Hy sê dit is onmoontlik, jy moet kies. Jy moet die een laat staan en die ander navolg. Jy kan nie altwee dien nie, want dan is jy die dwase maagd.

Jakobus 4:4 Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.

Die rede: hulle staan direk teenoor mekaar, hulle is vyande van mekaar. As ek vriende van albei is, wat is ek dan? 'n Verraaier! As jy 'n spioen is van land A by land B, maar jy hou vreeslik van land B en jy wil nou 'n burger hier word en vir hulle 'n spioen word, maar jy bly 'n spioen vir land A en jy spioenneer vir altwee teen mekaar, wat gaan gebeur? Hulle altwee gaan jou doodmaak, en dit is wat ons doen – ons het totale verdeelde lojaliteit, ons wil vriende van albei wees. Dit is die dwase maagd, jy is die dwase maagd.

Wanneer die koninkryk van God in ons hart kom woon, verander Hy deur Sy woord ons harte om te word soos Yahshua se hart is. Sy koninkryk is dus in ons hart, dit is nou mits jy ingestem het en besluit het en dit vasgemaak het dat jy die koninkryk van die wêreld uit jou hart uit gaan kry, dan kom die koninkryk van God in jou hart en verander jou hart.

2 Korinthiërs 3:17 Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.
2 Korinthiërs 3:18 En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.

Ek kyk in die spieël, ek sien Yahshua se beeld. Dit is baie eenvoudig: wat gebeur as jy in die spieël kyk, wat sien jy daar? Jy sien jouself. Maar nie hierdie spieël nie, jy sien Yahshua, maar dan verander Hy jou om te lyk soos die beeld in die spieël. Wie sien jy dan eintlik in die spieël? Jouself, want jy is verander na dit toe – of sal ek sê jy is veronderstel om verander te word na dit toe, maar jy moet hierdie wêreld laat staan, hierdie koninkryk, die belange hier, want jy vorm jouself rondom dit wat jy wil bereik in hierdie wêreld. Nou gaan jy na 'n ander wêreld toe, die koninkryk van God, en die Gees verander jou om te bereik in die koninkryk van God, maar hulle staan vyandig teenoor mekaar. Jy kan nie leef in die koninkryk van hierdie wêreld en verwag Vader moet jou verander na Sy beeld toe nie. Jy moet hierdie wêreld laat staan en jy moet oorgaan na die koninkryk van lig toe, dan kom die Gees en Hy verander jou en jy word soos Yahshua.

Die evangelie van die koninkryk van God kom tot ons ore en ons het 'n keuse wat daarvan gaan word. Gaan ons God glo en doen wat Hy sê, of gaan ons die Woord hoor en dit verwerp? Yahshua het sulke praktiese voorbeelde vir ons om vir ons te sê wat om te doen om die koninkryk te kan ingaan, maar ons hoor dit nie.

Lukas 8:5 'n Saaier het uitgegaan om sy saad te saai; en toe hy saai, val 'n deel langs die pad en is vertrap, en die voëls van die hemel het dit opgeëet.
Lukas 8:6 En 'n ander deel het op die rots geval; en nadat dit opgeskiet het, het dit verdroog, omdat dit geen vogtigheid gehad het nie.
Lukas 8:7 En 'n ander deel het tussen die dorings in geval; en die dorings het daarmee saamgegroei en dit verstik.
Lukas 8:8 En 'n ander deel het in die goeie grond geval en gegroei en honderdvoudige vrug opgelewer. Toe Hy dit gesê het, roep Hy uit: *Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!* *(As jy dit kan hoor, hoor dit, want baie mense kan dit nie hoor nie!)*
Lukas 8:9 En sy dissipels het Hom gevra en gesê: Wat beteken hierdie gelykenis tog?

Lukas 8:10 En Hy antwoord: Aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die koninkryk van God te ken; maar aan die ander deur gelykenisse, sodat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie.

Hier kom die verduideliking:

Die saad is die Woord van God, dit is die evangelie van die koninkryk van God. Ons hoor dit en ons lees dit elke keer as ons die Woord oopmaak. Baat dit jou? Ons het nou gesien hierdie saad val op allerhande plekke en baie van dit is onsuksesvol. Die saad val in ons hart – is dit suksesvol?

Lukas 8:11 Dit is dan die gelykenis: Die saad is die woord van God.
Lukas 8:12 Dié langs die pad is die hoorders. Daarna kom die duiwel en neem die woord uit hul harte weg, sodat hulle nie sou glo en gered word nie.

As dié saad nou by jou gesaai word, waar val dit? Val dit langs die pad? Wat gebeur met saad wat op die pad val? Gaan doen die eksperiment. Vat koring en melies en gaan gooi dit op die pad en dan gaan kyk jy môre of dit opgekom het. Wat kry jy die volgende dag as jy daar kom? Niks! Dit is vertrap en die voëls het dit opgevreet. Jy hoor die Woord, jy glo die Woord, dit maak impak op jou terwyl jy dit hoor, maar daarna vergeet jy daarvan. Satan maak seker die Woord gaan nie in jou hart in nie. Vers 12 sê die duiwel neem die Woord uit hulle harte weg. Hulle hoor dit en daar gebeur niks nie, sodat hulle nie sal glo en gered word nie. As jy die Woord nie hoor nie, sal jy verlore gaan – jy kan nie sê ek het nie die Woord gehoor nie, daarom moet ek gered word nie. Jy móét die Woord hoor, en daar moet verandering gebeur om gered te kan word. Dit is 'n voorwaarde. Dit is nie 'n verskoning om te kan sê ek het nie die Woord gehoor nie. Dit is skrikwekkend, daar is mense wat die Woord nie hoor nie. Hulle gaan verlore, maar hoekom? Dit is jou verdiende loon, dit is nie 'n verskoning om te sê ek het nie die Woord gehoor nie. Dink dan net hoe min is dit 'n verskoning om die Woord te hoor en nie daarop te reageer nie. Wat is die Woord? *As jy nie weer gebore is nie kan jy koninkryk van God nie ingaan nie.* Dit is die Woord, dit is die saad in ons hart vandag. Satan maak seker dat die saad nie in jou hart val nie. Jy moet dit net nie hoor en dit glo en dit doen nie, sodat jy nie gered word nie – en as jy een van daai mense is, dan is jy die ou by wie die saad in die grond geval het.

Lukas 8:13 En dié op die rots is hulle wat die woord met blydskap ontvang wanneer hulle dit hoor; en hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir 'n tyd glo, en in die tyd van versoeking val hulle af.

Dit is op die rots, daar is 'n bietjie grond, en die saad val daarop en dit ontkiem en dit kom op. Wedergeboorte het gebeur, ontkieming het gebeur. En dan? Daar is nie vogtigheid nie, daar is nie voeding nie, daar is droogte. Mense hoor die evangelie van die koninkryk van God en hulle erken hulle moet van bo gebore word, en hulle word van bo gebore, maar daar is vir hulle geen hulp nie, daar is geen vogtigheid nie en hulle gaan dood. "Eenmaal gered, altyd gered" is 'n leuen. Daar is nie vogtigheid nie. Weereens, gaan toets dit, gaan saai die saad op 'n rots. Dit hou geen water nie, dit loop weg. Kom dan 'n maand later terug en kyk of dit gegroei het – daar is niks. In die tyd van die versoeking val hulle af as dit moeilik raak.

Lukas 8:14 En wat in die dorings geval het—dit is die wat gehoor het, en hulle gaan weg en word verstik deur die sorge en rykdom en genietinge van die lewe en dra geen ryp vrug nie.

Nou om vrug te kan dra beteken dit wedergeboorte was daar – daar moet ontkieming wees en daar moet 'n plant wees, maar hierdie het opgekom tussen die dorings. So, jy is in hierdie koninkryk, jy hoor die evangelie, jy sê dit is die waarheid en jy soek dit, jy word weer gebore, maar jy gaan nie oor na die koninkryk van God nie, jy bly lewe in hierdie koninkryk. Wat is in hierdie koninkryk? Die dorings. Jy word groot saam met die dorings. Die wat in die dorings geval het dit is dié wat gehoor het hulle gaan weg en word verstik deur die sorge van die lewe. Wat is die sorge van die lewe? *Ek kom nie reg nie, ek kry swaar, ek het 'n gebrek, mense spot met my, ek het nie genoeg geld nie, ek vorder nie in my werk nie – ek is dom, ek kry dit nie reg nie*. Dit is die sorge en dit verstik die evangelie van die koninkryk van God. Jy is weer gebore, maar die sorge van die lewe is besig om jou geestelike lewe dood te maak. Of die rykdom en die genietinge van die lewe, *dit gaan met my net te goed*. *Ek het soveel vriende en so baie geleenthede en dit oorstroom van die voordeel van hierdie wêreld*. Ek verloor totaal belang in die koninkryk van God, *want ek is nie bereid om dit af te sterf nie – ek is baie ryk en ek het te veel goed*. Die dorings groei jou dood, die dorings doen dit – jy het nie 'n keuse nie.

Lukas 8:15 En wat in die goeie grond val—dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra.

Die saad val op goeie grond, jy hoor dit – dit is vir jou kosbaar, maar dit is jare wat jy moet volhard. Vir die res van jou lewe moet jy volhard, elke dag jou kruis opneem, nie net Sondag as jy kerk toe gaan nie, elke dag. Dit is egter nie net die goeie saaiers wat saai nie, maar daar is ook slegte saaiers wat ons weghou van die ewige lewe. Daar word nie net goeie saad in ons harte gesaai nie.

Matthéüs 23:13  Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie.

Wat staan hier? Daar is tussengangers tussen ons en die koninkryk van God wat voorgee dat hulle ons gaan help om die koninkryk in te kom. Hulle gaan self nie in nie en hulle verhoed dat ons ook ingaan. En wie is hulle? Skrifgeleerdes. Waarmee hou hulle ons uit die koninkryk van God uit? Met die Woord van God. Mens sal nou dink hulle sal die woord van die Satan gebruik, maar hulle gebruik die Woord van God om jou uit die koninkryk uit te hou. En hoe lyk hulle? Hulle is skynheilig, hulle is geveinstes.

Kyk hoe reguit is Yahshua, Hy sê dit nie vir die dissipels nie, hy sê dit vir hulle. Yahshua sê: *jùlle preek vir die mense en jùlle gaan nie die koninkryk in nie en jùlle hou die mense uit die koninkryk uit*. Hy sê dit direk vir hulle. Maar wee julle skrifgeleerdes en fariseërs, geveinstes, want julle sluit die koninkryk van hemel toe voor die mense, want julle gaan self nie in nie. En die wat sou ingaan? Wie is hulle? Dit is mense wat soek en mense wat sê: *red my! Is daar nie 'n Verlosser nie, is daar nie 'n God nie!*

Hierdie skrifgeleerdes en fariseërs kom na die mense toe en sê: *ja, ek sal jou help om daar in te gaan,* en hulle sluit die deur voor jou toe. Hulle sit jou in 'n kerker en sê: *dit is die weg na saligheid, bly net hier. Moet vir niemand luister wat jou hier wil uit vat nie* – En hulle sluit die koninkryk voor jou toe, jy gaan nie in nie. Daarom moet jy die koninkryk self, as persoon, met geweld bestorm – breek draai muur wat hulle om jou gebou het, daai kerker waarin hulle jou geplaas het en soek die weg na waarheid.

Afsluiting:
Vir ons is die evangelie van die koninkryk van God ‘n nuwe lewe, 'n ander lewe, 'n ander koninkryk, 'n ander uiteinde. Dit maak nie saak wat ons bereik het in hierdie lewe nie, want hierdie is 'n ander koninkryk. Of jy in hierdie koninkryk suksesvol is of totaal onsuksesvol is, of jy jou doelwitte bereik het of nie bereik het nie, of die lewe jou uitgespoeg het omdat jy nie presteer het nie, en of jy die hoogste sport bereik het, maak geen verskil nie. Wanneer ons deel word van die koninkryk van God, is ons ‘n nuwe skepsel. Al die ou dinge het verbygegaan en alles is nuut – dit is 'n ander koninkryk met 'n ander Koning. Dit is 'n ander orde en 'n ander heerskappy.

Die ryk man het gesê: *ek is tevrede met hierdie koninkryk, los my uit*. Die arm man sê: *asseblief, red my!* Vir ons wat dalk voel ons net niks hier bereik nie, alles wat ek my hand aan slaan is ‘n mislukking – dit is geen probleem vir die koninkryk van God nie. Jy hoef nie hier te presteer om aanvaar te word in die koninkryk van God nie – dit is 'n ander koninkryk. Dit is juis die wat hier swak presteer wat ‘n baie beter kans staan om die koninkryk van God in te gaan. Hoekom? Want jy het baie minder van jouself om te kruisig. As jy tevrede is met jouself en jy is trots op jouself en spog met jouself, jy roem op wat jy bereik het, het jy soveel meer om te kruisig – dit word dan soveel moeiliker. Dit is nie onmoontlik nie, maar dit is moeiliker.

Baie keer voel ons wat niks bereik nie, wat gespot word, wat op neergekyk word, *wie is ek?* Jy is die ou met die beter kans om die koninkryk in te gaan. Jy móét hierdie koninkryk verlaat. Dit is ons, die mens, en die koninkryk van God.

# Hoofstuk 3 – Die Koning kom met wraak …

Ons het nou gesien wat dit behels, dit is die evangelie van die herstel van die koninkryk van God, want dit het verkeerd gegaan. Vader het dit reg geskape, dit was volmaak en toe het dit verkeerd gegaan, maar die evangelie van die koninkryk sê vir ons hoe Hy dit herstel. Deel een het ons gekyk hoe dit verkeerd gegaan het, deel twee is ons aandeel in die koninkryk en hoe om deel te word daarvan. Nou, deel drie is: *die Koning kom met wraak*.

Ons dink baie keer in ons gedagte omdat die Skrif sê *soos julle hom gesien weggaan het so sal Hy terugkom,* gaan ons Hom enkel alleen daar op die wolk sien kom en dan gaan Hy maar net weer hier tussen ons wees.

Psalm 96:11 Laat die hemele bly wees en die aarde juig; laat die see en sy volheid bruis.
Psalm 96:12 Laat die veld juig en al wat daarin is; dan sal al die bome van die bos jubel
Psalm 96:13 voor die aangesig van die HERE; want Hy kom, want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in sy trou.

Die hele natuur is daarmee heen, ons lewens is daarmee heen. Ons is veronderstel om op 'n volmaakte aarde te leef, en dit is nie so nie – die skepping is vervloek. Yahweh sê Hy gaan dit regmaak, ons moet juig, laat die veld juig en al wat daarin is, dan sal al die bome van die bos jubel voor die aangesig van Yahweh, want Hy kom – Hy kom om die aarde te oordeel, dit is die volgende stap. Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in trou.

## Sy verlostes gaan Hom in die lug tegemoet voordat Sy wraak begin..

Hy kom met wraak, wat se wraak? Alles wat nou op die aarde aan die gang is, is in rebellie teen Hom. Yahweh word getart, Hy word uitgelok, Hy word bespot, toe Hy hier was het hulle Hom doodgemaak – hulle het Hom verwerp en gesê *dit is ons plek hierdie.* Nou kom Hy terug en ons moet verstaan hoe kom Hy terug en wat kom Hy doen. Dit is die evangelie van die koninkryk van Gód, nie die koninkryk van die mens nie. Wanneer Hy terugkom gaan Hy Sy koninkryk met geweld vat.

Die mense wat nou Sy koninkryk in besit geneem het, is onder heerskappy van die Satan en hulle weerstaan Hom, hulle hou nie van Hom nie, hulle wil Hom nie hier hê nie. Wanneer Yahshua kom gaan hulle Hom weerstaan, maar Hy kom absoluut in gereedheid vir hulle. Hy gaan Sy wraak op die aarde uitgiet, maar ons is op die aarde. Ons behoort aan Hom, gaan Hy dan sy wraak op ons uitgiet? Daar is baie misverstande in die toekomsverwagting van die gelowiges, en 'n groot ding wat mense pla is dit: as Hy nou kom en Hy kom Sy wraak uitoefen, gaan dit op ons wees? Daar is baie mense wat sê ons gaan “weggeraap” word dan gaan Hy sy wraak uitoefen – dit is 'n halwe waarheid, die grootste deel van dit is ‘n leuen. ‘n Halwe waarheid is 'n volkome leuen. Wat gaan gebeur?, want Hy gaan nie Sy wraak op sy kinders uitgiet nie.

Ons is nou in die groot verdrukking. Waar kom die groot verdrukking vandaan? Nie van Yahweh af nie, Hy verdruk ons nie. Dit is die wêreld heersers van hierdie tyd wat ons verdruk. As Hy kom gaan Hy sy wraak op die aarde uitgiet – dit is iets baie erger as dié verdrukking. Hy gaan nie Sy wraak uitgiet op Sy kinders nie, hoewel die verdrukking op Sy kinders is. Dit is die verskil tussen die twee, daar is 'n groot verdrukking waarin ons nou is en dan is daar die wraak van Yahshua met Sy koms – dit is twee verskillende dinge. As ons dit nie van mekaar onderskei nie, dan gaan ons dit nie verstaan nie.

Matthéüs 24:30 En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.
Matthéüs 24:31 En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Die mense op die aarde gaan rou bedryf, hulle gaan Hom nie verwag nie en hulle gaan nie bly wees om Hom te sien nie – hulle gaan hartseer wees, hulle gaan teleurgesteld wees, hulle wil Hom nie hê nie. Dit is maklik om te verstaan as ons die volgorde reg het – goed gebeur in ‘n sekere orde. Hierdie is die wederkoms van Yahshua, dit is nie die *“geheime”* koms nie, daar is nie ‘n geheime koms nie.

Met Sy wederkoms gaan Hy sy uitverkorenes bymekaar maak, Hy gaan Sy engele uitstuur en Hy gaan hulle bymekaar maak. Waar kom die verwarring in? Mense sê Hy kom hulle haal en vat hulle weg, en dan gaan Hy Sy oordele oor die aarde uitgiet. Hy gaan nie. Hulle gaan Hom in die lug tegemoet, en dan gaan hulle by Hom wees. Waar gaan Hy heen? Hy kom hiernatoe, aarde toe.

1 Thessalonicense 4:16  Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.
1 Thessalonicense 4:17  Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

Hy kom en almal sal hom sien, en dit gaan 'n groot gebeurtenis wees – Yahshua self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God. Die wat in Christus gesterf het sal eerste opstaan, dit is die wat lankal reeds dood is. Wat gaan gebeur met die wat reeds dood is as Yahshua kom? Hulle gaan óf opstaan of hulle gaan nié opstaan nie. Net die wat in Hom gesterf het gaan opstaan. Ons het reeds in afdeling 2 gekyk na die doop. Jy moet in die dood van Yahshua gedoop word, jy moet weer gebore word – Yahshua het dit uitgespel. Wanneer Yahshua kom op die wolke en jy is weer gebore, dan staan jy op uit jou graf uit. Die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan, daarna sal ons wat in die lewe oorbly saam met hulle in die wolke weggevoer word, Yahshua tegemoet, in die lug – so sal ons dan altyd by Yahshua wees, bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

As Yahshua van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel, is dit in geheim? Ek dink nie so nie. Almal sien Hom, almal hoor Hom, die grafte gaan oop en die mense wat uit die grafte uitkom gaan in die lug Hom tegemoet en die wat nog in die lewe is gaan Hom tegemoet – almal wat in Yahshua gesterf het. Dit is nie 'n geheim nie. Hy is op pad hiernatoe, ons gaan Hom in die lug tegemoet en Hy kom hiernatoe.

Goed, so Yahshua gaan kom en Hy gaan sy wraak op hierdie aarde uitgiet, maar nie op die wat in Hom gesterf het en aan Hom behoort nie.

Openbaring 7:2  En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig…

Wat kom dié engele doen? Hulle kom die aarde en die see beskadig. Bedink ons dit? Wat is ons verwagting wanneer Yahshua kom op die wolke? Wat dink ons gaan gebeur? Ek dink die meeste mense se denke is: Hy kom en Hy maak alles nuut, Hy herprogrammeer ons gedagtes en Hy vat ons hemel toe, maar dit is nie wat gaan gebeur nie. Hy kom aarde toe, Hy kom om die aarde en die see te beskadig. Wat doen die *groenes* vandag? Hulle wil net die aarde op pas, maar dit is verniet. Yahshua is op pad, Hy gaan die aarde brand.

Openbaring 7:3  en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.

Die eerste engel sê vir die vier engele om nie die aarde of die see of die bome te beskadig, voordat hulle nie die diensknegte van God op hulle voorhoofde verseël het nie. Dit is nou die derde getuie wat ons het wat sê Yahshua kom met wraak – moeilikheid vir die aarde, Hy kom die aarde beskadig, Hy kom die see beskadig, maar dié wat aan Hom behoort, gaan nie deel daarvan wees nie. Hy gaan hulle wegvat, na Hom toe. Waar gaan Hy wees? Op die aarde, Hy gaan nie weg nie, Hy kom hiernatoe – dit is die wederkoms. Soos wat Hy hier was die eerste keer, gaan Hy die tweede keer hier wees en die wat in Hom gesterf het, gaan by Hom wees op die aarde.

## Sy gevreesde en wraaksugtige koms.

Almal praat van Sy koms en ons gaan bly wees en ons roep Hom. As jy nie by Hom gaan wees, as jy Hom nie in die lug tegemoet gaan nie, dan is Sy wraak op jóú en dit gaan baie erg wees. Kom ons kyk hoe lyk die koms en wat gebeur met die koms. Onthou wat is Sy doel, Hy kom Sy koninkryk terugvat. Ons is besig met die evangelie van die koninkryk van God. Die koninkryk behoort nie nou aan Hom nie, ons bid *"laat U koninkryk kom"*. Hoekom? Want dit is nie hier nie. Sy koninkryk is nou reeds in ons harte, maar dit gaan letterlik oor die hele aarde gebeur.

Openbaring 6:12 is die sesde seël, daar is vyf seëls wat dit voorafgegaan het. Die eerste vier is die vier perde wat gehardoop het en die vyfde is die heiliges wat onder die altaar sit en sê *"wanneer gaan U ons dood wreek op die bewoners van die aarde?"*. Die sesde seël is die oordele.

Openbaring 6:12  En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;
Openbaring 6:13  en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval;
Openbaring 6:14  en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit;
Openbaring 6:15  en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,
Openbaring 6:16  en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons…

Wat is hier aan die gang? Waarvoor is die mense dan nou so bang? Ons kan sien dit is vreesaanjaend. Dit is só erg dat hulle sê "*berge val op ons en verberg ons".* Nou waar het jy al gehoor iemand sê 'n berg moet op hom val? As jy 'n bergpas ry en sien daar is 'n rotsstorting en hier kom hierdie klomp klippe af en jy sien hulle gaan my toeval, wat gebeur met jou? Jy probeer vlug! Hierdie mense sê ek vlug vir U so erg, dat ek wil hê die berge moet op my val. Waarvoor vlug hulle?

Openbaring 6:16  en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam;
Openbaring 6:17  want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?

En dit is Sy wederkoms. Daar is twee groepe mense, die wat Hom in die lug tegemoet gaan gaan en die wat op die aarde agterbly, wat nie saam met Hom terugkom nie – en hulle sê: *"dit is te verskriklik, kan die berge nie maar op my val nie, want ek vrees Hom wat op die troon sit, want die groot dag van sy toorn het gekom en wie kan bestaan".*

Hoekom is Hy so kwaad? Want vir ses-duisend jaar is Sy koninkryk geroof, en Hy kom dit vat.

Een van die geheime van Openbaring is, dit herhaal dieselfde gebeurlikheid 'n paar keer, en ons sien dit nie, ons dink elke keer dit praat van iets anders. In Openbaring ses is gepraat van die wederkoms en in negentien weer.

Openbaring 19:11  Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

Dit is Yahshua. Wat is ons verwagting? Baie van ons het hierdie al gehoor en ek herhaal dit baie – ons kan dit nie genoeg herhaal nie, want ons is gebreinspoel met 'n alternatief. Ons is al die jare geleer ons gaan hemel toe en hierdie aardse skepping was nou maar net 'n mislukking en Vader los dit net agter, maar die evangelie van die koninkryk sê *nee.* Hy doen nie mislukkings nie, Hy kom herstel, en oorlog is deel van hierdie herstel.

Openbaring 19:12  En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.
Openbaring 19:13  En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.
Openbaring 19:14  En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.
Openbaring 19:15  En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.

Die prentjie wat ons nou sien is Hy kom, maar dit is nie 'n goeie gebeurtenis nie. Vir sommige mense is dit 'n goeie gebeurtenis, hulle gaan dit vryspring, maar die ander gaan sê *berge val op my, ek wil net nie naby Hom kom nie.* Hier sien ons hoe Hy beskryf word, vreesaanjaend. Toe Johannes Openbaring geskryf het, daar in die begin van Openbaring, lees ons dat Yahshua aan hom verskyn het, maar nie so in wraak nie. Hy verskyn in sagtheid en in liefde aan Johannes, want Hy ken Johannes persoonlik en Johannes ken Hom persoonlik. Maar Johannes val voor Sy voete soos 'n dooie. Dit is Yahshua wat hy 'n rukkie terug nog mee gewandel het.

En nou as Hy kom, kom Hy in wraak, en dit is hoekom die mense gaan sê "*berge val op my, ek wil Hom net nie eens sien nie, ek wil Hom nie aanskou nie, ek gaan dood van vrees".* Hoekom herhaal ek dit so baie, hoekom herhaal die Skrifte dit so baie? Sodat ons moet weet dit is hoe dit gaan wees as Hy kom. Moet nie dink dit is *"little jesus meek ans mild"* nie, daar bestaan nie so 'n iemand nie.

## Die wraak en oordeel van Yahshua se koms.

Openbaring 8 gee dit vir ons puntsgewys van wat gaan gebeur, maar ons sien dit nie. Dit is *openbaring*. Hy sê ek maak dit vir jou oop, ek maak My koms vir jou oop. Vir die meeste van ons is "*toebaring"*, ons sien niks, dit is 'n raaisel – ons lees daar in en ons verstaan niks.

Openbaring 8:6  En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas.

Elke basuin wat hy blaas is 'n betekenis, en die eerste engel het geblaas en hier is die betekenis van die eerste engel:

1. Openbaring 8:7  En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.

   Dit is 'n slegte ding wat gaan gebeur. Dit word herhaal in Openbaring 16:2.

   Openbaring 16:2  Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het.

   Dit is dieselfde gebeurtenis wat twee keer beskryf word. Die eerste beskrywing het engele wat blaas op basuine, die tweede beskrywing het engele wat skale uitgooi. Daai skaal is net 'n bak, en hy gooi die bak uit – dit is die bak met die wraak van die Almagtige. Die eerste beskrywing praat van die bome en gras wat gebrand het. Die tweede beskrywing sê kwaai en bose swere het aan die mense gekom. Dit is iets wat letterlik gaan gebeur. As Yahshua terugkom en jy is nie by hom nie, is dit wat gaan gebeur. Die bome het gebrand, dit is die natuur. Die natuur het groot skade gekry. Die tweede beskrywing sê daar het swere aan die mense gekom, dit beteken dit is nie baie gesond nie. Verwag dit, dit is die eerste oordeel van God.

2. Openbaring 8:8  En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword,
   Openbaring 8:9  en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.

   Die eerste engel het die natuur getref en die tweede een het die see getref. Nou stel jou voor jy bly op die aarde en Yahshua het gekom (onthou Hy is nie alomteenwoordig nie) jy hòòr Hy het gekom, maar jy was nie saam met die ander wat Hom tegemoet gegaan het in die lug nie. Nou skakel jy die televisie aan en die nuus sê hier gebeur verskriklike goed op die aarde, die natuur is aan die brand – dan begin hulle sê: ja, maar dit is die rede en dat is die rede, dit is 'global warming' en wie weet nie wat alles nie, en intussentyd is dit Yahshua. Dan skielik is daar iets in die see. Hoe is dit?

   Openbaring 16:3  En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe.

   Die eerste beskrywing was: die see het bloed geword en 'n derde van die lewende skepsels in die see het gesterwe en 'n derde van die skepe het vergaan. Die skepe is nog daar, maar ons sukkel om dit te bedink. Yahshua kom en skeepvaart bestaan nog. Mense dryf nog handel nadat Hy gekom het – en dan is daar hierdie tragedie in die natuur en dan is daar ook hierdie tweede tragedie op die see.

3. Openbaring 8:10 En die derde engel het geblaas, en ‘n groot ster wat soos ‘n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op ‘n derde van die riviere en op die waterfonteine.
Openbaring 8:11 En die naam van die ster word genoem Alsem; en ‘n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het.

Sien dit letterlik, jy bly agter, jy is nie een van die wat Hom in die lug tegemoet gegaan het nie. Die natuur brand, die gras brand, die bome brand, dan is daar hierdie tragedie in die see en die skepe vergaan, die visse vrek – en dan gebeur daar iets met die varswater. Mense drink daai water en gaan dood daarvan.

Openbaring 16:4 En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword.
Openbaring 16:5 En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het;
Openbaring 16:6 want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien.
Openbaring 16:7 En ek het ‘n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele.

Hoe het die water bitter geword? God het dit bitter gemaak, maar dit is regverdig. Dit is hoekom dit die wraak van God is, hulle het dit verdien – jy kry jou verdiende loon. Wie kry dit nie? Die wie se sonde vergewe is, dit is al. Die res is blootgestel aan hierdie wraak. Dit is ‘n baie slegte tyd, dit is ‘n tyd van benoudheid.

4. Openbaring 8:12 En die vierde engel het geblaas, en ‘n derde van die son is getref en ‘n derde van die maan en ‘n derde van die sterre, sodat ‘n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so.

Dit is die volgende ding wat getref gaan word: die son, maan en sterre. Ons dink dit het niks met ons te doene nie, dit is daar ver. As die son ‘n derde van die dag nie skyn nie, wat gaan gebeur? Dit gaan nogal koud word… Of as hy te veel skyn, dan gaan dit nogal warm word…

Openbaring 16:8 En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei.
Openbaring 16:9 En die mense is geskroei met ‘n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie.

Wat is die gevolg? Hulle praat van ‘global warming’. Satan het ook Openbaring gelees en diè gedagte in hulle koppe gesit. Dit is oppad, maar dit is nie ‘global warming’ nie, dit is Vader self wat dit doen. Hierdie dinge gebeur en hulle bly sê *nee dit is dit en dit is dat, daar is nie 'n God nie, hierdie persoon wat met hierdie groot krag en heerlikheid gekom het is nie Hy nie, Hy is die bedrieër, Hy is die misleier, Hy is ‘n “alien”,* wat ookal hulle gaan sê – hulle het hulle nie bekeer nie. Die goed gebeur en hulle bekeer hulle nie.

Openbaring 8:13 En ek het gesien en gehoor ‘n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met ‘n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!

Openbaring 8:13 sê dit wat nou gebeur het, is niks nie, die ergste kom nog – *wee…*

5. Openbaring 9:1 En toe die vyfde engel blaas, sien ek ‘n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee.
Openbaring 9:2 En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van ‘n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.
Openbaring 9:3 En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die

skerpioene van die aarde mag het.
Openbaring 9:4 En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie.
Openbaring 9:5 En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van ‘n skerpioen wanneer hy ‘n mens steek.
Openbaring 9:6 En in dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle wegvlug.

Dit is hoekom die engel het gesê het “*wee*” vir die volgende engele. Wat gebeur hier? Die vyfde engel blaas en ‘n ster val uit die hemel op die aarde, en die ster kry die sleutel van die put van die afgrond en hy maak die put van die afgrond oop – daar is goed daar binne wat moet uit. Die rook verduister die son, en uit die rook kom hierdie klomp sprinkane wat nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar hulle moet net al hierdie mense beskadig – hulle moet die mense beskadig wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie. Wie het die seël van God op hulle voorhoofde? Die wat in Yahshua gesterf het. Daar is net twee groepe, dié wat aan Hom behoort by Sy koms en dié wat nie aan Hom behoort nie.

Baie mense wil hier in hierdie seël iets gaan inlees wat daar nie bestaan nie – hulle sê ons moet nou 'n spesiale seël kry. Dit is nie dit nie. Jy behoort aan Yahshua, of jy behoort nie aan Yahshua nie. As jy nie aan Yahshua behoort nie, is jy uitgelewer aan hierdie wesens – en wat doen hulle? Hulle gaan jou pynig, vir vyf maande lank. So, die doel is net om die mense seer te maak, hulle mag nie doodgemaak word nie, maar dit is vrek seer en jy kan wegkruip waar jy wil, hulle kry jou. Hulle vind jou en hulle maak jou seer, hulle pynig jou. Dan gaan die mens smag na die dood – daai goed kry hulle elke keer, vir vyf maande lank…

Openbaring 16:10 En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn;
Openbaring 16:11 en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie.

Die troon van die dier? Wie is die dier? Dit is die dier wat namens die Satan regeer. Waar kry ons hom? In die Vatikaanstad – dit is godsdiens, dit is die alternatiewe evangelie, dit is die ander christus – die antichris. En hierdie plaag, hierdie wesens wat uit die aarde uitkom en hulle pynig, word op hóm uitgegiet. Openbaring 16:10 is net ‘n ander beskrywing van Openbaring 9:1-6. Die vyfde engel van Openbaring 16:10 is dieselfde engel van Openbaring 9:1-6, net 'n ander beskrywing.

Ten spyte van die vyfde engel bly hulle God laster en weier om hulself te bekeer. Hulle bly in opstand en hulle sê *ons sal nie luister nie, ons sal ons nie onderwerp nie*. Yahshua se doel is om Sy koninkryk te vat en hulle sê *dit is ons s’n, maak 'n ander plan, maar ons sal in rebellie bly teen U*. Hulle het hulle nie bekeer van hulle werke nie.

6. Openbaring 9:13 En die sesde engel het geblaas, en ek het ‘n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is,
Openbaring 9:14 en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat.

Toe ons begin het, het ons gelees van die vier engele wat Hy gestop het en gesê het om eers te wag todat die wat aan Yahshua behoort, gehaal is. Hulle moes eers bymekaar kom, maar hulle is nou bymekaar en Yahshua sê hulle moet losgelaat word.

Openbaring 9:15 Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar *(dit is 'n spesifieke tyd, maar dit kom al baie lank)*, om ‘n derde van die mense dood te maak.
Openbaring 9:16 En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tien duisend maal tien duisend; en ek het hulle getal gehoor.

Nou wat sien ons hier? 'n Weermag. Ons is by die Eufraatrivier en hier is 'n weermag. Weet ons waar is die Eufraat? Dit is nie baie moeilik om te weet waar die Eufraat is nie. Sal ek maar sê dit is waar ons beskawing begin het? Waar Abraham vandaan kom? En dit is waar die einde weer gaan wees...

Openbaring 9:17 En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan.
Openbaring 9:18 Deur hierdie drie plae is ‘n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het;
Openbaring 9:19 want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan.
Openbaring 9:20 En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie.
Openbaring 9:21 En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.

As ons nou hier in Openbaring 9 lees, dan sien ons dit is 'n weermag en ons sien hierdie weermag het 'n derde van die mense doodgemaak, maar wat gebeur hier? Die voordeel wat ons het, of die lekker wat ons het, ons het 'n tweede getuie. Ons lees nou van die sesde engel in Openbaring 9 en dan sien ons dit is 'n oorlog, maar wat is hierdie oorlog? Daar is 'n herhaling in Openbaring 16 van die sesde engel, dieselfde gebeurtenis. Kom ons sit die twee bymekaar en dan kyk ons wat ons sien.

Openbaring 16:12 En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word.

Dit is dieselfde gebeurtenis, die Eufraat, die vier engele wat uitgestuur en losgelaat is by die Eufraat, en nou sien ons hier dat die sesde engel sy skaal uitgegooi het op die Eufraat, die groot rivier.

Openbaring 16:13 En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom.
Openbaring 16:14 Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God.

Die doel van hierdie vals profeet is om na die konings te gaan om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God. Oorlog? Met die vorige getuienis van die engel het ons gesien hoe groot hierdie oorlog is, nou sien ons hoe is hierdie vir oorlog bymekaar gemaak word. Die vals profeet het uitgegaan na die konings van die aarde en gesê *julle moet kom oorlog maak*.

Openbaring 16:15 Kyk, Ek kom soos ‘n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.
Openbaring 16:16 En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon.

So, wat is die sesde engel? Dit is die slag van Armagéddon. Die eerste engel is ná die koms van Yahshua, en die sesde engel is ná die koms van Yahshua. Die slag van Armagéddon is ná die koms van Yahshua. Hoekom? Want dit is die weermagte van die aarde wat deur hierdie vals profeet bymekaar gemaak is om oorlog te maak teen Yahshua – dit is die slag van Armagéddon. Dit is eintlik maklik as ons die volgorde reg het. Die meeste dink Armagéddon gaan wees wanneer China en Rusland oorlog gaan maak teen Europa en Amerika. Daai oorlog is net mense wat mekaar skiet. Die slag van Armagéddon is die mense van die aarde wat sê *ons het nou genoeg gehad van hierdie “Persoon” wat homself Yahshua noem, wat vir ons al hierdie skade veroorsaak. Ons gaan al ons weermagte bymekaar kry en ons gaan teen Hom oorlog maak*, en dit is die slag van Armagéddon – dit is die sesde engel.

Joël 3:9 Roep dit uit onder die nasies, heilig ‘n oorlog! Wek die helde op, laat al die krygsmanne nader kom, opruk!
Joël 3:10 Smee van julle pikke swaarde en van julle snoeimesse spiese; laat die swakke sê: Ek is ‘n held.
Joël 3:11 Haas julle en kom aan, alle nasies rondom, en versamel julle. Laat u helde, HERE, daarheen aftrek!
Joël 3:12 Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van Jósafat; want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom.

Die dal van Jósafat is waar die slag van Armagéddon gaan plaasvind. Vader doen niks tensy Hy dit nie deur Sy profete gesê het nie, en kyk hoe mooi is hierdie vervulling. As Vader in die profete van Homself praat, as Hy praat van Hy gaan Babilon vernietig, dan doen Hy dit deur iemand. Iemand trek op en vernietig Babilon, en dit is die Mede en Perse, maar Hy sê dit is EK wat dit doen. Dan sê Hy iemand gaan die Mede en Perse vernietig, en dan is dit die Grieke. Maar hierdie, die slag van Armagéddon wat in die dal van Jósafat gaan plaasvind, gaan Hy letterlik self wees – en dit is die mooi van die vervulling. Vader is op die aarde in die vlees, en ons noem Hom Yahshua, dit is Yahweh in die vlees. As die nasies optrek na die dal van Jósafat, wie kry hulle daar? Joël 3:12 B – *want daar sal <u>Ek</u> sit om gerig te hou oor al die nasies rondom.* Dit is Hy wie hulle 2000 jaar terug doodgemaak het – hulle trek op na die dal van Jósafat en hulle kry Hóm daar.

Joël 3:13 Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom trap, want die parskuip is vol, die kuipe loop oor! Want hulle boosheid is groot.
Joël 3:14 Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want naby is die dag van die HERE in die dal van beslissing!
Joël 3:15 Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in.
Joël 3:16 En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal ‘n toevlug wees vir sy volk en ‘n skuilplek vir die kinders van Israel.

Te midde van hierdie geweldige oorlog het ons nog steeds 'n keuse waar ons gaan wees. Waar gaan jy veg? Die wat Hom in die lug tegemoet gaan, gaan in 'n oogwink verander word deur 'n nuwe liggaam te kry, 'n verheerlikde liggaam, ‘n magtige liggaam, 'n bonatuurlike liggaam.

Nou gebeur hierdie oorlog, en moet nie die oorlog onderskat nie – kyk net na die wapenrusting wat nou al beskikbaar is vir die mens. Ek weet nie hoeveel mense is bewus daarvan nie, maar hulle kan nou met laser skiet. Hulle het bote wat op die see vaar wat hierdie instrument op het, en dit kan ‘n laser projekteer en hy laat die ding ontplof wat hy skiet. Ons dink nog aan skiet met gewere. “Drones”, ‘n magdom van “drones”, atoomwapens, kernwapens. Ons is op die pad van “hybrids”, dit is nou mens aan 'n masjien, en mense gaan bonatuurlike vermoëns hê deur meganiese arms en bene te hê met 'n brein wat gekoppel is op die internet. Hulle gaan self magtige wesens wees, jy gaan hulle nie met ‘n haelgeweer skiet nie.

Hierdie oorlog gaan 'n ander oorlog wees, maar as jy Yahshua in die lug tegemoet gaan, kry jy 'n verheerlikte liggaam en jy word 'n soldaat in Sy weermag. Jy baklei saam met Hom in hierdie oorlog, jy is aan Sy kant. Dit is 'n oorlog waarin almal betrokke gaan wees, dit is nog net jou keuse op hierdie stadium aan watter kant jy betrokke gaan gewees – jy kan saam met Hom deel van Sy magtige oorlog wees, een van Sy soldate. Hoe? Deur nou deel te word van Sy koninkryk, deur hierdie koninkryk af te sterf en Sy koninkryk met geweld te bestorm.

In die dae van die toring van Babel het God gesê: *nou sal niks meer vir hulle onmoontlik wees nie*. Ons is weer by die toring van Babel, op die punt waar niks meer onmoontlik sal wees nie – dit is hoekom ek sê: *moenie hierdie oorlog onderskat nie, die grootste oorlog ooit…* Yahshua gaan natuurlik die oorlog wen, dit is 'n uitgemaakte saak.

7. Openbaring 11:15 En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

Hierdie is die afsluiting van die evangelie van die koninkryk van God, die uiteinde, maar kyk wat vat dit van waar ons nou trek tot by die sewende engel. Dit is die klimaks van die eeue, dit is die hoogste punt wat die grafiek sal opgaan, dit is nou, dit is voor die deur. Ons beleef dit en ons sien dit.

Die wêreldmagte wat nou oorlog maak, se doel is nuwe wapentuig. Hoekom wil hulle die oorlog in die Oekraïne nie stop nie? As jy praat van vrede dan wil hulle jou doodmaak. Oekraïne het nie meer mense om te stuur vir die oorlog nie, maar hulle sê ons sal nie oor vrede praat nie. Hoekom? Wat doen die res van die wêreld? Hulle stuur vir hulle wapens. Om wat mee te maak? Om opgeblaas te word. Hulle sit 'n tenk daar neer dan skiet die Russe hom, en dan sit hulle 'n nuwe tenk daar neer en dan skiet die Russe hom. Wat doen hulle in die agtergrond? Hulle stuur biljoene dollars vir Oekraïne. Om wat mee te doen? Om wapens mee aan te koop. Waar gaan daai geld heen, gaan dit nou Oekraine toe? Nee, dit gaan na die fabrieke toe wat wapens maak. Hoekom? Die slag van Armagéddon is voor die deur, en daar is wapens nodig vir dit. Nie ou wapens wat met koeëls skiet nie, moderne wapens wat die Lam kan skiet, wat mense met verheerlikte liggame kan skiet. Die Satan weet dit, en dit is waaroor dit gaan.

Elke oorlog nou is die uitfasering van ou wapentuig en die infasering van nuwe wapentuig. Al die lande se begrotings vir wapens is net meer en meer en meer, want daar kom 'n geweldige oorlog. So, tussen nou en die sewende engel gaan al hierdie dinge gebeur.

Lees weer Openbaring 11:15. Die koninkryke van die wêreld is nie nou die eiendom van Yahshua nie, dit vat al hierdie engele se skale en trompette vir dit om te kan gebeur. Die laaste ding wat gebeur, is die oorlog en as die oorlog gebeur het, dan het die mense op die aarde niks meer om Yahshua mee te weerstaan nie, want tot op daai stadium dink hulle *ons het wapens, ons is sterk ons kan Hom wen,* maar dan wen Hy – dan het die koninkryke van die wêreld die eiendom van Yahshua geword. Hy sal dan as koning heers tot in alle ewigheid. Dan begin Sy koningskap in Sy koninkryk en dit hou nooit weer op nie.

Openbaring 16:17 En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby!

En dit is klaar... Die evangelie van die koninkryk van God het in vervulling gegaan, dit is verby – Hy is nou die Koning, die heerskappy het na Hom teruggegaan.

Openbaring 19:16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

Wanneer gebeur dit? Ná die slag van Armagéddon, dit is die sewende skaal wat uitgegooi word. Hy is die Koning van die konings. Die ander konings is almal wat Hom in die lug tegemoet gaan met Sy koms. Hy bly op die aarde en die aarde is chaoties. Ons het gesien die see is chaoties, die natuur is chaoties, die son is chaoties – as gevolg van die wederkoms, maar nou gebeur die herstel. Hierdie is die begin van die herstel van die koninkryk op aarde, Hy gaan dit regmaak. Hy het die koningskap gevat, maar die koninkryk is nog in chaos.

Romeine 14:11 Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.

Wanneer gaan dit gebeur? Na die sewende engel, want tot op daardie stadium weerstaan almal Hom en sê: *nee, òns is gode, òns is mense, òns kan enigiets doen,* maar na Armagéddon sê hulle: *ons kan nie*, en dan buig elke knieg voor Hom. Hierdie is nie bekering nie, hierdie is nie *word deel van Sy uitverkorenes* nie, dit is elke knieg buig – maak nie saak wie jy is op die aarde nie, jy sê: *ek luister net vir U – U woord is waarna ek luister. As U sê ek moet dit doen, dan doen ek dit.* En dit is Sy regering op die aarde. Hy is Koning op die aarde oor al die nasies wat *nou-die-dag* nog teen Hom in opstand was, wat nou die knieg buig as gevolg van Armagéddon – en Hy regeer met 'n ysterstaf. As Sy regering 200 jaar aan die gang is en iemand rebelleer teen Hom, wat doen Hy met hom? Hy maak hom dood – dit is net wat Hy doen, en daarom rebelleer niemand teen Hom nie.

Ons het nou hier gelees van die engel wat die soldate roep om te kom oorlog maak en dan sê hy *julle moet van julle snoeimesse swaarde maak en van julle pikke moet hulle spiese maak – kom vir die groot oorlag*. Dan gebeur die oorlog en daarna is Yahshua Koning. Dan vat jy daai spies en jy maak van dit 'n snoeimes – ons gaan nou herstel.

Ons kan nog besluit aan watter kant ons is. Gaan jy sê *berge val op my* of jy gaan sê *ek het U lank verwag?* Jy gaan dit nie net kan sê nie, dit gaan net uit jou uitkom. Jy gaan absoluut vreesbevange wees en sê *berge val op my*, of jy gaan sê *ek het U lank verwag,* en jy gaan Hom in die lug tegemoet gaan. Wat is die verskil? Aan wie behoort jou hart? As jou hart aan hierdie wêreld behoort, as hierdie jou koninkryk is en die Koning van die ander koninkryk kom hier aan, dan gaan jy in vrees verval. As jy in hierdie koninkryk lewe, maar jou hart is in Sy koninkryk en jy behoort nie aan hierdie koninkryk nie, jy worstel elke dag deur en jy sê *laat U koninkryk kom* en Hy kom op die wolke, dan gaan jy sê *ek het U lank verwag*. Dit is nog ons keuse, ons is nog by die tyd wat ons kan kies – ons moet net die regte keuse maak.

*Rom 11:33  o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!*
*Rom 11:34  Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?*
*Rom 11:35  Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?*
*Rom 11:36  Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

# Hoofstuk 4 – Die regering van Yahshua en Sy koninkryk…

Die groot ding wat ons moet doen en dit waarvoor ons ons moet beywer, is dat hierdie nie net kennis in ons hart is nie, maar dat dit ons hele wese verander. Dit moet vir ons 'n werklikheid wees. Ons beplan vooruit. Ons beplan vir ‘n vakansie en ons beplan vir wanneer ons kinders skool toe gaan en ons beplan vir wanneer ons kinders uit die skool uitkom en ons beplan vir wanneer ons aftree, ons beplan vooruit – maar as dit kom by die koninkryk van God dan beplan ons nie. Dan is dit altyd daar ver, dit is net daai kennis en dit word nie deel van ons wese nie.

Een van die grootste redes vir dit is, is dat die bewoording wat mense gebruik om dit aan ons te vertel verkeerd is en is nie net geestelike taal nie, maar ook in die fisiese. Mense praat van die einde van die wêreld. Nou ook, as jy nuus kyk en so aan dan sê hulle *as wêreldoorlog vier uitbreek, is dit die einde van die wêreld*. Die wêreld kan nie eindig nie, dit bestaan tot in ewigheid. God het hom gemaak as 'n ewige koninkryk, 'n ewige hemel. Die wêreld gaan net oor na 'n volgende koninkryk, en dit is wat ons nou gaan sien. Dit moet vir jou ‘n werklikheid word om te besef daar nie 'n einde is nie. Wanneer Yahshua kom, dan kom Hy met wraak, maar daar is nie 'n einde nie. Mense verwag ons gaan hemel toe. Hulle verwag Hy gaan ons kom haal ons gaan saam met Hom hemel toe. En die aarde? Gaan ons dan maar net daarvan vergeet en dit op die ashoop gooi? Dit is nie wat gaan gebeur nie, Yahshua kom hiernatoe.

Ons gaan nou kyk na die verskillende koninkryke van die beeld van Daniël. Die laaste koninkryk is die Romeinse Ryk. Ons is nog steeds onder die Romeinse Ryk – dit is die voete van yster en klei. En ná daai koninkryk, kom 'n volgende koninkryk en dit is Yahshua se koninkryk. Dit is wat ons moet snap, ons moet dit sien.

Ons leef nou aan die einde van die Romeinse Ryk. Baie mense sê dat die Romeinse Ryk lankal geëindig – dit het nie, want die beeld van Daniël sê vir ons die Romeinse Ryk is die laaste Ryk. Ons is nou aan sy einde – en as hy stop, wat gaan gebeur? Dit is dan nie die einde van die wêreld nie, dit is die begin van die vólgende koninkryk, en dit is Yahshua se koninkryk. Ons moet onsself voorberei vir dit. Ons berei onsself voor vir baie dinge, maar ons moet ons voorberei vir dit.

Lukas 19:12 Hy het dan gesê: ‘n Man van hoë geboorte het na ‘n ver land gereis om vir homself ‘n koningskap te ontvang en dan terug te kom.

Die Man van hoë geboorte is Yahshua. Hy praat hier met Sy dissipels oor Sy koms en oor die tekens van die einde en oor Jerusalem, oor die goed wat gaan gebeur – en dan praat Hy hier oor Homself.

Hy het na 'n ver land gereis. Waar is dit? Hy het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van die Vader. Hy is daar om vir Homself 'n koningskap te ontvang en dan kom Hy terug. Dit is iets wat ons in ons hart moet inskryf – Hy kom terug. Dit is vir ons so ver. Ons word groot met die begrippe, maar dit word nooit deel van ons denke en van ons wese nie.

Lukas 19:13 En nadat hy tien van sy diensknegte geroep het, gee hy hulle tien ponde en sê vir hulle: Dryf handel daarmee totdat ek kom.

Hier is iets wat moet gebeur. Wie is die diensknegte? Ons is die diensknegte – ons sê dit en ons bely dit. En wat moet ons doen? Moet ons net wag, of het ons werk? Hy gee vir elkeen ‘n pond en sê vir hulle om handel te dryf daarmee todat Hy kom.

Lukas 19:14 Maar sy medeburgers het hom gehaat en ‘n gesantskap agter hom aan gestuur om te sê: Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie.

Dit is wat nou gebeur, dit is waar ons nou trek – ons, Sy diensknegte, het nou elkeen 'n pond gekry om mee te werk. Dan is daar medeburgers – dit betken Hy was ‘n burger van hierdie aarde gewees, Hy was hier – nou gaan Hy Sy koningskap ontvang en dan kom Hy terug. Nou is hier mense wat sê ons wil Hom nie as Koning hê nie. Hulle wil nie hê Hy moet terugkom nie.

Lukas 19:15 En toe hy terugkom, nadat hy die koningskap ontvang het, sê hy dat daardie diensknegte aan wie hy die geld gegee het, by hom geroep moes word, sodat hy kon weet wat elkeen met handel verdien het.

Dit is ons. Óf jy is ‘n dienskneg, óf jy is een van die wat sê ek wil Hom nie hier hê nie. As jy die dienskneg is dan moet jy weet, jy het geld ontvang waarmee jy moet handeldryf. Dan wonder ons *o my goeiste, wat moet ons doen? Moet ek 'n kerk bou, moet ek 'n weeshuis aan die gang kry, wat moet ek doen?*

Lukas 19:16 En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak.
Lukas 19:17 En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede.

Hierdie gaan oor die koningskap van Yahshua. Hier is medeburgers en party sê *ons wil Hom nie as Koning hê nie* en ander sê *dit is reg, ek dien U, ek is ‘n dienskneg, gee vir my die pond en ek sal iets daarmee doen.* Hierdie eerste dienskneg het tien ponde verdien, en wat gebeur met hom? Hy word oor tien stede aangestel. Hy word 'n mede-regeerder. Hierdie is letterlik. Wanneer Yahshua terugkom is Hy Koning en Sy diensknegte gaan saam met Hom regeer. Jou naam word nie getrek uit ‘n hoed en dan regeer jy nie, ons het elkeen 'n pond gekry – dit is 'n vermoë. Ons het ‘n vermoë gekry van Yahshua om vir Hom te werk, en wat doen ons met dit? Hierdie persoon het tien ponde verdien en Yahshua sê *jy is 'n getroue dienskneg, jy moet saam met My regeer,* en Hy stel hom oor tien stede aan.

Lukas 19:18 En die tweede kom en sê: Meneer, u pond het vyf ponde verdien.
Lukas 19:19 En hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor vyf stede.
Lukas 19:20 En ‘n ander een kom en sê: Meneer, hier is u pond wat ek in ‘n doek weggesit het;
Lukas 19:21 want ek was bang vir u, omdat u ‘n strawwe man is; u neem weg wat u nie uitgesit het nie, en maai wat u nie gesaai het nie.
Lukas 19:22 Toe sê hy vir hom: Uit jou mond sal ek jou oordeel, slegte dienskneg! Jy het geweet dat ek ‘n strawwe man is wat wegneem wat ek nie uitgesit het nie, en maai wat ek nie gesaai het nie.
Lukas 19:23 Waarom het jy dan nie my geld aan die wisselaars gegee nie? Dan kon ek dit by my koms met rente ingevorder het.
Lukas 19:24 En aan die wat daarby staan, sê hy: Neem die pond van hom weg en gee dit aan hom wat die tien ponde het—
Lukas 19:25 en hulle sê vir hom: Meneer, hy het tien ponde
Lukas 19:26 want ek sê vir julle: Aan elkeen wat het, sal gegee word, maar van hom wat nie het nie, sal weggeneem word ook wat hy het.
Lukas 19:27 Maar daardie vyande van my wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie, bring hulle hier en slaan hulle voor my dood.

Wat dié vir ons sê is, jy gaan saam met Yahshua regeer of jy gaan nie. Die diensknegte gaan saam met Hom regeer, mits hulle nóú in Sy koninkryk werk. As jy nie in Sy koninkryk werk nie, gaan ook van jou weggeneem word dit wat jy dink jy het. En die vyande van Yahshua? Hulle vier vandag hoogty, hulle is die base van die wêreld. Hulle is dié wat sê daar is nie God nie, hulle is dié wat 'n bespotting van Hom maak. Hoekom? Hulle wil Hom nie as God hê nie, want hulle het reeds 'n god en daai god is hulleself. Hulle is humaniste. Wat gaan met hulle gebeur? Yahshua gaan letterlik terugkom en die wat Hom nie as Koning wou gehad het nie, gaan voor Hom dood geslaan word.

Jy is 'n dienskneg wat jou werk doen en daai werk is in die koninkryk van Yahshua. Ons kan nie self besluit wat die werk is nie. Jy kan nie sê *ek is 'n atleet vir Jesus nie.* Wat gaan jy daardeur bereik? Nou wen jy ‘n goue medalje’tjie en sê *dit is ‘n goue medalje’tjie vir Jesus.* Wat moet Hy daarmee maak? Jy is nutteloos, jy moet in Sy koninkryk werk. Yahshua kom hieratoe om Sy koninkryk hier te vestig en wat is Sy verwagting van ons, wat moet ons doen? *Gaan dan heen en maak dissipels.* Ons moet dissipels maak. Nou, ons is nie almal mond nie. Party van ons is oor en party is neus, ander is weer voete – ons het elkeen ons deel in die liggaam, maar jy moet jou deel in die liggaam doen.

Jesaja 9:5 Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors—
Jesaja 9:6 tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen.

Ons is besig met die regering van Yahshua, die koningskap van Yahshua. Jesaja 9:5 is profeties van Yahshua en hierdie woorde is so bekend aan almal, maar hulle lees dit met kersfees en ons sien nie wat daar staan nie. Yahshua word gebore op die aarde en die heerskappy is op Sy skouers. Nou weet ons die verwagting was in Sy tyd, soos Sy dissipels ook aan Hom gevra het *wanneer gaan U die koningskap van Israel herstel?* Yahshua sê dit kom julle nie toe om dit te weet nie. Dit is nou nog nie herstel nie, maar dit gaan vir seker herstel word. Die heerskappy is op Sy skouers en Hy is die een wat gaan heers en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God. Die Kind wat gebore is in Bethlehem is Sterkte God – daar is net een God, en dit is Hy, Hy is die Ewige Vader. Enige iemand wat wonder of Hy God is, dit is die Ewige Vader wat vlees word en hier kom regeer, letterlik as 'n mens met 'n menslike liggaam. Hy is Vredevors, want Hy is Koning van vrede.

Hierdie saak gaan gebeur, want die ywer van Yahweh van die leërskare sal dit doen. Die trein gaan ry – as jy op die trein is, gaan jy saam en as jy nie op is nie, ry dit sonder jou, maar ry gaan hy ry. Hoekom? Want die ywer van Yahweh van die leërskare sal dit doen. Ons opinies, ons leringe, ons organisasies wat ons stig, ons oortuiginge – jy kan die hele wêreld oortuig van iets anders – gaan niks bereik nie.

Lukas 1:28 En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue.
Lukas 1:29 En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken.
Lukas 1:30 En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind.
Lukas 1:31 En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.
Lukas 1:32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,
Lukas 1:33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

Hierdie is Maria – die engel verskyn aan Maria en hy gee vir haar die boodskap. Dit wat in Maria se lewe gebeur het, het nog nooit gebeur nie en sal nooit weer gebeur nie. Sy word swanger, maar sy is 'n maagd. 'n Kind word uit haar gebore, 'n volkome mens, maar Sy Pa is die Almagtige self. Sy is bevrug deur die Almagtige, maar sy is 'n maagd. En aan Sy koninkryk sal daar geen einde wees nie – Sy koninkryk hou nie op nie. Hoekom hou dit nie op nie? Want dit is God self. Hy kom Sy koninkryk terugvat, letterlik. Hy kom in die vlees, Hy kom as mens, Hy is God self en Hy kom sit op die troon van sy vader Dawid, want Hy is uit die geslag van Dawid – en Hy sal Koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid.

Goed, die engele het vir Maria gesê wie Hy is, *dit is 'n wonderwerk wat in jou gebeur*. *Jy gaan 'n kind baar, maar jy gaan 'n maagd wees, maar Hy is God self en Hy gaan Koning wees tot in ewigheid* – maar dit het nog nie gebeur nie, ons wag vir dit, dit is voor die deur.

Daniël 2:44 Maar in die dae van dié konings *(dit is die laaste konings met voete van yster en klei, dit is waar ons nou trek)* sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan

Ons lees die in die ou profesieë. Ons lees uit Daniël, ons lees uit Jesaja, ons lees uit Eségiël – dit is so 'n geweldige groot gebeurtenis wat gebeur het met Maria, en die voleinding daarvan (die gebeure daarvan) is in ons tyd – dit is nou, dit gaan gebeur. Dink daaroor, dit is meer as drie-duisend jaar se profesieë wat nou in vervulling gaan.

Daniël 7:13 Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.

Nou dink net hoe verwarrend was die vir Daniël. Daar was vir hom geen openbaring van Yahshua nie, dit is die tyd voor Yahshua. Ons leef ná Yahshua Homself openbaar het, ons verstaan. Hy sien in die naggesigte die koms van Yahshua, soos 'n seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by Yahweh, die Oue van dae.

Daniël 7:14 En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is ‘n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

Yahshua het gepraat van die man van hoë geboorte wat na ver land gegaan het om sy koningskap te ontvang – Daniël het daarvan geprofeteer. Al die volke en nasies en tale het Hom vereer, dit het ons in die vorige hoofstuk gesien, dit is na die slag van Armagéddon – elke knieg sal voor Hom buig en elke mond bely Hy is God, daar is niemand groter as Hy nie. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie en Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

Ons berei ons voor vir baie dinge, ons pas ons lewe aan vir dinge in die toekoms, maar ons mis hierdie ene. Ons sien nie hoe belangrik dit is nie. Dit is 'n ewige koningskap waarvan ons deel kán wees, óf nie. In daai koningskap kan jy die straatveër wees, of jy kan oor tien stede aangestel wees – hoekom maak ons nie erns van die saak nie?

Daniël 7:25 En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel *(dit is die Romeinse Ryk en die Pous)*; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle *(dit is die heiliges)* sal in sy hand oorgegee word gedurende ‘n tyd en tye en die helfte van ‘n tyd.
Daniël 7:26 Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontneem om dit vir goed te verdelg en te vernietig.
Daniël 7:27 Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is ‘n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.

Yahshua kom en regeer as Koning en Hy sê *wat ookal jy met jou pond vermag het, gaan bepaal waar jy in My koninkryk gaan wees*. Die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gaan gegee word aan die *volk van die heiliges van die Allerhoogste* – dit is die nageslag van Jakob, waarvan ons deel is. Húlle koninkryk is ‘n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal húlle vereer – daar gaan nog steeds ander heerskappy wees, maar hulle gaan hierdie regeerders vereer en hulle gehoorsaam wees, want hulle gaan saam met Yahshua regeer. Dit lê vir ons voor, 'n duisend jaar van regering van Yahshua.

Esau het sy eersgeboortereg verruil vir 'n pot lensiesop. Hy het gekyk na die tydelike, na sy onmiddellike behoefte en gesê *dit is waarvoor ek lus is, dit is wat ek nou wil hê – ek weet ek gaan met my lewe betaal vir dit, my ewige lewe, maar ek gee nie om nie. Ek wil dit nou hê, hou maar die ewige lewe* – en hy vat maar die pot lensiesop, en dit is wat ons geneig is om te doen. Hier sien ons wat is ons erflating en wat is die koninkryk van God, en ons kan deel wees van dit, maar ons sê *nee, die lensiesop is vir my belangriker*.

Baie predikers sê alles wat ons hier lees is simbolies. *Yahshua gaan nie werklik hiernatoe kom nie, Hy gaan nie werklik Koning wees nie, Hy gaan nie werklik regeer nie, daar is nie 'n werklike koninkryk nie – ons gaan hemel toe, dit is profetiese taal*. Is dit so? Hoekom kom Hy hiernatoe? Hoekom kom Hy dit doen?

1 Korinthiërs 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;
1 Korinthiërs 15:23 maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus *(Hy is reeds lewend gemaak)*, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. *(Die wat gesterf het in Yahshua gaan lewend gemaak word by Sy koms)*
1 Korinthiërs 15:24 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.

Die is 'n baie kort geskrewe gedeelte wat oor 'n baie lang tydperk gaan. Almal het in Adam gesterf, maar almal word lewend gemaak in Yahshua en elkeen het sy orde – dit beteken ons is nog nie lewend gemaak nie. Ons het die ewige lewe, maar ons vlees gaan nog sterf. Yahshua is reeds, en daarna die wat aan Hom behoort by Sy koms. Die grafte gaan oop, hulle staan op, hulle kry ‘n nuwe liggaam – ons wat in die lewe is gaan Hom in die lug tegemoet, ons kry 'n nuwe liggaam en die dood het geen mag meer oor ons nie. Daarna kom die einde, dit is ná die duisend jaar wanneer die koninkryk aan God die Vader oorgegee word – dit is wanneer Yahshua alle heerskappy en alle mag en alle gesag vernietig het. Die mag en die gesag is nie nou in Sy hande nie. Die wêreldheersers, hulle noem hulleself die ‘elites’, hulle het nou die mag. Yahshua gaan dit vat en dan gaan Hy ‘n duisend jaar regeer waar Hy alle gesag aan Hom gaan onderwerp.

*As Hy alle heerskappy en alle gesag en alle mag vernietig het…* Nou is die vraag: is hierdie simboliese, profetiese taal, of is dit letterlik?

1 Korinthiërs 15:25 Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het.

Daar is net een manier vir Hom om al Sy vyande onder Sy voete te stel, en dit is om letterlik hier na die aarde te kom en letterlik oor almal hier te regeer wat sê *ons is baas*. Die 'elite' sê *ons is baas.* Yahshua kom hiernatoe en Hy sê *kom Ek wys julle wie is baas.* Hy gaan letterlik oor hulle regeer. Die vorige hoofstuk se behandeling oor Sy wraak is om hulle te onderwerp aan Sy gesag. Om te sê *Ek is God, Ek is Koning hier, nie julle nie – julle seggenskap is nul*. Wie gaan ook seggenskap hê? Die wat saam met Hom gaan regeer, maar direk onder Sy gesag – dit is hoekom ons onsself nou aan Hom en Sy gesag onderwerp. Dit is hoekom ons nie nou teen Hom rebelleer nie. Yahshua aanvaar geen rebel nie. Jy kan nie teen Hom rebelleer en sê *nee, ek sal besluit nie.* Hierdie regering van Hom is totaal onderworpe aan Sý gesag, dit is die voorwaarde.

1 Korinthiërs 15:26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

In Sy koningskap van duisend jaar is die dood nog steeds daar, en aan die éinde van die duisend jaar, gaan Hy die dood vernietig. Die dood en die doderyk word ook in die poel van vuur gewerp.

1 Korinthiërs 15:27 Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy *(Yahweh)* uitgesonder is wat alles aan Hom *(Yahshua)* onderwerp het.

Dink aan jou eie lewe nou, is daar nog rebellie teen God in jou lewe? Is daar goed waarmee jy nie saamstem nie? Verskil jy met Hom? Baie mense sê *as God só is, sal ek Hom nie dien nie.* Dit is groot woorde, gaan maak seker wat jy sê. Dit is nie asof Hy óns dien nie, ons dien Hóm.

1 Korinthiërs 15:28 En wanneer alles aan Hom *(Yahshua)* onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een *(Yahweh)* wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.

En dit is die herstel, dit is terug na die tuin van Eden. In die tuin van Eden met die skepping was God alles en in almal, maar dit het as gevolg van die hand van die Satan geval deur sy korrupsie en sy leuens. Yahshua kom dit herstel, en dit is hoekom dit nie profetiese taal is nie, maar letterlik. Hy gaan letterlik hier regeer. Mense sal Hom letterlik kan sien. Jy sal letterlik aan Hom kan vat – vir 'n duisend jaar. Hy gaan Koning wees vir 'n duisend jaar. Hoe gaan hierdie koninkryk lyk?

Miga 4:1 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.

Aan die einde van die dae tydens die duisendjaar regering van Yahshua, sal die huis van Yahweh, dit is Israel – die berg is Jerusalem en die huis van Yahweh is Israel – vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels en die volke sal daarheen toestroom. Dit gaan die hoogste koninkryk wees – die koninkryk van Yahshua oor Israel sal die hoogste koninkryk wees. Wat gaan die ander koninkryke doen? Die ander volke sal daarheen toestroom, hoekom?

Miga 4:2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in Sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Hulle gaan in die weë van Yahweh wandel, nie sodat hulle hulself kan bekeer en deel word van Sy koninkryk nie – Hy het nie Sy bloed vir hulle gestort nie, maar Hy is die Koning en hulle wil weet wat is die reëls van die Koning. Die Koning regeer en Hy het sekere reëls en as hulle nie weet wat dit is nie, gaan Hy hulle in die die tronk gooi, of dalk hulle kop afkap. So, hulle gaan soontoe om te hoor wat Sy reëls is, want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van Yahweh uit Jerusalem. Wat se wet? Die wet van Sy koninkryk. Hy gaan regeer en Hy gaan sê *hier is My wet, so werk dit* – byvoorbeeld: hou links en stop by 'n stopstraat, dit is deel van Sy wet. Daar moet orde wees en Hy gaan regeer volgens dit.

Miga 4:3 En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle *(daai nasies)* sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle *(daai nasies)* sal nie meer leer om oorlog te voer nie.

Dit is Sy koninkryk, 'n vredesryk. Daar gaan nie oorlog wees nie.

Miga 4:4 Maar hulle sal sit elkeen onder sy *(die nasies, al die nasies: swart nasies, bruin nasies, geel nasies, vaal nasies)* wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskare het dit gespreek.

Van wie praat Hy? Van die nasies. Ons mis dit, Hy praat nie van Sy volk Israel nie, Hy praat van die nasies.

Miga 4:5 Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy god, maar óns sal wandel in die Naam van die HERE onse God vir ewig en altoos.

Wanneer gebeur hierdie? Nadat Yahshua gekom het is daar baie nasies, Hy regeer oor hulle, hulle gaan Jerusalem toe om die wet te kry, hulle sit elkeen onder hulle eie vyeboom, hulle lewe onder die seën van Yahshua, maar vir wie vereer hulle? Vers vyf sê elke volk mag wandel in die naam van sy god, maar ons wil hulle bekeer? Ons sê *nee, jy moet die God van Israel aanbid*, maar die God van Israel sê *los hom dat hy sy eie god aanbid.* A die volke mag elkeen wandel in die naam van sy god terwyl Yahshua op die aarde is, maar ons, die huis van Jakob, ons sal wandel in die naam van Yahweh onse God vir ewig en altoos. Die verbond wat God met Israel gemaak het, is: Ek sal vir jóú 'n God wees en jy sal vir My 'n volk wees. Nou is hier baie volke op die aarde en hulle aanbid hulle eie god, want Yahweh is die God van Israel. Hy het nie gesê God van die Filistyne of die Edomiete of die Egiptenare nie, Hy is die God van Israel. Hy sê nie *Ek gaan hulle in die hel gooi omdat hulle My nie aanbid nie*, Hy sê hulle kan hulle eie gode aanbid, maar Isreal moet Hom aanbid.

Miga 4:6 In dié dag, spreek die HERE, wil Ek versamel die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het.
Miga 4:7 Dan sal Ek die wat kreupel was, tot ‘n oorblyfsel maak en wat ver verwyder was, tot ‘n magtige nasie. En die HERE sal koning wees oor hulle op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid.

Ons wil weet wat sê Vader. Daar is so baie opinies oor eindtyd, maar wat sê Hy. Yahshua is die middelpunt van die evangelie van die koninkryk van God, nie ons nie. Dit gaan oor Yahshua.

Jesaja 11:1 Maar daar sal ‘n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en ‘n loot uit sy wortels sal vrugte dra;
Jesaja 11:2 en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.
Jesaja 11:3 En Hy het ‘n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie;
Jesaja 11:4 maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak.

Die hoogste gesag in 'n koninkryk is die koning, en die hoogste regter in 'n koninkryk is die koning. Dit is soos Salomo – as daar 'n probleem is en niemand kan help om uitslag te gee nie, na wie toe gaan jy? Na die koning toe. Salomo sê *kap die kind middeldeur*, en die ma sê *nee moenie, gee dit liewer vir daai ene.*

In die koninkryk van Yahshua wat ‘n vredesryk is, sal Yahshua die goddelose met Sy lippe doodmaak. Hy spreek net en dit gebeur.

Jesaja 11:5 En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees.

Ons leef in 'n wêreld wat totale ongeregtigheid is, absolute dubbel standaarde. Die een ou word in die tronk gegooi vir misdaad A wat hy gedoen het en die ander ou doen ook misdaad A en hy word verheerlik – en ons vra *waar is die geregtigheid, dit is mos nie reg nie?* Ons smag na geregtigheid, ons sê *kan ons nie net iemand kry wat eerlik is om oor ons te regeer nie.* En wanneer iemand net so sweempie van eerlikheid het, dan wil ons hom die president maak, want ons begeer dit. Yahshua sê *Ek kom en Ek kom regeer in geregtigheid*, en ons sien nie uit na dit nie! Hoekom nie? Want dit het nie in ons harte posgevat nie. Ons besef dit nie – ons dink dit is kanseltaal, dit is wat die kerke sê...

Die Koning kom, dit is 'n werklikheid.

Jesaja 11:6 Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja.

Ai, dit is 'n wonderlike plek, dit is wat ons wil hê. Dink net as jy kan boer en dit lyk so... Daar kom 'n wolf, en in plaas daarvan dat jy die wolf moet skiet, kom hy en hy kom lê daar tussen die lammers...

Jesaja 11:7 Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os;

Jy kan die leeu gaan vryf, hy gaan jou nie vreet nie, hy gaan jou nie verskeur nie.

Jesaja 11:8 en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk.
Jesaja 11:9 Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek.

Is daar 'n gedeelte van die see waar daar nie water is nie? Daar is nie so 'n gedeelte op die aarde nie. Die kennis van Yahweh sal die aarde oordek, daar gaan nie 'n plek wees waar iemand sal sê *ek ken Hom nie, ek weet nie van Hom nie, ek erken nie Sy reëls nie, ek weet nie wat aangaan nie* – Sy kennis gaan orals wees. En as mense sê die leeu kan nie strooi eet soos die os nie, wat het die leeu geëet voor die sondeval? Want dood was daar nie, so hy het nie 'n os geëet nie. Wat het hy geëet? Of het die leeu ná die tyd gekom? Hy het nie, die leeu is van die begin af daar.

Jesaja 11:10 En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees.

Daar is nasies en daar is 'n nasie. Dit is die Israel-nasie en dan is daar die ander nasies. Yahshua is die wortel van Isai, en wat soek hulle by Hom? Sy reëls, want as hulle dit doen, dan gaan dit goed met hulle.

Jesaja 11:11 En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see;

Hoe gaan Hy Sy volk 'n tweede keer verlos? Hy het ons reeds losgekoop deur vir ons sondes te betaal – ons is vrygekoop, maar lewe ons lekker? Nee, glad nie – elke dag is nog moeite en verdriet, want as die son opkom, sê jy *kan dit nie my aand wees nie?*, en as dit aand is sê jy *kan dit nie maar oggend wees nie*? Hoekom? Ons het verlossing nodig en Yahshua gaan dit doen. Hierdie fantastiese plek waar die koeie en die berin wei en hulle kleintjies lê bymekaar en die leeu eet strooi soos 'n os... Dit kom, en dit verlos ons van hierdie wêreld – die engel het dit vir Maria gesê, Hy kom om Sy volk van hulle sonde te verlos en Hy gaan dit vir 'n tweede keer doen.

Jesaja 11:12 en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.

Dit het Moses al vir hulle gesê toe hulle die beloofde land ingegaan het – *hier is die beloofde land, gaan en neem dit en erf dit, maar julle sal nie. Julle gaan nog steeds ander gode dien en God gaan julle verstrooi oor die hele aarde, maar aan die einde sal Hy julle bymekaar maak.* Hy het ons nog nie bymekaar gemaak nie, Hy het die eerste keer Sy hand uitgestrek na ons en ons losgekoop van ons sonde, maar die tweede keer moet nog gebeur – en dit gebeur wanneer Hy kom op die wolke, Hy gaan ons haal uit die vier hoeke van die aarde. Ons is in Suid-Afrika, ons is seker een van die verste punte. Waar gaan ons heen?

Ons gaan Jerusalem toe. Hy gaan regeer vanuit Jerusalem. Dit is 'n wonderbare openbaring om te weet ons gaan Jerusalem toe. Hy noem Jerusalem die middelpunt van die aarde. Waar het Dawid uit geregeer? Uit die stad van Dawid, Jerusalem. Waarvandaan gaan Yahshua regeer, waar gaan die troon wees? In Jerusalem, dit is waar ons heen gaan. Wat sê hierdie banier van die nasies wat Yahshua sal oprig? Stuur my kinders – en dit gaan nog gebeur.

Mag hierdie saad in ons hart ontkiem en veel vrug dra en laat dit 'n werklikheid vir ons word, 'n wete. Die koninkryk van hierdie elites is op sy einde, hy kan nie meer baie verder gaan nie en dan kom Yahshua en al hierdie goed gebeur.

Jeremia 23:1 Wee die herders wat die skape van my weide laat omkom en hulle verstrooi, spreek die HERE.

Wie is die herders vandag, wie moet na die skape omsien? En wat doen hulle? Hulle verkondig leuens. Waar is die skape? Hulle is verstrooid – hulle ken Vader nie, hulle weet nie wie Hy is nie, hulle weet nie Die herders het net een belang nie, en dit is hulle eie voordeel – dit is al waarin hulle belangstel. Dit moet net met hulle goed gaan, hulle sal sê wat dit ookal vereis, dat dit net met hulle moet goed gaan. Wee die herders...

Jeremia 23:2 Daarom, so sê die HERE, die God van Israel, aangaande die herders wat my volk oppas: Júlle het my skape verstrooi en hulle verdrywe en hulle nie opgesoek nie. Kyk, Ek besoek oor julle die boosheid van julle handelinge, spreek die HERE.
Jeremia 23:3 En Ek self sal die oorblyfsel van my skape versamel uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het; en Ek sal hulle terugbring na hulle weiveld, en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig.

Yahshua sê Hy gaan self Sy oorblyfsel bymekaar maak. Dit gaan nie deur iemand anders gedoen word nie, Hy gaan nie ander herders stuur nie – Hy sal self die oorblyfsels, Sy skape, versamel uit die lande waarheen Hy hulle verdryf het. En Hy sal hulle terugbring na hulle weiveld en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig.

Jeremia 23:4 En Ek sal herders oor hulle verwek wat hulle sal oppas; en hulle sal nie meer bevrees of verskrik wees of vermis word nie, spreek die HERE.
Jeremia 23:5 Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit *(Yahshua)* sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land.

Weereens, is dit nie waarna ons smag nie? Is daar nie 'n regverdige heerser wat oor ons kan heers nie? Vader sê *ja Ek sal, want die herders verneuk julle.*

Jeremia 23:6 In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.

Juda en Israel. Wie is Juda en Israel? Dit is die twee stamme en die tien stamme. Wat leer die herders ons vandag? *Nee, Israel bestaan nie meer nie, hulle is verstrooid onder die nasies, hulle het verdwyn.* Jeremia verskil met hulle, moet hulle nie glo nie.

Die regverdige Spruit word genoem: YAHSHUA ONS GEREGTIGHEID. As ons nou vra wat is Sy naam, hoe spreek ons dit uit – Sy naam is HY IS ONS GEREGTIGHEID.

Jeremia 23:7 Daarom kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat hulle nie meer sal sê: So waar as die HERE leef wat die kinders van Israel uit Egipteland laat optrek het nie,
Jeremia 23:8 maar: So waar as die HERE leef wat die geslag van die huis van Israel laat optrek en laat kom het uit die Noordland en uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het. En hulle sal woon in hulle land.

Vandag kyk ons terug na die wonderwerk toe Vader Israel verlos het uit Egipteland, die tien plae, die see wat vir hulle oopgegaan het, toe hulle deur die woestyn gestap het tot by die beloofde land... Hy sê daar kom dae dat daar nie meer daaroor gepraat gaan word nie. Die grootste gebeurtenis van Israel is toe hulle uit Egipteland uit die slawehuis uit verlos is en gebring is in hulle land, in die beloofde land. Met watter magtige Hand het dit gebeur, maar Vader sê daar kom 'n tyd wat julle nie na dit gaan verwys nie, maar julle gaan verwys na 'n ander tyd en dit is die tyd wanneer Hy Israel wat verstrooid is gaan haal uit al die

lande en gaan bring na hulle land toe. Dit moet nog gebeur. Wat sê die herders? *Daar gaan nie so iets gebeur nie, ons gaan hemel toe*. Wat glo ons?

Dit is hoekom ons geen verwagting het van Sy wederkoms nie, want die herders sê vir ons dit bestaan nie. Ons glo dit nie en dit word nie iets in ons hart nie. Dit word nie deel van die koninkryk in ons hart nie, ons leef nie vir dit nie – ons leef vir allerhande ander goed, ons maak skatte op die aarde bymekaar, ons begin 'n kerk en ons lewe vir die kerk en ons lê ons lewe af vir die kerk, want dit is ons verwagting. Ons het nie 'n begrip van die koninkryk van God nie, want die prediker sê vir ons daar is nie so iets nie.

Openbaring 20:1 En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.
Openbaring 20:2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,
Yahshua gaan regeer vir 'n duisend jaar lank en die Satan gaan gebind wees vir 'n duiseld jaar lank – letterlik.

Openbaring 20:3 en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, <u>sodat</u> hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.
Openbaring 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.

Johannes het nie *'n* troon gesien nie, hy het trone gesien. 'n Troon is 'n regering, jy regeer van 'n troon af. En hulle, nie Hy nie, het daarop gesit. Wie is hulle? Dit is hulle wat elkeen 'n pond ontvang het en iets daarmee gedoen het, en nou regeer hulle saam met Yahshua oor stede – mede-regeerders saam met Yahshua.

Openbaring 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.

Die grafte gaan oop en sommiges staan op uit die dood uit, maar die ander bly. Die wat opstaan, is die wat in Yahshua gesterf het en hulle lewe vir ewig, die dood het oor hulle geen mag meer nie. Die wat in die grafte agterbly, gaan nog geoordeel word.

Openbaring 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.
Openbaring 20:7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;

Die duiwel is toegesluit en gebind vir 'n duisend jaar, maar ná die duisend jaar word hy ontbind. Is dit letterlik, gaan dit regtig gebeur? Dit gaan regtig gebeur. Die duiwel gaan regtig 'n duisend jaar toegesluit wees en dan oopgemaak word – en as hy oopgemaak word, wat gaan sy eerste vraag wees? *Wat gaan hier aan, wat het vir 'n duisend jaar gebeur wat ek nie kan weet nie*. Hy is baie nuuskierig en hy vind uit.

Openbaring 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.

Gog en Magog kom ná die duisend jaar. Gog en Magog is nie Rusland en China nie. Baie mense sê dit is Rusland en China, en ander sê dit is Armagéddon. Gog en Magog is 'n duisend jaar na die slag van Armagéddon. 'n Duisend jaar is lank. Na die duisend jaar van tronkstraf gaan Satan die nasies haal en dan trek hy op na Jerusalem. Wat gebeur in Jerusalem? Dit is waar Yahshua se regering is. Hy regeer uit Jerusalem uit, dit is die beloofde land, dit is waar Sy volk bly.

Openbaring 20:9 En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel,

En dit is sy doel. Hy verstaan en weet nie wat intussen gebeur het nie – hy sien net Yahshua regeer uit Jerusalem en hy moet dit stop, en hy maak al die nasies bymekaar. Hoe maak hy hulle bymekaar? Hy is die god van die leuen – hy lieg vir hulle en hulle glo hom alweer. En hy bestorm met hulle Jerusalem.

Openbaring 20:9b en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.
Openbaring 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

En dit is die einde van die Satan. Waag om dít te glo, waag om die herders van hierdie wêreld nié te glo nie en vir hulle te sê *ek het genoeg gehad van julle leuens, ek wil God glo, ek wil in Sy goeie boekies wees as Hy terugkom, ek wil nie hê Hy moet my veroordeel nie – ek wil hê Hy moet my aanstel om saam met Hom te regeer.* Maar, jy moet weet wat aangaan en jy kan dit self uitvind.

Jesaja 65:19 En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie.

Hoor ons dit vandag nog? Die eerste persoon in Jerusalem wat jy ontmoet kan jy mee praat, en wat gaan jy hoor? Geween en geskreeu. Jy gaan dit dalk nie in sy gesig sien nie, maar jy gaan dit in sy hart vind, want ons almal kry swaar.

Jesaja 65:20 Daarvandaan sal nie meer kom ‘n suigling van ‘n paar dae of ‘n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want ‘n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word.

As jy honderd jaar oud is en jy sterf, dan sê hulle jy was nog ‘n seun. Hoekom gaan iemand sterf in Yahshua se regering? Deur te sondig – moet dit nie doen nie, moenie sonde doen nie, doen wat Hy sê. Jy is honderd jaar oud en die vloek tref jou en jy sterf, en hulle sê dit is 'n seun wat gesterf het. Hoekom sondig ons nou en daar in die regering van Yahshua nie? Want die Satan gaan nie daar wees nie. Nou verlei hy ons en oortuig ons van allerhande goed en ons doen dit – dáár gaan dit nie geduld word nie. Waar is dáár? Dit is Yahshua se regering van duisend jaar.

Jesaja 65:21 En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet:

Die lewe gaan aan, dit is hoekom ek sê dit is nie die einde van die wêreld nie. Mense sê as die oorlog nou uitbreek en al hierdie geweldige goed gebeur, is dit die einde van die wêreld – dit is nie die einde van die wêreld nie, dit is die einde van hierdie regering van hierdie koninkryk en die begin van Yahshua se koninkryk. En hoe lyk dit in Sy koninkryk:

Jesaja 65:22 hulle sal nie bou dat ‘n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat ‘n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet.
Jesaja 65:23 Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is ‘n geslag van die wat deur die HERE geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle.
Jesaja 65:24 En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek.
Jesaja 65:25 Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos ‘n bees *(Jesaja 11:7)*, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE.

Wat se wonderlike tyd gaan dit nie wees nie! Is dit vir ons 'n werklikheid, of is dit daar ver? Maak die herders dit vir ons 'n dag daar ver en ons kry nie 'n greep daarop nie? Dit kan verander. Ons kan erns maak met die Almagtige en sê *hierdie is my erflating, ek lees hierdie testament*. Ons lees die nuwe testament en ons praat van die nuwe testament, maar verstaan ons wat ons sê en lees? Dit is óns testament. In die lewe wat ons in leef sê jou pa nooit vir jou wat jy gaan erf nie, jy moet maar wag en sien. Party pa’s sê voor die tyd dit en dat gaan gebeur, ander sê nie. Ons hemelse Vader sê vir ons, Hy gee vir ons die testament, Hy sê *lees dit, dit is wat jy gaan erf.* Die Psalmdigter sê *my erfenis is vir my mooi, ek het dit gesien* – maar die herders leer ons om dit te lees en dit nie te verstaan nie, en dit te interpreteer, en te sê *ek het geen benul wat hier nie staan nie, dit is vir my 'n toe boek* – dit is so goed dit is Frans, ek lees dit, maar verstaan niks. Of ek lees dit maar ek is soos iemand wat nie kan lees nie – Hy hoef net sowel nie Sy testament vir my te gegee het nie.

Nou kan ons besef, ons kan dit vandag doen en sê, *dit is vir my, dit is Sy testament en dit is my erflating – Ek kan dit lees.* Nou kan ek my lewe inrig volgens wat ek gaan erf. As jy in hierdie lewe by jou pa tien plase gaan erf, gaan dit jou lewe beïnvloed? Ja, want jy weet dit is waar jy op pad heen is, tien plase. Jy kan dan besluit wat jy daarmee gaan doen. Ek gaan op dit boer of ek gaan dit verkoop en ek gaan die geld vat en ‘n maatskappy begin of wat ookal, maar jy weet dit is jou erflating – jy rig jou lewe in

volgens dit. Hoe groter die erflating hoe meer rig jy jou lewe in. As jy net 'n gewone klerk iewers is en jy gaan jou pa se wêreldwye maatskappy erf wat biljoene dollars werd is, dan gaan jy jou lewe anders inrig as wanneer jy net sy ou kar gaan erf. Wat gaan ons van die Koning van die eeue erf? Ons het dit nou gelees, neem dit letterlik op, verstaan dit en weet dit is jou erflating. Dit is natuurlik soos die res van Sy Woord, voorwaarlik. As jy Sy vyand is en jy sê ek wil nie hê Hy moet oor ons regeer nie, ek hou nie van Hom nie – wel, dan gaan Hy jou net doodmaak. As jy Sy dienskneg is maar jy werk nie vir Hom nie, jy werk vir hierdie koninkryk, dan gaan jy in die buitenste duisternis gewerp word soos die goddeloses, maar as jy dit ernstig opneem en jy sien dit is 'n werklikheid, my God is 'n werklikheid, ek is 'n werklikheid, Sy koninkryke is ‘n werklikheid, my lewe in Sy koninkryke is ‘n werklikheid – ek kan bepaal.

God sê vir my *jy gaan erf op voorwaarde: dat jy My dien* – nie dien deur vir Hom sekere dinge op sekere tye te doen nie – *sesuur moet ek opstaan om te bid en agtuur moet ek ‘n psalm sing en twaalfuur moet ek dit en dat* – dit is nie om Hom te dien nie, ek moet werk in Sy koninkryk. *Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle.* En wat sê Hy? *Die Vader het My gestuur om die werke van die duiwel te verbreek.* Hoe verbreek ek die werke van die duiwel? Die duiwel regeer met leuens – ek sê wat die waarheid is, ek verkondig die waarheid, ek skyn die lig op 'n donker plek. Wat is die lig? Dit is die waarheid. Wat is die donker plek? Dit is die leuen. Wat maak ons vry? Die waarheid maak ons vry. Wat bind ons? Die leuen. Bind ons tot wat? Die hel. Ons gaan verlore as gevolg van leuens wat ons glo. Nou sien ons die waarheid, dit is die een pond wat jy kry – en jy sê *wow, ek kan vry kom van die leuen, ek hoef nie te sterf en hel toe te gaan nie – die waarheid maak my vry.*

Jy het 'n pond gekry, wat maak jy met jou pond? Jy moet nog 'n pond verdien, en nog een, en nog een… Hoe? Ek gaan met die lig na my naaste toe en ek sê jy kan vrykom van die leuen, en ongeag of die naaste vir my sê ja, ek glo dit of ek glo dit nie, maak nie saak nie – ek verkondig die lig, tydig en ontydig. Hoekom? Want eerstens is ek lief my naaste. Wil ek nou hê my naaste moet in die hel beland – vir 'n ewigheid? As jy dit voel, dat jou naaste maar in die hel mag beland, dan het die Heilige Gees nie jou hart verander nie, dan is die liefde van God nie in jou hart nie. Maar, as die liefde van God in jou hart is gaan daar 'n absolute jammer na jou naaste toe wat nog nie die waarheid gesien het nie. Daarom is dit nie vir ons moeite om die evangelie te verkondig nie, ons wil, ons is geroep daartoe – en dit is vir ons 'n vreugde.

Solank die uiteinde van hierdie evangelie van die koninkryk van God vir ons 'n werklikheid word. Die skepping is 'n werklikheid, ons voorgeslagte is 'n werklikheid – hulle het gelewe, ons is 'n werklikheid, Yahshua is 'n werklikheid – Hy het werklik Sy lewe vir ons gegee, Hy kom werklik terug om Sy koninkryk hier te vestig en ons gaan ‘n aandeel daaraan hê.

Dan is daar die finale oordeel, en ons gaan betrokke wees by dit – ons moet dit weet. Ons kan nie apaties kyk na hierdie gebeure asof dit 'n film is wat voor ons afspeel nie – dit is ‘n werklikheid en jy is deel van dit. Kom ons maak erns daarvan.

Rom 11:33 *o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!*
Rom 11:34 *Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?*
Rom 11:35 *Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?*
Rom 11:36 *Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

# Hoofstuk 5 – Wie is die volk en waar bly die volk van die koninkryk van God…

Die koninkryk van God – dit is baie belangrik dat ons fokus op dit en weet wat dit is en dat ons seker maak ons is nie besig met ander evangelies nie en dat ons gereed vir dit is. Die hoofstuk is heeltemal dwars teen die evangelie van die wêreld. Daar is die "evangelie van die koninkryk van God" en daar is 'n "evangelie van die koninkryk van God, volgens die wêreld – volgens die koninkryk van die Satan". Daar is twee koninkryke, en ons luister na die koninkryk van die Satan om ons te leer van die koninkryk van God. Is dit nie bietjie dom nie? Dit is die vyand. Jy gaan na die vyand toe om te hoor hoe is die ou van wie jy wil weet, jy gaan mos valse inligting kry.

Dit maak dat ons bevooroordeeld is wanneer ons die woord van God lees. Ons word grootgemaak deur die koninkryk van hierdie wêreld se weergawe van die koninkryk van God, ons is geprogrammeer volgens dit – dit is wat ons weet, dit is wat ons dink, dit is wat ons ken van die koninkryk van God – dit is wat ons geleer het by die koninkryk van Satan – en dit plaas ons in 'n gemaksone. Die hele wêreld is in daai gemaksone. Ons glo almal dieselfde ding en ons is tevrede daarmee en ons pla mekaar nie.

Nou kom die woord van God na ons toe en ons moet na dit luister – ons moet dit hoor en ons moet besluit wat ons gaan doen. As jy weet dat dit gaan verskil met dit wat jy wil glo, dan vermy jy dit. Hoekom? Want dit beïnvloed jou gemaksone. Wat is jou gemaksone? Dit is waar jy lewe, dit is die mense om jou, dit is jou omstandighede, dit is jou vriendskappe, dit is jou werksomstandighede – en nou sien jy iets wat God sê wat nie is soos wat die wêreld van Hom sê nie, en dan as jy aandag gee aan dit, en dit sê, en jy verander jou lewe as gevolg van dit, dan word jy 'n vyand van die wêreld. As jy dít voor die tyd weet, dan is jy bevooroordeeld, dan sê jy *ek wil eintlik nie hierdie ding hoor wat jy gaan sê nie* en as jy dit dan wel hoor, dan verander jy dit só dat dit iets anders sê as wat die Woord sê. Hoekom? Want ek wil nie my gemaksone ongemaklik maak nie. Dit is baie kortsigtig. Kortsigtig beteken *nou, net vir die oomblik, hierdie lewe, ek wil nie hierdie lewe moeilik maak nie, ek sal liewers hel toe gaan as om hierdie lewe moeilik maak*. Kan jy dink ons is so idioties om dit te doen? Dit is die pot lensiesop, dit is hierdie lewe – *wat gaan die mense van my sê, wat gaan my familie van my sê, wat gaan hulle van my dink? Sê nou ek verloor my werk?* Dit is die lensiesop. Nou kies ons die lensiesop in plaas van ons erflating – en dit is werklik so.

So, dié hoofstuk is radikaal van wat die wêreld sê en wat die wêreld doen. Die wêreld reageer ook op wat hulle sê. Die volk van God word deur die wêreld beskou as 'n sekere organisasie, maar dit is nie 'n volk nie – en hulle tree op daarvolgens. Ons lees die Woord van God en dan sê Hy iets anders, en Hy gaan optree volgens dìt.

Ons wat nou dié lees staan tussen die twee – ons moet nou besluit watter kant toe ons gaan. Gaan ons na wat die wêreld sê, of gaan ons na wat God sê – dit is hoe radikaal dit is. Ons het nou al gesien daar is opinies van "wie is God" ook. Daar is die vals christusse, hulle wat sê hulle kom in Sy Naam. Hulle wat sê *ons is die Christus* – en dit is vals christusse, Hy het ons gewaarsku. Ons lees van die antichris en ons dink dit is een persoon wat gaan kom op 'n stadium, maar dit is nie – dit is 'n alternatiewe christus – en waar kry ons hom? Feitlik in elke kerk. 'n Ander christus – hy is anders as die Een wat ons van lees in die Bybel. En dit is dieselfde met die volk. Die Satan verdraai alles, daar is niks wat hy los en sê *ek gaan ordentlik wees, ek gaan hierdie nie 'n leuen maak nie* – hy verdraai alles, hy is die vader van die leuen. Die Christus, die ware Christus, is verdraai. Die ware volk is verdraai, die koninkryk is verdraai en die weg na saligheid is verdraai – elke onderwerp is verdaai. Ons gaan nou kyk na die volk en ons gaan net uit Eségiël lees, maar die Bybel is vol daarvan – elke plek waar jy lees, sien jy dit. Geloof kom uit die gehoor en die gehoor kom uit die Woord van God. Ons gaan nou die Woord van God lees en dan besluit ons: gaan ons dit verander, of gaan ons dit glo soos dit daar staan?

Eségiël 11:16 Daarom sê: So spreek die Here HERE: Omdat Ek hulle ver weggedryf het onder die nasies, en omdat Ek hulle verstrooi het in die lande en Ek vir hulle 'n kort rukkie 'n heiligdom geword het in die lande waar hulle gekom het—

Wie praat in vers 16? Die Almagtige. Kan ons dit glo, kan ons dit ter harte neem of moet ons dit namens Hom verander? Moet ons sê *maar Hy bedoel eintlik dit of dat*, of kan ons Hom vat op dit wat Hy sê? En dit is ‘n besluit. Mense sê jy moet dit interpreteer, jy moet dit verander – as Hy dit sê dan beteken die eintlik dat. Het Hy dit ooit gesê? Het Hy ooit gesê as Ek A sê beteken die eintlik B? Beteken A A, of probeer Hy ons mislei? So, kom ons lees dit vir wat dit daar staan.
Eségiël 11:17 daarom sê: So spreek die Here HERE: Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, en Ek sal aan julle die land Israel gee.

Hy praat van iemand, Hy sê *Ek gaan vir julle die land Israel gee*. Wat is die land Israel? As jy 'n landkaart vat, dan kry jy dit daar. Dit is tussen die Binnelandse see en die Tigris en die Eufraat. Onder kry jy Egipte en bo kry jy Sirië – en dit is die land Israel, dit is ‘n plek. Nou sê Yahweh hier *Ek gaan julle verdryf en Ek gaan julle bymekaarmaak en Ek gaan julle bring in julle land*. Van wie praat Hy, vir wie het Hy verdryf? Die twaalf stamme van Israel. Die twaalf stamme van Israel is die nageslag van Jakob. Wie is Jakob? Jakob is die kleinseun van Abraham. Wie is Abraham? Abraham is die aartsvader aan wie God die belofte gemaak het: *Ek sal vir jou 'n God wees en jou nageslag sal vir My 'n volk wees.* Dit is húlle, en Hy sê *Ek gaan julle verdryf*. Moses het dit al gesê, hy het gesê *as julle nie luister nie, en julle gaan nie luister nie, gaan Vader julle verdryf.*

Die twaalf stamme het opgebreek in twee volke, die noordelike tien stamme, naamlik Israel en die suidelike twee stamme, naamlik Juda. Albei het in ballingskap gegaan – hulle is verstrooi onder die nasies. Die noordelike tien stamme is Sirië toe en die suidelike twee stamme is Babilon toe. Sommiges het uit Babilon teruggekeer, 70 000, die res het daar gebly – en hulle is verder verstrooid. En waar is hulle nou? Hulle is oor die hele wêreld. Wat sê die evangelie van die wêreld? Hulle het vergaan, hulle bestaan nie meer nie. Ons gaan nou kyk of dit die waarheid is, en as dit die waarheid is, dan het God 'n probleem. As die nageslag van Jakob nie meer bestaan nie, het God 'n probleem. Die Satan sal vreeslik bly wees as God 'n probleem het. Die wêreld-evangelie verkondig dat Hy wel die probleem het, maar Hy sê *daar is nie ‘n probleem wat te groot is vir My nie, Ek los probleme op*.

In 1948 het daar iets gebeur wat die wêreld se kerke sê is die vervulling van vers 17 – Hy het die Jode gaan haal uit die hele wêreld en hulle bymekaar gebring in hulle land Israel. Goed, dit is 'n opinie, maar ons moet nou kyk of dit die waarheid is – daar ìs 'n maatstaf om te sien of dit so is en of dit nog moet gebeur – het hierdie profesie al in vervulling gegaan, of moet dit nog gebeur?

Dieselfde mense wat sê hulle is in hulle land, is dieselfde mense wat so verward is wat nie weet wie die volk is nie, hulle sê die kerk is die volk. Dit is chaos! As jy daai mense in 'n hoek vasdruk en jy sê vir hulle *vertel vir my wat is dit?*, dan val hulle die kant toe en dan val hulle weer daai kan toe, maar hulle weet nie – hulle het gebou op sand.

Eségiël 11:18 En hulle sal daarnatoe kom en al sy verfoeisels en al sy gruwels daaruit verwyder.
Eségiël 11:19 En Ek sal hulle een hart gee, en ‘n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle ‘n hart van vlees gee,

In 1948 is die Jode soontoe, is daar nog verfoeisels en gruwels daar? Maksimaal! Dit is 'n vrot spul, dit is 'n ashoop. Het hulle een hart? Hulle het tot Jerusalem in drie dele verdeel, een vir die Jode, een vir die Christene en een vir die Moslems – is dit een hart?

Eségiël 11:20 sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my ‘n volk wees, en Ek sal vir hulle ‘n God wees.

Is dit 1948? Voldoen dit aan die verwagting? Het Vader vir hulle ‘n nuwe hart gegee? Is daai mense wat daar bly anders as die res van die wêreld, kan jy sien God is in hulle hart? Ek dink nie so nie, hulle is ateïsties.

Eségiël 11:21 Maar hulle wie se hart agter die hart van hulle verfoeisels en hulle gruwels aan loop—hulle wandel laat Ek op hul hoof neerkom, spreek die Here HERE.

God praat van die nageslag van Jakob wat Hy gaan haal uit al die lande waarnatoe hulle verstrooi is, en Hy gaan hulle bring in hulle land – maar, dit is voorwaardelik. Binne hierdie nageslag van Jakob is twee groepe, die wie se hart aan Hom behoort en die wie se hart nie aan Hom behoort nie. So, elke keer as Hy sê *Ek gaan julle terugbring na julle land*, dan praat hy van die wie

se hart aan Hom behoort. Wat gebeur met die ander, die uit die nageslag van Jakob wie se hart nie aan Hom behoort nie? Vers 21 B: *hulle wandel laat Ek op hul hoof neerkom, spreek Almagtige Yahweh.*

As jy sê *ek is die nageslag van Jakob, ek gaan terug na die beloofde land toe,* dan is daar 'n voorwaarde – en daai voorwaarde is: jy moet aan Hom behoort, jou hart moet Sy hart wees. As jou hart nog vol is van jou eie begeertes, jou eie vervoeisels – jy sal nie teruggaan nie, maar wat gaan gebeur? *hulle wandel laat Ek op hul hoof neerkom, spreek Almagtige Yahweh.*

Eségiël 34:11 Want so sê die Here HERE: Kyk, hier is Ek, en Ek sal na my skape vra en vir hulle sorg.
Eségiël 34:12 Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid.

Ons het in hooftuk 3 gekyk na die koms van ons Koning, so ek glo ons verstaan wat is *die dag van wolke en donkerheid.* As Hy terugkom, wat kom doen Hy? Hy sê *ek is die Herder, Ek soek my skape – waar is My skape.* Hy is nie nou onder ons nie, maar die dag van wolke en donkerheid kom Hy, dan is Hy onder ons – dan is die Almagtige self tussen ons. En Hy gaan ons oralsoor gaan haal, en Hy sal vir ons sorg, en Hy sal ons red uit die plekke waarheen ons verstrooi is. Wie het hulle verstrooi? Yahweh het hulle verstrooi. Wie gaan hulle bymekaarmaak? Yahweh gaan hulle bymekaarmaak – op die dag van wolke en donkerheid.

Het dit in 1948 gebeur? Het die wederkoms plaasgevind, want Hy sê Hy gaan hulle bymekaar maak? Die dag van *wolke en donkerheid* het nog nie gebeur nie, dit moet nog gebeur – en dit is voor die deur.

Eségiël 34:13 En Ek sal hulle uitlei uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land; en Ek sal hulle laat wei op die berge van Israel, in die klowe en in al die bewoonbare plekke van die land.
Eségiël 34:14 Op 'n goeie weiveld sal Ek hulle laat wei, en op die hoë berge van Israel sal hulle weiplek wees. Daar sal hulle lê op 'n goeie plek en wei in 'n geil weiveld op die berge van Israel.
Eségiël 34:15 Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek die Here HERE.

*Ek self sal hulle oppas.* Hoe gaan dit gebeur? Dit is die wederkoms van Yahshua, Hy kom hiernatoe en Hy sê *Ek gaan My skape oppas.* En waar gaan Sy skape wees? In hulle land Israel. Hoe gaan ons daar kom? As Hy kom op die wolke gaan ons Hom in die lug tegemoet en dan kom Hy hiernatoe. Waar gaan Hy heen? Dit is nie 'n vreeslike raaisel waarheen Hy gaan nie – die land Israel. Dit is wat Hy sê, Hy gaan haal Sy volk en Hy vat hulle saam met Hom en Hy gaan Israel toe – dit is nie 'n geheime wegraping en Hy gaan sit agter Jupiter nie – Hy kom hiernatoe, ons gaan Hom in die lug tegemoet en Hy gaan na die land Israel toe en Hy gaan daar Koning wees – Hy gaan sit op die troon van sy vader Dawid, en *sommige* van die nakomelinge van Jakob gaan saam. Wie is hulle? Die wat aan Hom behoort. Hoe behoort jy aan Hom? Jy is weer gebore.

Eségiël 34:16 Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat weggedryf is, sal Ek terugbring, en wat gewond is, sal Ek verbind, en die siekes sal Ek versterk; maar die vettes en die sterkes sal Ek verdelg: Ek sal hulle oppas soos dit reg is...
Eségiël 34:28 En hulle sal nie meer 'n prooi vir die nasies wees nie, en die wilde diere van die land sal hulle nie opeet nie; maar hulle sal veilig woon sonder dat iemand hulle verskrik.

Ons is besig met die evangelie van die koninkryk van God. Ons het nou gesien wie is God, ons het gesien hoe Sy koninkryk gekaap is deur die Satan en hoe die Satan vir homself 'n koninkryk opgerig het. Ons het gesien hoe Hy terugkom en Hy gaan die koninkryk met geweld vat, en dan gaan Hy Sy volk haal uit die hele wêreld uit waarnatoe hulle verstrooi is en hulle by Hom sit, en dan sê vers 28: *en hulle sal nie meer 'n prooi vir die nasies wees nie.* Ons is nou die prooi van die nasies, ons is uitgelewer aan hierdie stelsel – 28B: *en die wilde diere van die land sal hulle nie opeet nie; maar hulle sal veilig woon sonder dat iemand hulle verskrik.*

Ons moet hierdie nie net meet aan ons eie omstandighede in ons eie tyd nie, dink aan die Voortrekkers wat Afrika ingegaan het – hoe moeilik was dit vir hulle? Hulle was opgevreet deur die wilde diere en deur die nasies en hulle het swaargekry en baie van hulle is dood daar, maar baie van hulle gaan opgewek word uit die dood uit – hulle gaan Hom in die lug tegemoet en gaan hulle ewige erfenis kry.

Eségiël 34:29 En Ek sal vir hulle plante van naam verwek, sodat hulle nie meer deur hongersnood in die land weggeruk sal word nie en die smaad van die nasies nie meer sal dra nie. *(Dit wys na Sy koningskap en Sy koninkryk – dit is die herstelde aarde)*

Eségiël 34:30 Maar hulle sal weet dat Ek, die HERE hulle God, met hulle is, en dat hulle, die huis van Israel, my volk is, spreek die Here HERE.

Wie wil met Hom argumenteer? As ek dit in die moderne taal lees: *maar hulle sal weet dat ek Yahweh hulle God met hulle is en dat hulle, die kerk, My volk is, spreek Yahweh*. Staan dit daar? Het die kerk iets te doen met hierdie situasie? Is die kerk iewers genoem? Nee! Hoekom? Want die kerk is die voertuig van die evangelie van hierdie wêreld en nie van God nie – Hy het 'n volk, nie 'n kerk nie.

Eségiël 34:31 En julle is my skape, die skape van my weide; julle is mense, Ek is julle God, spreek die Here HERE.

Moet nie die verse te vinnig lees nie, kyk wat staan hier: *34: 30 Maar hulle sal weet dat Ek, Yahweh hulle God, met hulle is*... Hier is twee partye, dit is God en hulle. Wie is hulle? ...*en dat hulle, die huis van Israel, my volk is*... Dit is die twee partye, dit is God en die huis van Israel. *34:31 En julle is my skape, die skape van my weide; julle is mense*... Wie is mense? Wat sê die wêreld is 'n mens? *Iemand wat 'n spoor trap met vyf tone daar voor en 'n hakskeen agter en wat 'n skoen aantrek,* is 'n mens. Wat sê die Woord is 'n mens? Let op wat staan hier: *julle is die skape van My weide, huis van Israel, julle is mense.* Is daar verlossing vir alle mense? Ja! Hoekom? Want alle mense is die huis van Israel – die huis van Israel is mense. Die wetenskap het besluit *homo sapiens* is iets anders – God het nie dit gesê nie, hier sê Hy wat is 'n mens.

Ons lees uit die Woord van God, Hy praat. Hy sê vir Eségiël: *sê dit,* en Eségiël skryf dit en ons lees wat Hy gesê het – ons is besig met die Woord van God, ons is besig met die onvervalste melk van die evangelie. Ons moet dit hoor en ons moet dit verstaan.

Eségiël 36:1 En jy, mensekind, profeteer tot die berge van Israel en sê: Berge van Israel, hoor die woord van die HERE!
Eségiël 36:2 So sê die Here HERE: Omdat die vyand ha, ha! oor julle roep; en: Die ewige hoogtes het vir ons 'n besitting geword! —

Hier is dit presies dieselfde. God sê profeteer, dit is Sy woorde. Waar is die berge van Israel? As jy soontoe gaan dan sien jy daar is berge, dit is die land Israel, en Hy sê: *praat met die berge van Israel, hoor die Woord van Yahweh*... Hy praat van die grond, die land, en die vyand sê dit is nou myne – *haha, dit is nou myne, dit het vir ons 'n besitting geword*. Wat het vir hulle 'n besitting geword? Die ewige hoogtes. Hoekom is dit die ewige hoogtes? Dit is die uitverkore land – daar is 'n uitverkore volk en daar is 'n uitverkore land, en die vyand sê: *dit is nou myne.* Weet ons dit?

Eségiël 36:3 daarom profeteer en sê: So spreek die Here HERE: Omdat, ja, omdat hulle *(die vyand)* julle *(die berge, die land, die grond)* van alle kante verwoes en vertrap het, sodat julle vir die oorblyfsel van die nasies 'n besitting kan wees, en julle *(die berge, die land, die grond)* in opspraak gekom het en deur die mense beskinder is—

Vader let dit op en Hy sê *Ek sien wat die vyand sê.* Wat gebeur nou daar in die land Israel? Kyk wat staan hier: *sodat julle vir die oorblyfsel van die nasies 'n besitting kan wees*. Wie bly nou daar? Elke Jan Rap en sy maat. Al die nasies... Die een sê *ek is 'n Jood,* en daar gaan hy... *ek is 'n Moslem,* en daar gaan hy... Waar is hulle? In die heilige land, die uitverkore land. Vader sê *Ek sien dit, Ek let dit op.*

Eségiël 36:4 daarom, o berge van Israel, hoor die woord van die Here HERE. So spreek die Here HERE tot die berge en die heuwels, tot die klowe en die dale, tot die verwoeste puinhope en die verlate stede wat 'n buit en 'n spot geword het vir die oorblyfsel van die nasies wat rondom is—

Hoe lyk Jerusalem vandag? Dit is 'n aaklige plek. Hoe lyk die res van die land van Israel vandag? Dit is 'n woestyn. As hulle vir jou sê jy kan 'n plaas van 500 hektaar daar kry, wat moet jy daarmee maak? Jy gaan met klippe moet boer – daar is niks.

Eségiël 36:5 daarom, so sê die Here HERE: Waarlik, in die vuur van my ywer spreek Ek teen die oorblyfsel van die nasies en teen die hele Edom wat my land vir hulleself as besitting bestem het—in volle vreugde van die hart, met diepste veragting—sodat die weiveld daarvan 'n buit sou wees.

*Edom wat my land vir hulleself as besitting bestem het* – wanneer het dit gebeur? Nou, en in 1948 het dit begin. Hulle is almal daar, en wat sê hulle? *Dit is ons land*... Vader sê *dit is wat jy dink, in die vuur van my ywer spreek Ek teen die oorblyfsel van die nasies en teen die hele Edom*...

Eségiël 36:6 Daarom, profeteer oor die land van Israel, en spreek tot die berge en die heuwels, tot die klowe en die dale: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek spreek in my ywer en in my grimmigheid, omdat julle die smaad van die nasies gedra het.

Israel kry swaar onder die smaad van die nasies. Daai lotte wat daar is sê *ons is die Israeliete* en hulle plaas al swaarder las op die regte Israeliete, elke dag...

Eségiël 36:7 Daarom, so sê die Here HERE, hef Ek my hand op: Waarlik, die nasies wat rondom julle is—hulle sal hul smaad dra.

Dit beteken hulle gaan hulle loon kry – daai lotte wat nou daar is en sê *ons is die volk van God en hierdie is ons land,* hulle gaan hulle loon kry.

Eségiël 36:8 Maar julle, o berge van Israel, sal jul takke gee en jul vrugte dra vir my volk Israel; want hulle koms is naby.

Het dit al gebeur? Nee, want die land lyk nog net so treurig, dit is nog steeds 'n woestyn. Wat gaan gebeur as Yahshua daar is en Hy vat sy volk soontoe? Vers agt gaan gebeur. Die land Israel gee nou vir niemand wat daar bly iets nie, jy kan op 'n teerpad bly of op 'n sementblad – jy gaan dieselfde opbrengs kry. Daar is niks. Hoekom? Want die land gee nie sy opbrengs nie, maar hy gaan. Wanneer gaan hy?

Eségiël 36:9 Want kyk, Ek kom na julle en wend My na julle toe, en julle sal bewerk en besaai word.

Wie praat? Yahshua praat, Hy sê *Ek kom na jou toe berge, klowe, dale, lande – Ek kom na jou toe.* Hoe gaan Hy dit doen? Hy kom in die vlees. Hy is Yahshua en Hy kom op die wolke. Waar gaan Hy heen? Hy gaan *soontoe.* Wat gaan daar gebeur?

Eségiël 36:10 En Ek sal mense op julle vermenigvuldig, die hele huis van Israel, almal saam; en die stede sal bewoon en die puinhope opgebou word.

Is dit nou al opgebou? Nee, dit is voor ons oë – moenie dwaas wees nie, kyk en sien dit is aaklig daar!

Eségiël 36:11 Ja, Ek sal mense *(ons weet nou wat is mense – Eségiël 34:31 En julle is my skape, die skape van my weide; julle is mense...)* en diere op julle vermenigvuldig, en hulle sal vermenigvuldig en vrugbaar wees; en Ek sal julle laat bewoon soos in jul voortyd en aan julle weldoen meer as in julle vroeër dae, en julle sal weet dat Ek die HERE is.

Wat is die "vroeër dae"? Wat is die beste tyd wat die land Israel beleef het? Koning Dawid. En daarna? Salomo. Dit was die hoogtepunt, en Hy sê dit gaan beter wees. Is dit nou beter? Nee! Hoekom? Want 1948 is 'n hoax – dit het nie gebeur nie, die volk is nie terug soontoe nie, want die teruggaan van die volk na die land Israel toe, gaan saam met die wederkoms van Yahshua, en Hy gaan dit herstel – dit het nog nie gebeur nie. Dit gaan beter wees as wat dit ooit was en dit is nie nou beter nie.

Eségiël 36:12 En Ek sal mense op julle laat loop, my volk Israel; en hulle sal jou in besit neem, en jy sal vir hulle 'n erfenis wees en hulle verder nie meer kinderloos maak nie.

Wie gaan op hulle loop en hulle in besit neem? Sy volk Israel, nie die kerk nie. Wedergebore Israeliete gaan soontoe, hulle gaan die volk wees wat die land in besit gaan neem – dit is hulle erflating. Hoekom aan hulle? Want daar is 'n belofte aan hulle voorvader Abraham gemaak, en dit is heraal in Isak en aan Jakob. En by die berg Sinai het Hy dit vir die hele volk gesê: *Hierdie land wat julle na heen gaan is julle s'n tot in ewigheid.* Abraham het dit nooit geërf nie, dit is 'n belofte aan hom – hy het dit nooit geëef nie, maar hy gaan. Wanneer Yahshua kom op die wolke gaan Abraham opstaan uit sy graf, en waar gaan hy heen? Hy gaan die die land Israel erf.

Eségiël 36:13 So spreek die Here HERE: Omdat hulle *(Israeliete)* vir julle *(die berge)* sê: 'n Menseter is jy en een wat sy eie nasie kinderloos maak—

As ons weet wie elke keer van gepraat word, is dit baie makliker om te volg wat die profeet sê. Dit is hoekom die profesieë vir meeste mense chaos is, want as jy hierdie lees en jy weet nie hy praat van fisies die berg nie, dan wonder jy van wie praat hy nou – *is dit nou die Israeliete wat nou hulle self eet, of wat is nou hier aan die gang…?*

Eségiël 36:14 daarom sal jy nie meer mense opeet en jou nasie nie meer laat struikel nie, spreek die Here HERE.

Hoekom sê Yahweh dit? Want die ondergang van Israel het daar gebeur.

Eségiël 36:15 En Ek sal nie meer teen jou laat hoor die skimp van die nasies nie, en die smaad van die volke sal jy nie meer dra nie; en jy sal jou nasie nie meer laat struikel nie, spreek die Here HERE.

Met wie praat Hy? Met die land Israel, die grondgebied. Hy sê die Israeliete in jou sal nie meer swaarkry nie.
Eségiël 36:16 Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:
Eségiël 36:17 Mensekind, toe die huis van Israel in hulle land gewoon het, het hulle dit verontreinig met hul wandel en met hul handelinge; hulle wandel was voor my aangesig soos die besoedeling van die maandelikse onreinheid.

Nou hier is die probleem van die god wat die wêreld verkondig, en hulle sê Hy het die probleem: Yahweh sê Hy het 'n oplossing, die wêreld sê daar is nie 'n oplossing nie. Yahweh sê Israel was in hulle land, dit was 'n belofte. Hulle moet daar wees – *dit is hulle erflating, maar toe was hulle optrede geweldig sleg en toe het Ek opgetree*. Nou sê vers 18:

Eségiël 36:18 Daarom het Ek my grimmigheid oor hulle uitgegiet, vanweë die bloed wat hulle in die land vergiet het, terwyl hulle dit met hul drekgode verontreinig het.
Eségiël 36:19 En Ek het hulle verstrooi onder die nasies en hulle is versprei in die lande; Ek het hulle geoordeel volgens hul wandel en hul handelinge.

Nou ons ken hierdie geskiedenis, dit is wat gebeur het. Die noordelike 10 stamme is in ballingskap. Hoekom? Oor hulle optrede – en die suidelike 2 stamme is in ballingskap oor hulle optrede. Vader sê dit is so: *julle het verkeerd opgetree en Ek het dit (vers 19) gedoen*, maar daar is 'n gevolg en dit is wat ons nou moet sien…

Eségiël 36:20 En toe hulle by die nasies kom waarheen hulle getrek het, het hulle my heilige Naam ontheilig deurdat van hulle gesê is: Hierdie mense is die volk van die HERE, en hulle moes uit sy land uittrek.

Goed, so wat sê Vader? *Julle was in die land en Ek het julle verstrooi en toe julle daar by die nasies kom, het julle My naam ontheilig*. Is dit 'n probleem? Ja, dit is 'n absolute probleem, daarom bid ons: *laat U Naam geheilig word*… Sy Naam is ontheilig. Wat is Sy Naam? *EK IS WAT EK IS.* As Sy Naam ontheilig is, is Hy nie wat Hy is nie. Is dit moontlik? Nee, dit is onmoontlik, maar hier is 'n bedreiging, hier is 'n gevaar: toe die verbondsvolk by die nasies kom toe sien Vader Sy Naam word ontheilig. Hier vind 'n ontheiliging van Vader se Naam plaas die oomblik toe Sy volk uit hulle land uitgaan. Hoekom? Want Hy het gesê *dit is julle land tot in ewigheid*… en weg is hulle…

Wat is Sy Naam? *EK IS WAARHEID.* Wat is Sy Naam nog? *MY WOORD SAL NOOIT LEEG NA MY TOE TERUGKEER NIE – My Woord sal nooit verander nie, Ek sal nooit 'n belofte maak wat Ek nie kan vervul nie.* En nou het Hy gesê *julle gaan in hierdie land bly tot in ewigheid* en die nasies sê: *wat maak julle hier? Wat nou van die belofte? Wat van die land waar julle moet in wees? God het dan gesê…! Is Hy nie 'n waarmaker van Sy woord nie?* Waar is hulle (Sy volk) vandag? Hulle is verstrooid. Wat sê die kerk-wêreld: *Hulle is weg.* Wat is die implikasie om dit te sê? Hulle kan nie teruggaan na hulle land toe nie en die gevolg is Sy Naam kan nie geheilig word nie. Sal die Satan nie bly wees as die kerk reg is nie…? As die volk nie kan teruggaan na die beloofde land toe nie, dan kan Vader se Naam nie herstel word nie. Sy Naam is ontheilig, want die volk is nie in die land nie, maar ons het gelees Hy het gesê *Ek gaan julle haal uit al die uithoeke van die aarde en julle bring na julle land toe en dit sal My Naam heilig.* Ons moet dit sien: jy laster as jy sê die volk van God, die nageslag van Jakob, gaan nie terug na die beloofde land nie – jy laster, jy vat die kant van die Satan, want die Satan sê Sy naam is geskend en dit sal geskend bly.

Vader sê *dit sal nie, Ek sal My volk, die nageslag van Jakob, terugvat na die land toe wat aan hulle behoort*. Dit is nie die Jode in 1948 nie, daai is Satan se weergawe.

Eségiël 36:21 Toe het dit My ter harte gegaan om my heilige Naam ontwil wat die huis van Israel ontheilig het onder die nasies waar hulle gekom het.
Eségiël 36:22 *Daarom*, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat julle ontheilig het onder die nasies waar julle gekom het.

Vader sê die feit dat hulle teruggaan na die land toe, waar hulle moet wees, ter wille van Sy Naam is. Primêr, prioriteit nommer een is dat God se Naam geheilig moet word. Hoe? Die volk Israel, die nageslag van Jakob – nie elkeen wat besluit het hy moet 'n Israeliet wees nie – elkeen wat die nageslag van Jakob is, moet teruggaan na die land Israel toe – dit gaan Sy Naam herstel. Wat sê ons? *Jammer, die volk bestaan nie meer nie en kan nie teruggaan nie – U Naam kan nie herstel word nie.*

Daarom, pas op wat jy sê, pas op wat jy glo, pas op wie se evangelie jy verkondig, want dalk is jy net besig met die Satan se evangelie. As jy sê die nageslag van Jakob bestaan nie meer nie, hoe gaan God sy Naam herstel? Of gaan die heelal nou maar sê die Almagtige se Naam is ontheilig en sal nou maar vir altyd ontheilig bly? Kies kant – wil jy in die guns van die wêreld wees, of wil jy in guns by God wees? Wil jy hê Sy naam moet herstel word, of gee jy nie om nie? As dit jou God is en jy is lief vir Hom en jy weet Hy is die instandhouer van alle dinge, dan sal dit vir jou belangrik wees dat Sy Naam herstel moet word – Sy Naam kan nie ontheilig wees nie, want Hy is wie Hy is. As Sy Naam ontheilig is, is Hy nie wie Hy is nie – dan is Hy 'n leuenaar.

Is dit belangrik dat Israel moet teruggaan na die beloofte land toe? Dit is kardinaal! Weet die Satan dit ook? Ja! Wat wil hy doen met Israel in die laaste dae? Vernietig. Hoe doen hy dit? Daar is twee maniere: hy maak hulle dood en hy verbaster hulle, en dan kan hulle nie teruggaan na die beloofde land toe nie. Satan se plan is dat wanneer Yahshua kom, Hy geen Israeliet op die aarde sal vind nie.

Gaan die nageslag van Jakob teruggaan na die beloofde land toe? Ja! Hoekom? Want God sê so, ter wille van Homself. Kan iemand dit keer? Niemand kan dit keer nie. Het dit in 1948 gebeur? Nee, dit is 'n grap, dit is 'n nabootsing van die Satan – dit gaan nog gebeur.

Eségiël 36:23 En Ek sal my grote Naam heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het; en die nasies sal weet dat Ek die HERE is, spreek die Here HERE, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken.

Goed, Yahweh sê Hy gaan dit regmaak. Hoe?

Eségiël 36:24 En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring.

Ons dink die evangelie van die koninkryk van God draai om ons, maar ons is verkeerd – dit draai om Hom. Hy is dit waarom alles draai. Die volk sal teruggaan, ongeag wat ons sê, ongeag wat die Satan sê, ongeag wat die kerkleraars sê, ongeag wat die oorlewering sê, ongeag wat die Fariseërs en die Skrifgeleerdes sê – die volk sal teruggaan, want Sy Naam gaan herstel word. Of ons deel daarvan is of nie, is ons keuse. As ons Hom glo, as ons doen wat Hy sê, as ons Hom vat op Sy woord, gaan ons saam. As ons Sy vyand is en 'n ander evangelie verkondig, sal ons in hierdie koninkryk bly – en Sy wraak is op hierdie koninkryk.

Eségiël 36:25 Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig.
Eségiël 36:26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.

Hier is nou die maatstaf om te kyk of hulle wat nou daar is, die van 1948, die vervulling van die profesie is. Die wêreld sê *ja, beslis!* Hoe lyk hulle? Hulle is Godloënaars, hulle is ateïste en moordenaars, hulle is diewe. Hoe lyk die volk wat soontoe moet gaan? God sê *Ek sal julle reinig en Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee en Ek sal jou hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.* Het dit gebeur? Nee! Wat sê die kerke wat sê dit (1948) is die volk van God? *Dit moet nog gebeur, Israel is terug in hulle land, maar daar kom 'n dag wat hulle almal hulle tot God gaan wend*. Regtig?

Hierdie 1948 is al ‘n rukkie terug, wanneer gaan dit dan gebeur, want die volk is mos daar? Hulle dien ander gode en hulle gaan dood – dit is al die volgende geslag, 'n hele geslag is al dood. Hulle ken God nie... Hulle het hulle nie bekeer nie... Wanneer gaan dit dan nou gebeur? Gaan dit ooit gebeur? Nee, hulle kom met bekeerde harte daar – die wat nie ‘n bekeerde hart het nie, gaan nie soontoe nie. Wanneer? As Yahshua soontoe gaan.

Hoe kry ek 'n nuwe hart en hoe kry ek 'n nuwe gees in my binneste? Wedergeboorte...

Eségiël 36:27 En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. *(Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond sal sluit... Jeremia 31:31-34)*

Wat gaan Hy doen? Hy gaan die hart van klip uit hulle binneste uithaal en hulle ‘n hart van vlees gee en gaan Sy Gees in hulle binneste gee. En dit is wat hier staan – dit is Eségiël wat dit sê. Dit gebeur nou met ons, ons kry ‘n nuwe hart. Die laaste 2000 jaar kry die nageslag van Jakob 'n nuwe hart en die Gees kom woon in hulle. En wanneer Yahshua kom op die wolke, gaan ons Hom in die lug tegemoet en ons gaan na Hom toe. Almal wat daar gaan wees gaan so lyk, en die wat nie so lyk nie gaan Hy uitroei – die wat nou daar (in Israel) sit en sê *ons die volk van God,* Hy gaan hulle uitroei, hulle gaan vlug soos jy nog nooit 'n vlug gesien het nie. Hoeveel van hulle wat gaan wegkom, weet ek nie, maar Hy gaan geweldig kwaad wees – dit is wat ons hier lees. Hy gaan daar aankom mét Sy volk, hulle gaan nie dáár vir Hom wag nie.

Dit is die nageslag van Edom wat nou daar is. Ons is besig met die woord van God en ons is besig met die evangelie van die koninkryk van God, ons kan nie hierdie uitsny en sê ek kan dit nie verkondig nie. Mense sal nie daarvan hou nie, hulle sal sê *kry ander mense waaraan jy die die evangelie van die koninkryk van God verkondig.* Toe Yahshua die evangelie van die koninkryk van God verkondig het, het die mense gesê: *die woord is hard, wie kan daarna luister!* – en hulle het geloop. Het Hy Sy evangelie verander? Nee, Hy het nie, Hy het net vir die mense wat nog steeds daar gestaan en geluister het gesê: *wil julle nie ook maar loop nie?* Petrus sê toe: *hoekom, want waar sal ons heengaan? U het die woorde van die ewige lewe.* Die woorde van die ewige lewe is so hard, dat mense nie daarna kan luister nie – hulle loop. Ons moet dit weet – as jy gepaai wil word in die gehoor, is jy uitgelewer aan die menigte predikers wat die mense vir hulleself bymekaar gemaak het om hulle in die gehoor te streel. Kies waar jy wil wees. Die smal pad of die breë pad, die een vol klippe en dorings en opdraendes, of die afdraende snelweg. Watter ene? Wat kies ons? Die maklike pad. Moet dit nie kies nie! Waar gaan dit heen? Na die hel toe! Waar gaan die ander een? Na die koninkryk van God toe – en as jy daar kom is daar ‘n smal poort, maar jy moet deurgaan...

Eségiël 36:28 En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My ‘n volk en Ek sal vir julle ‘n God wees.

As jy daar kom en jou voorvader was nie daar nie, mag jy nie daar wees nie. Wie is die erfgename van die land? Geslagte. Jy moet uit daai geslag uit kom, anders kan jy nie soontoe gaan nie – dit is wat hier staan: *en julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het.* So, iewers moet jy 'n oupagrootjie en oer-oupagrootjie hê wat daar was. Op die einde van die dag moet jy uit die nageslag van Jakob wees en jy moet 'n nuwe hart hê, anders sal jy nie daar kom nie. Wie sê so? God sê so, hier lees ons dit – Hy sê dit. Sê Hy iets van 'n kerk? Is dit nie 'n lekker alternatiewe evangelie van die Satan nie? ‘*Anything goes...’* Enige iemand, enige manier, ons gaan hemel toe... Nee, dit is 'n ander evangelie, dit is die “gehoor-streel evangelie” – daar is net geen weerstand nie, daar is geen voorwaardes nie – te lekker... Maar God hét voorwaardes. Hy sê *as jy nie die nageslag is van Jakob nie, moenie aansoek doen nie – jy is uitgesluit, Ek diskrimineer.* Wat sê die wêreld? *Verbode!* Hy kom op die wolke, hulle sien Hom en sê *ons wil Hom nie hê nie, hy diskrimineer.* God sê, *dit is reg, Ek diskrimineer en ek gaan dit op julle afdwing*. Die eerste ding wat Hy doen wanneer Hy kom: Hy skei die skape van die bokke.

Eségiël 36:29 En Ek sal julle verlos van al jul onreinhede; en Ek sal roep na die koring en dit vermenigvuldig, en Ek sal geen hongersnood op julle lê nie.

Nou dink nou, het dit in 1948 gebeur?

Eségiël 36:30 En Ek sal die vrugte van die bome en die opbrings van die veld vermenigvuldig, sodat julle die smaad van hongersnood nie meer hoef te verdra onder die nasies nie.

Vader sê Hy gaan die land pragtig maak, hongersnood gaan daar nie van sprake wees nie, die land sal sy opbrengs gee. Voer ons baie goed in van Israel af? Seker so? Gaan vir 'n toer en kyk hoe lyk dit daar. Maar, daar is 'n groter bewys...

Eségiël 36:31 Dan sal julle dink aan jul verkeerde weë en aan jul handelinge wat nie goed was nie; en julle sal vir julleself walglik wees oor jul ongeregtighede en oor jul gruwels.

Gebeur dit nou daar, is daar iemand daar wat hulle bekeer tot die Almagtige en sê *ons as 'n volk het 'n vreeslike lewe gelei?* Daar is nie eens 'n volk nie... daar is 'n mengelmoes van nasies, 'n oorblyfsel van die nasies. Dit is regtig wat dit is, dit is enige ou wat sê *ek is 'n jood, ek gaan soontoe.* Daar is swartes en geles en groenes en bloues – enige iemand... En dít is die volk van God? Wat moet gebeur as Yahshua daar kom? Berou, daar moet moet absolute berou kom van die volk, en daai volk is wedergebore mense – hulle kom daar en sê: *watter lewe het ek gelei! Dankie vir U genade!* Dit is wat daar gaan gebeur.

*Dan sal julle dink aan jul verkeerde weë en aan jul handelinge*: Onthou, dit kom oor geslagte. Vader het vir Abraham, Isak en Jakob gesê: *in jou sal al die geslagte van die aarde geseën wees.* Dit is 'n tydvak; geslagte. Abraham is die eerste geslag, Isak is die tweede geslag, Jakob is die derde geslag, die twaalf seuns is die vierde geslag, en die vyfde geslag is hulle kinders, en die sesde geslag en die sewende... al die geslagte van die aarde sal in Abraham geseën wees, nie al die volke van die nasies van Abraham sal geseën wees nie, *al die geslagte.* Hoeveelste geslag is ons? Ek weet nie... soveelste geslag. En al die geslagte gaan terug. Nou dink nou ons kom daar saam met die veertiende geslag, ons kom daar saam met die sewende geslag, ons kom daar saam met die eerste geslag – al die geslagte gaan daar wees, en elkeen gaan spyt hê oor 'n ander deel van sy geslag van Israel. Die wat in die woestyn gesterf het, hulle gaan sê: *ons handelinge was verskrik!* Die wat in die beloofde land ingegaan het en afvallig geword het en ander Gode gedien het, gaan sê: *ons handel was verskriklik! Ons het berou daaroor...* Die wat in die tyd van die konings van Israel gelewe het, gaan sê: *ons het verskriklik geleef!* Ons wat in die laaste geslag is gaan sê: *ons het verskriklik gelewe!*
36:31 b: *en julle sal vir julleself walglik wees oor jul ongeregtighede en oor jul gruwels.* Gebeur dit nou daar in Israel? Dit doen nie, dit is nou gruweliker as ooit. Is al die geslagte daar, het Abraham opgestaan – is hy daar? Hy is nie daar nie, dit is vals, dit is 'n leuen – dit moet nog gebeur. Die hele Israel gaan soontoe, die wat gesterf het gaan opstaan en hulle gaan soontoe.

Eségiël 36:32 Ek doen dit nie om julle ontwil nie, spreek die Here HERE; laat dit julle bekend wees! Skaam julle en bloos oor jul weë, o huis van Israel.

Hoekom doen Hy dit? Vir Sy Naam – Hy herstel Sy Naam eerstens.

Eségiël 36:33 So sê die Here HERE: In die dag as Ek julle reinig van al jul ongeregtighede, sal Ek die stede laat bewoon, en die puinhope sal opgebou word.
Eségiël 36:34 En die verwoeste land sal bewerk word, in plaas dat dit 'n wildernis is voor die oë van almal wat verbygaan.

Hoe lyk dit nou? 'n Wildernis! Ek waarborg jou, as iemand jou met 'n kar 'n 100km uit die stad uit vat en hy sit jou in die veld – jy gaan doodgaan van die honger en jy gaan doodgaan van die dors. Daar is niks.

Eségiël 36:35 En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon.

*het geword soos die tuin van Eden...* Dit moet ons verwagting wees. Hoe lyk die tuin van Eden? Dit is hemels! Lyk dit nou so? Suid-Afrika lyk beter, ons het 'n mooi land... Is ons dan mooier as die tuin van Eden? Nee, ons is nie – daai land is vervloek, ander nasies bly daar wat nie daar moet wees nie en wat sê *dit is ons land.* En die land gee geen opbrengs nie. Toe Israel die beloofde land ingetrek het, het hy sy opbrengs gegee – dit is die land van melk en heuning. Is dit nou die land van melk en heuning? Nee, dit is nie – mense bly dit sê, maar dit is nie. Dit is 'n vervloekte plek, daar is min plekke op die aarde waar dit slegter gaan – ek dink die Sahara gaan dit dalk slegter, maar net net... Nou sê Vader: *soos die tuin van Eden.* Wat is ons verwagting? 1948? Ek dink in 1948 het die kerkmense wat gedink het dit is die vervulling van die professie, verwag het dat hierdie land nou gaan bloei – daar gaan nou pragtige goed daar uit gebeur. Daar het niks gebeur nie, dit het net meer agteruit gegaan. Ek praat nie eers van die bedrog en en moord wat nou aan die gang is daar nie...

*En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden*... Wie is hulle? Dit is die mense wat buitekant staan en inkyk, en Israel is daar, hulle sien dit en sê *jitte, maar kyk hoe word dit verander, kyk hoe word dit getransformeer! Die stede word opgebou, die puinhope word herstel, en die plante groei soos in die tuin van Eden! En die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en word bewoon!*

Eségiël 36:36 Dan sal die nasies weet wat rondom julle oorgebly het, dat Ek, die HERE, opgebou het wat afgebreek was, beplant het wat verwoes was; Ek, die HERE, het dit gespreek en sal dit doen.

Wat gebeur dan? Sy Naam is herstel. Sy Naam is nie nou herstel nie, die volk is nie daar nie. Mense wat nou sê die volk is daar, dit is net hulle wat so sê. Die heelal weet, daar is hemelwesens wat ons nie eens van weet nie – ons lees van die engele, ons lees van die oorlog in die hemel – daar is hemelwesens en hulle almal sê Vader se Naam ly skade. En ongeag wat ons sê wat hier gebeur, Sy Naam ly skade – Sy volk is nog nie in hulle land nie. Daar is hemele, waarvan ons net een is – Paulus praat van iemand wat hy van weet wat weggeruk is tot in die derde hemel. Daar is ander hemele, daar is ander hemelwesens en hulle weet wat hier aangaan, hulle weet Vader se Naam is ontheilig. Hulle vra, *gaan dit herstel word? Wanneer gaan dit herstel word? Hoe gaan dit herstel word?* Hier in Eségiël sê Vader hoe Hy dit gaan doen. *Ek gaan my volk haal en Ek gaan hulle terugbring in hulle land waar hulle moet wees, en die belofte wat Ek gemaak het aan Abraham en Isak en Jakob sal in vervulling gaan. En hulle sal daar bly en hulle sal gelukkig wees en die land sal lyk soos die tuin van Eden en hulle sal daar wees tot in ewigheid.* En sy Naam is herstel...

Ons hoor die evangelie van die koninkryk van God – is ons medewerkers of is ons vyande? Is ons vyande van Sy volk wat moet teruggaan na hulle land toe, sodat Sy Naam herstel kan word? Is ons vyande van hulle, dan is ons vyande van God – Hy sal ons verdelg. As jy 'n medewerker is, as jy sê *maar ek is 'n kind van God*, vat Sy kant, stry vir Hom. Weet dat Sy volk moet teruggaan, en Sy volk is die nageslag van Jakob – dit is 'n geslag, *die kind van die kind van die kind van*... Sy volk bestaan nie uit iemand wat sê *ek voel ek assosieer as 'n Jood* en nou is jy 'n Jood nie, of vir 'n jaar lank ondersteun jy hulle kultuur en 'n Rabbi sê vir jou nou is jy Jood nie – jy kan dit nie doen nie, dit is 'n geslag. Jou voorvaders moes daar gewees het. As jy jou geslagte terugvat, moet jy iewers by Jakob uitkom, en by Isak, en by Abraham. As jy dit nie kan doen nie – jy is nie deel van hierdie gesprek nie. Dit gaan Vader se Naam nie herstel as iemand buite die geslag van Jakob teruggaan na die beloofde land nie, want dit is die probleem – húlle moet daar wees, dit is die belofte. Ons is in so 'n staat, ons weet nie eers wie is die nageslag van Jakob nie, want die kerk leer ons hulle het tussen die nasies in verdwyn. Hulle is tussen die nasies in verstrooi, dit is die waarheid.

Ons is nou meer as 400 jaar in Afrika, het ons swart geword? Ons het nie, ons lyk nog net soos ons gelyk het. Met enorme druk van die wêreld af om te verbaster, en ons doen dit nie. Waar is die nageslag van Jakob? Onder die nasies verstrooi, maar hulle is orals – jy gaan hulle orals kry. Yahshua kom terug en Hy kom hulle vat na hulle land toe en dit kom Sy Naam eerstens herstel.

Wie het die Jode teruggevat Palestina toe? Die Rothschilds, die Engelse, Sionisme. Sionisme is 'n politieke organisasie wat hulle beywer om die Jode terug te vat na Palestina toe. Is dit Yahweh? Is Yahweh Sionisme? Nee, Hy is Yahweh. Sionisme is 'n politieke organisasie wat die jode teruggekry het, maar hulle was nooit daarvan af verstrooi nie, want 'n Jood is enigiemand wat sê hy is 'n Jood. Dit is nie dieselfde ding nie. God werk presies, perfek – nie min of meer nie. Daai is nie min of meer die vervulling van die profesie nie, dit is leuens – dit gaan nog gebeur en dit gaan presies gebeur, want Yahweh het dit gespreek. Hoe gaan Hy dit doen? Hy gaan kom op die wolke, Yahweh gaan kom op die wolke en ons noem Hom Yahshua. Wat beteken Yahshua? HY IS MY GEREGTIGHEID. Hy is my Geregtigheid gaan kom op die wolke en Hy gaan Sy volk versamel uit die vier hoeke van die aarde en Hy gaan hulle bymekaar maak en Hy gaan hulle bring in hulle land wat Hy aan hulle beloof het en Hy gaan oor hulle Koning wees en Hy gaan regeer oor die huis van Jakob, tot ewigheid.

Wat het in 1948 gebeur? Iets anders – ontken dit, distansieer jou daarvan. Wat gaan hulle jou noem? Antisemities. Dankie, ek wil antisemities wees, ek is nie deel van dit nie – ek behoort aan Yahweh.

Eségiël 36:37 So sê die Here HERE: Ook dit sal Ek My laat vra deur die huis van Israel om dit vir hulle te doen: Ek sal hulle mense vermenigvuldig soos skape.
Eségiël 36:38 Soos die geheiligde skape, soos die skape van Jerusalem op sy feestye, so sal die stede wat in puin lê, vol wees van kuddes van mense; en hulle sal weet dat Ek die HERE is.

Mense, daar gaan mense wees. Wat is mense? *En julle is my skape, die skape van my weide; julle is mense*... Yahweh het gesê Hy gaan die land Israel vol mense maak – dit is die nageslag van Jakob. Ons moet wakker word en kyk en sien – dit wat die wêreld vir ons voorhou is nie wat die profete gesê het nie. Vader sê *Ek doen niks voordat ek dit nie deur my profete bekend gemaak het nie,* en Hy het nie gesê die oorblyfsel van die nasies gaan Hy die land laat beërf nie – Hy het gesê *hulle loon sal op hulle kop neerkom*. Vader kom met 'n vaart terug Israel toe, en hulle gaan spaander. Hulle baklei oor Jerusalem – dit is nie hulle s'n nie. Hulle baklei oor Israel – dit is nie hulle s'n nie. Netanyahu is besig met 'n weermag om ander volke, die oorblyfsels, daar uit te skiet en te sê *dit is myne!* Die Koning is amper hier, Netanyahu sal nog sien – hy gaan nog vlug vir Hom, want dit is nie sy land nie, dit is Israel se land.

Die duiwel het ons so mislei met die evangelies van die koninkryk van die wêreld, dat ons geen benul het waaroor die evangelie van die koninkryk van God gaan nie. As ons die profete gaan lees, dan is dit duidelik: as jy 'n fondament moet bou met die planne wat hierdie argitek vir jou gegee het, gaan jy nie sukkel nie – Hy het dit presies gemaak, maar die Satan het Sy planne gevat, Sy bloudruk, en vir ons 'n ander een gegee en gesê: *bou hierop* – en dit lyk vir ons min of meer soos ons kan onthou dit omtrent moet wees: en ons bou en ons bou, maar dit is heeltemal verkeerd. Ons het die bloudruk van die Almagtige, ons lees dit net nie. Ons kry die geredigeerde weergawe van die kerk en dan bou ons heeltemal op 'n ander plek en op heeltemal 'n ander manier – en dit is op sand... En as die storm kom, dan val dit om.

Ons is nog hier, wat moet ons doen?

Rom 11:33 *o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!*
Rom 11:34 *Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?*
Rom 11:35 *Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?*
Rom 11:36 *Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

# Hoofstuk 6 – Israel word herstel (die dor bene)...

Eségiël 36 verduidelik dat God Sy volk gaan haal uit die nasies waarheen Hy hulle verstrooi het ter wille van Sy Naam – dit is eerstens, Sy Naam moet herstel. Ons moet besef dat dit nou nie eintlik oor ons gaan nie, maar as Sy volk nie teruggaan na hulle land toe nie, dan gaan Sy Naam in oneer bly. So, gebeur gaan dit gebeur – ons moet ons lewe inrig daarvolgens, ons moet ons gedagtes verander om te weet dit is hoe dit is.

Eségiël 37 is net die volgende hoofstuk, en die opskrif sê *Israel word herstel*. Dit gaan oor die doodsbeendere. Baie mense praat van die doodsbeendere, en ons vergeestelik die doodsbeendere, wat reg is, dit het 'n geestelike openbaring, maar dit het 'n baie baie groot fisiese openbaring. Sy volk is fisies en Hy is fisies en Sy koninkryk is fisies. As iets vergeestelik is, is dit nie denkbeeldig nie – dit beteken net dit is ‘n ander dimensie. God is Gees, God is nie denkbeeldig nie, HY IS – ons kan hom net nie sien nie. Die engele is fisies, hulle bestaan, maar ons kan dit net nie sien nie. So, ons het tekortkominge, en dan as ons hoor iets is geestelik of vergeestelik, dan dink ons dit is denkbeeldig. Dit is nie wat dit beteken nie. Dit beteken net dit is in 'n staat, ‘n dimensie, wat ons nie sien nie en nie verstaan nie, maar dit is 'n werklikheid.

Eségiël 37:1 Die hand van die HERE was op my, en Hy het my uitgebring deur die Gees van die HERE en my neergesit in die laagte; en dit was vol bene.
Eségiël 37:2 En Hy het my by hulle laat verbygaan na alle kante toe; en kyk, daar het ‘n groot menigte oor die laagte gelê, en kyk, hulle was baie dor.
Eségiël 37:3 Toe sê Hy vir my: Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? En ek antwoord: Here HERE, U weet dit.

So, hier is twee vervullinge van die volk van God hier, dit is die geestelike en die fisiese. Wat is bene? Dit is lyke wat al vergaan het, nou is daar net bene. Baie dor beteken lankal dood, spierwit uitgedroog.

*kan hierdie bene lewendig word?...* Wat ‘n vraag. Enige iemand wat nou al in die woestyn geloop het of selfs op 'n plaas in die veld en jy kom op 'n ribbekas van 'n dier af, maar dit lê nou al daar vir ‘n paar jaar, en iemand vra vir jou *kan hierdie ding lewendig word?* Wat sal jy vir hom sê? Eségiël kyk na hierdie bene en vir hom lyk dit onmoontlik, maar hy weet by God is alle dinge moontlik. Ek gaan dit bietjie vooruit loop: hierdie doodsbeendere is Israel, dit is die volk van God. Hoe lyk hulle? Morsdood – dit lê soos hierdie bene die vlakte vol, en ons kyk rond en ons sien hierdie doodsbeendere en ons hoor die evangelie van hierdie wêreld wat absoluut teen dit is – en Vader vra vir ons *kan hierdie bene lewendig word, kan My volk lewe?* Die wêreld se teologie sê *dit is doodsbeendere, hulle het onder die nasies in verdwyn, hulle het ingebaster, hulle is weg – daar is nie meer 'n Israeliet oor nie.*

Eségiël 37:4 Daarop sê Hy vir my: Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van die HERE!

Profeteer. So van die os op die jas: profeteer is nie iets wat 'n profeet besluit om te sê nie. Ons het 'n verkeerde indruk, ons dink as 'n profeet sê dit gaan reën, dan gaan dit reën omdat die profeet so gesê het. Dit is nie wat dit beteken nie. *Daarop sê Hy vir my: Profeteer...* Dit is al wanneer 'n profeet profeteer, as Vader vir hom gesê het *sê dit*, dan sê hy dit – dan gaan dit gebeur, want Vader het gesê dit gaan gebeur, maar dit gebeur nie omdat die profeet gesê het dit gaan gebeur nie – die profeet het net by Vader gehoor dit gaan gebeur en dan sê hy dit. Ons sien dit baie keer oor die konings, en dan word die koning kwaad vir die profeet en sê *jy profeteer slegte dinge oor my*, en dan gooi hulle hom in ‘n tronk. Dit is nie hy wat dit geprofeteer het nie, Vader het dit gesê, maar die koning se indruk was dat daar mag is in die woorde van die profeet. Daar is nul mag in die woorde van die profeet, niks – ons kan sê wat ons wil, wat God gesê het, is wat gaan gebeur.

Eségiël 37:5 So spreek die Here HERE tot hierdie bene: Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word.

Dit is woorde van die Almagtige – dit is gespreek deur Eségiël, hier lees ons dit. Hierdie het werklik gebeur – Eségiël is 'n mens, uitgelewer daai tyd, en Vader het met hom gepraat en Hy het vir hom gesê *sien jy hierdie bene, profeteer oor hulle dat daar kan gees inkom*, en hy het en hier lees ons die profesie. Wat gebeur as Vader iets gesê het? Dit gáán gebeur – dit is onmoontlik dat dit nie gaan gebeur nie. Hy het gesê *laat daar lig wees*, en daar was lig.

Eségiël 37:6 En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en ‘n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek die HERE is.

*en julle sal weet dat ek Yahweh is* – daar is die doel.

*sodat julle lewendig kan word* – geetelik en fisies. Geestelik, hoe? Deur wedergeboorte word ons binnekant lewendig en jy, wat die mens is, gaan nie verlore nie – jy lewe vir ewig. En fisies? Jou liggaam en Eségiël s'n ook. Hoe lyk Eségiël se liggaam op hierdie stadium, hoe lyk sy doodsbeendere? Redelik dood soos hierdie dor beendere.

Eségiël 37:7 Toe het ek geprofeteer soos my beveel was.

Jy kry 'n vals profeet en jy kry ‘n profeet van die Almagtige. Die vals profeet sê wat hy wil sê en die profeet van die Almagtige sê wat God vir hom gesê het. Waar sien ons vandag profete? Hulle staan op die preekstoele. Wat sê hulle? Wat hulle wil sê of wat God sê? Met respek gesê, hulle weet nie eens wat God sê nie, hulle sê wat hulle wil. Hulle besluit onder mekaar wat is God se wil en dan preek hulle dit. Vader sê jy mag nie Sy Naam ydelik gebruik nie. Wat beteken dit as ons Sy Naam ydelik gebruik? Jy sê *so spreek Yahweh* terwyl Hy nie so gespreek het nie – jy besluit *dit is wat Hy sê*. Wat het Vader gesê oor Sy volk? Hy het gesê Hy gaan hulle herstel, Hy gaan hulle regmaak. Wat sê die profete? *Die volk is weg, dit is doodsbeendere, dit kan nooit weer lewe nie.*

Na wie luister ons? Dit is ons keuse. Iemand het eenkeer gesê: *jy kan self besluit wat jy glo, maar jy kan nie besluit wat die gevolg gaan wees van dit wat jy glo nie.* En dit is dieselfde met hierdie, jy kan self besluit na wie jy gaan luister wat hulle profeteer, maar jy kan nie self besluit wat die uitkoms gaan wees nie. Die uitkoms is nie wat die profeet sê nie, die uitkoms is wat God sê. Pasop vir die vals profete.

*Toe het ek geprofeteer soos my beveel was* – is dit ‘n profeet van Yahweh die, of is dit ‘n vals profeet?
*Toe het ek geprofeteer soos ek gedink het dit behoort te wees* – is dit ‘n profeet van Yahweh, of is dit ‘n vals profeet?
*Toe het ek geprofeteer soos ek daarvan hou* – is dit ‘n profeet van die Yahweh, of is dit ‘n vals profeet?

As ons vyftig-duisend denominasies van christen gelowe het met profete, hoeveel van hulle is profete van die Almagtige? Wie is 'n profeet vir die Almagtige? *Toe het ek geprofeteer soos my beveel was deur:* die Almagtige of deur die kerk?

Eségiël 37:7 b was daar ‘n geruis, en kyk—'n beroering! En die bene het nader gekom, elke been na sy been.

Nou wat ‘n iets om te sien! Hierdie is die herstel, hierdie vlakte lê vol doodsbeendere, en dit is mense wat al lankal terug doodgegaan het, en hier profeteer die profeet volgens wat Vader gesê het. Hier gebeur 'n beroering en die bene het nader gekom, elke been sy been.

Eségiël 37:8 Toe kyk ek en—daar was senings op hulle, en daar het vlees op gekom, en ‘n vel is bo-oor hulle getrek, maar daar was geen gees in hulle nie.

Sonder gees – wat het ons dan? Lyke – hier lê ‘n klomp lyke, hulle is te pragtig, hulle is mooi, maar hulle is morsdood.

Eségiël 37:9 Daarop sê Hy vir my: Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees: So spreek die Here HERE: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word.
Eségiël 37:10 En ek het geprofeteer soos Hy my beveel het. Toe het die gees in hulle gekom, en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan—'n ontsaglike groot leër!

Geestelik en fisies. Hierdie is die volk van God. Ons trek hier by Eségiël, nare tyd in die volk se bestaan. Die tien stamme is reeds weg in ballingskap. Eségiël leef in die tyd van die ballingskap van die twee stamme. Hulle is dood, daar is nie meer 'n koninkryk nie. Baie van hulle is uitgeroei, baie van hulle is verstrooi na die vier windstreke van die aarde en niemand praat van hulle nie, niemand dink aan hulle nie, niemand noem hulle nie – hulle is nie meer 'n volk nie, hulle is nie belangrik nie, waar hulle ookal is, is hulle slawe – onbelangrik. Vader sê dit gaan verander.

Waar het ons geestelik doodgegaan? By Adam. *As jy van daai boom eet sal jy sekerlik sterwe* en Adam sê *gee my 'n happie*, en hy sterwe. En ons is uit hom gebore, en hoe is ons? Morsdood, doodsbeendere. Maar die profeet sê ons sal lewendig word, die gees sal in ons inkom.

Eségiël 37:11 Toe sê Hy vir my: Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel. Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!

Is dit nie waar ons ook trek nie? Ons het allerhande planne, ons immigreer, ons begin 'n boerestaat, ons bou skuilings agter in ons erf, en ons maak kos bymekaar – want hoekom? Dit is klaar met ons, ons bene is verdor, ons verwagting is verlore – dit is klaar met ons.

Eségiël 37:12 Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel.

Ons grafte gaan letterlik en geestelik oopgemaak word. Waar is Eségiël? Hy is in 'n graf iewers. En Dawid, waar is hy? En Abraham? Iewers in 'n graf. En ons voorgeslagte? Iewers in grafte. Waar gaan ons heen? Wel, as Yahshua vertoef om te kom, gaan ons ook graf toe. En wat sê Vader? *Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit julle grafte laat opkom*. Nou vir ons is dit eintlik ou nuus, met respek gesê. In Eségiël se tyd was dit absolute nuwe nuus, want hulle het gesê: *wat word van ons as ons doodgaan, wat word van my?* Dawid sê *wat help dit ek is dood, wat help dit ek moet na die doderyk gaan – ek kan nie U Naam besing terwyl ek daar is nie?* Nou kom Eségiël en hy sê *ek het met Vader Yahweh gesels en Hy sê Hy gaan ons grafte oopmaak*.

Nou wonder almal: is dit letterlik, of is dit geestelik? Toe ons almal gesterf het in Adam het Yahshua gekom en Sy lewe vir ons gegee, Hy het ons sonde op Hom geneem en ons is uit Hom gebore en ons het die ewige lewe. Ons kom uit daai graf uit, daai graf van die ewige dood in die ewige lewe. Maar nou gaan ons dood en dan sit hulle ons binne-in 'n boksie en hulle sit jou in die grond – en dan? Daar is goeie nuus:

1 Thessalonisense 4:13 Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.

Hoekom treur die ander? Hulle het nie hoop nie. *My geliefde is dood en ek is nou ook dood – ek is nou geskei van daai persoon en gaan hom nooit weer sien nie.* Paulus sê ons is nie so nie:

1 Thessalonisense 4:14 Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.

In Yahshua ontslaap? Hoe doen ek dit? Ek word in Sy dood gedoop, ek word weer gebore. As dit met my gebeur het en Yahshua kom op die wolke, dan kom ek saam met Hom.

1 Thessalonisense 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.

Onthou, ons is besig met die evangelie van die koninkryk van God. Paulus leef in die tyd van die nuwe verbond, in die tyd waar mense weer gebore kan word, waarvan hy een is – maar waar is Paulus vandag? Doodsbeendere in die graf, maar hy het vir ons hierdie profesie nagelaat – wat hy waar gehoor het? By God self – *want dit sê ons vir julle deur die woord van Yahweh*. Paulus profeteer hier op grond van iets wat Vader vir hom gesê het, hy is nie 'n vals profeet nie.

1 Thessalonisense 4:15 b *...dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van Yahshua:* Dit is nou moontlik party van ons, as Yahshua nou kom op die wolke, dan is dit ons – wie ookal daar gaan wees as Hy kom, hy praat van hulle. Hy sê hulle, en hy het homself geag by hulle, maar intussentyd is hy nie meer een van hulle nie, sal die ontsnapenes, die doodsbeendere, die wat reeds doodgegaan het, hoegenaamd nie voor wees nie. As jy nog lewe as Yahshua kom op die wolke, gaan jy Eségiël nie voor wees nie – jy gaan nie Yahshua ontmoet en later kom die Eségiël nie.

1 Thessalonisense 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

Absoluut voorwaarlik. Dit is belangrik om dit te sien: *die wat in Yahshua gesterf het*. As jy nie in Hom gesterf het nie, moet nie 'n verwagting hê dat jy uit die graf uit gaan opstaan nie, moet nie ‘n verwagting hê dat jy Sy koninkryk gaan deel nie – ‘n vals profeet het vir jou leuens vertel. Jy moet in Yahshua gesterf het.

1 Thessalonisense 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly *(dit is die wat nie gesterf het nie)*, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

Wat gebeur met ons doodsbeendere? Dit staan op, dit word lewendig. Wat het Eségiël gesê? Dit is wat gaan gebeur. Is dit letterlik, is dit fisies? Absoluut. Fisies – wanneer Yahshua kom op die wolke, gaan die grafte oopgaan en die mense wat in Yahshua gesterf het tydens hulle lewe op die aarde, sal uit die graf uit opstaan, hulle doodsbeendere sal lewendig word, hulle gees sal in daai liggaam ingaan en hulle sal Yahshua tegemoet gaan in die lug. Tegemoet gaan? Waarheen is Hy oppad? Aarde toe, Hy kom hiernatoe. Wat sien ons nou sovêr elke keer, waar gaan Hy regeer? Hy gaan uit Jerusalem regeer, uit die beloofde land uit. So, ons gaan Hom in die lug tegemoet – en waar gaan ons heen? Jerusalem toe, en van daar gaan Hy regeer nadat Hy natuurlik almal onderwerp het.

Voordat jy uit die graf uit kan kom moet die gees van God eers in jou inkom – dit is wedergeboorte. Is wedergeboorte belangrik? Ja, dit is die deur na die skaapkraal – daar is nie ‘n ander manier om in te kom nie. Die dief en die rower klim by die venster in, klim oor heining, maar wat gebeur met hom? Na die tyd sien die heer hom en bind sy hande en sy voete en werp hom in die buitenste duisternis (Matthéüs 22:13). Daar is net een manier om in te kom, en dit is deur Yahshua, dit is deur wedergeboorte.

Eségiël 37:13 En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk!

Wie gaan opstaan? Sy volk. En die ander? Wel, ons weet nie, maar ek sien hier net Sy volk...

Nou sien ons dit is letterlik. Ons het 'n stukkie bygesien wat Eségiël nie gesien het nie, wat die mense wat Eségiël se profesieë gehoor het daai tyd nie geweet het nie, en dit is die deel wat Paulus vir ons sê: letterlik gaan ons Hom in die lug tegemoet – as jy reeds gesterf het wanneer Hy kom, gaan jy opstaan uit die dood uit, jy gaan lewendig word. Met watter liggaam? Met die een wat jy nou het, dit gaan net verheerlik word en jy gaan Hom in die lug tegemoet.

Eségiël 37:14 En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE.

Wie? *o My volk* – dit is wat vers 13 sê: *o My volk, ek sal My gees in julle gee.* En vandag het ons hordes byeenkomste wat die gees van God op mense buite Sy volk geplaas word. Kan dit gebeur? Miskien deur 'n vals profeet, 'n leuenaar, want Yahweh het dit nie gesê nie. ‘n Vals gees manifesteer, hy doen allerhande goete, hy raas en lawaai en gaan tekere, maar hy maak nie lewendig nie – hy kan nie. Hoekom? Want die profeet het dit nooit gesê nie, want God het nooit vir die profeet gesê *profeteer dit* nie. Vader het hier gesê hy gaan Israel herstel, Hy het nie gesê Hy gaan ander nasies by Israel inbring nie – die profete het dit nooit gesê nie. Nou hoekom sê die vals profete dit? Daar is vir hulle loon in, groot loon.

Wat was Bíleam? Hy was 'n vals profeet. Hoekom het hy vals geprofeteer? Daar was vir hom ‘n ou geldjie in. Hoekom het ons vandag vals profete? Geld. So, wie aanbid hulle werklik? Mammon. Wat gebeur as jy vir Vader Yahweh 'n profeet is, word jy skatryk? Nee, gaan kyk 'n bietjie hoe het Jeremia se lewe gelyk – wat ‘n lewe! Van die tronk na die put na die vasbind buite na die vlug – hy was 'n profeet. Het hy dit gedoen vir die voordeel, want daar was net nadeel in? Hoekom het ons vals profete? Want die wêreld is lief vir hulle. Pasop om 'n vals profeet te wees, pasop om te sê: *so spreek Yahweh,* terwyl Hy dit nie gesê het nie.

Het Vader gesê dit is Sy volk, of het Hy gesê dit is almal? Kom ons kyk weer vers *13: En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! 14: En Ek sal my Gees in julle (My volk) gee, dat julle (My volk) lewendig kan word; en Ek sal julle (My volk) vestig in jul land; en julle (My volk) sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE.*

Eségiël 37:15 Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:
Eségiël 37:16 En jy, mensekind, neem vir jou 'n stuk hout, en skrywe daarop: Vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote; en neem 'n ander stuk hout en skrywe daarop: Vir Josef (die hout van Efraim) en die hele huis van Israel, sy bondgenote.
Eségiël 37:17 Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle een word in jou hand.

Die is nou 'n baie snaakse ding wat Vader vir die profeet sê. Hy sê vat twee stukke hout en skryf op die een Juda en op die ander een Israel, en dan sit jy dit in jou hand dat hulle een hout kan word.

Eségiël 37:18 En as die kinders van jou volk met jou spreek en sê: Sal u ons nie te kenne gee wat u met hierdie dinge bedoel nie?

Hoekom sê Vader vir hom om dit te doen? Sodat die mense hom moet vra wat dit beteken...

Eségiël 37:19 sê dan vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal die stuk hout van Josef neem, wat in die hand van Efraim is, en die stamme van Israel, sy bondgenote, en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Juda, en hulle een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand.

Dit gaan oor die twaalf stamme. Hierdie volk waarvan Vader praat hier met Eségiël, is die twaalf stamme, dit is die twaalf vaders van die twaalf stamme van Israel. Hulle pa was Israel, sy naam was Israel – dit was eers Jakob en toe het sy naam verander na Israel. En daarom word hulle genoem Israeliete, maar hierdie koninkryk van die twaalf stamme het twee koninkryke geword – twee verskillende koninkryke met twee konings, met twee regstelsels, met twee polisiedienste en twee weermagte, en hulle het teen mekaar oorlog gemaak en hulle het baklei – hulle was twee afsonderlike volke, maar saam was dit die twaalf stamme van Israel. Die tien stamme het later in ballingskap gegaan en opgehou om 'n koninkryk te wees, hulle was nie meer 'n koninkryk nie, hulle het verdwyn – hulle het onder die nasies in verdwyn, hulle is verstrooi, hulle kon nie meer geidentifiseer word nie – maar hulle is nog daar.

Die twee-stamme het in die tyd van Eségiël ook in ballingskap gegaan, maar hulle het weer teruggekom – sommiges van hulle. In die tyd van die ballingskap sê Vader vir Eségiël: *vat hierdie twee stukke hout en op die een skryf jy Juda en op die ander een skryf jy Israel – dit is die twee koninkryke. En dan sit jy dit in jou hand en maak dit een stuk hout*. Hoekom, wat is die bedoeling? Vers 19 gee die bedoeling. Hulle is twee koninkryke en hulle is baie verstrooi en hulle het uitgerafel – daar is van hulle omtrent niks oor nie, maar hulle sal weer bymekaar kom.

Interessante ding – ons in nou in die nuwe testament en die valse profete sê vir ons hierdie goed wat Eségiël gesê het, bestaan nie, dit was vir sy tyd, dit is nutteloos en waardeloos, Israel het verdwyn. Kom ons kyk wat sê Paulus daaroor:

Efésiërs 2:11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word,

Paulus sê *julle word heidene genoem omdat julle nie besny is in die vlees nie.*

Efésiërs 2:12 dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.

Hier is sekere kode-woorde wat ons nie moet mis nie, wat vir ons sê waaroor dit gaan. Hy sê *julle is heidene, want julle is nie besny nie, maar die verlossing wat daar is in Yahshua, is vir julle.* Nou het ons in Eségiël gesien Vader sê dit is vir Sy volk, maar ons lees in Efésiërs en ons sien dit is vir die heidene. Wat nou? Het Paulus nie Eségiel gelees nie, of het hy goed verander? Maar as ons kyk wat hier staan, dan sien ons *dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel* – wat beteken vervreemd? Hulle was op 'n stadium nie vreemd vir dit nie, maar jy het vervreemd geword. As jy in Suid-Afrika bly en jy het geïmigreer en gaan bly in ‘n ander land, dan vervreem jy van Suid-Afrika. Wanneer jy terugkom dan sê jy ek was vervreemd, maar ek is terug. Maar ek kan nie vervreemd word van Amerika nie, ek was nog nooit daar nie – ek kan net vervreemd word van die plek waar ek is en waaraan ek behoort. Nou sê Paulus vir hierdie mense julle het vervreemd geword van die burgerskap van Israel, so wat beteken dit? Julle was vroeër burgers van Israel – hulle was Israeliete en toe word hulle heidene. En hoe het dit gebeur? Hulle het in ballingskap gegaan en God het Sy verbond met hulle gebreek.

Dus, as ons Efésiërs 2:12 lees, dan praat hy van heidene en hy praat van die tien stamme wat vervreemd geraak het. Hoe het hulle vervreemd geraak? God het Sy verbond met hulle gebreek, en dit lees ons in Hoséa – Hoséa 1 verduidelik dit en Romeine 9 verduidelik dit. As ons nou Eségiël 12 lees, dan sien ons dit is dieselfde as wat Eségiël sê.
Dit lyk vir my God is tog getrou in Sy woord en dat die profete wel die waarheid gepraat daar het, daar het nie in die tussentyd verandering gekom nie. Dit lyk my tog daar is dalk vals profete wat namens Hom leuens verkondig...

Efésiërs 2:13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.

Die tien stamme wat uit die verbond uit was, het teruggekom onder die verbond in deur die bloed van Yahshua. Dit is die twee stukke hout – die een is vir die koninkryk van Israel en die ander een is vir die koninkryk van Juda, en Hy voeg hulle bymekaar.

Efésiërs 2:14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het *(Hy wat twee houte in Sy hand gesit het en van dit een gemaak het)*

Albei, twee houte, twee koninkryke – Hy het van twee een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek. Tussen twee vertrekke het jy ‘n middelmuur. Die twee vertrekke is Israel en Juda, en daar is 'n skeiding tussen hulle. Dit is twaalf stamme – tien stamme is nie meer onder die verbond nie en twee stamme is. Twee stamme kom nie by die tien stamme nie – hulle kom nie by Cornelius nie, want *ek mag nie onder jou huis se dak ingaan nie, want jy is 'n heiden en jy is nie onder die verbond nie.* En Yahshua kom en Hy breek die middel muur van skeiding af deur Sy bloed. Wat gebeur nou? Tien stamme en twee stamme beweeg deurmekaar en hulle word een koninkryk. Twee houte in die hand van Eségiël word een hout. Lyk my die profeet het tog die waarheid gepraat en die vals profete die leuen. Daar is twee koninkryke wat een koninkryk word.

Efésiërs 2:15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep

Die twee wat? Die twee houte in Eségiël se hand, die twee koninkryke van Israel. Daars is geen niks anders wat hierdie twee kan beteken nie. As jy sê God het sy volk verwerp en dit bestaan nie meer nie en die evangelie is vir die heidene, wie is die twee waarvan Hy dan praat?

...*naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan* – wat het die vyandskap veroorsaak? Die wet van Moses, want die twee stamme wat onder die wet was, was onder die verbond. Die tien stamme was nie. En hulle het met mekaar niks te doen gehad het nie, want die wet het dit verbied. En toe kom Yahshua en maak 'n nuwe verbond, met 'n nuwe wet deur Sy bloed, en Hy sê *tien stamme, julle is welkom om terug te kom*, en Hy breek die middelmuur van skeiding af. Yahshua het nie 'n buitemuur afgebreek nie, die Egiptenaar kon nie inkom nie – die verbond was met die twaalf stamme. Wat is die verbond? *Ek sal vir jou ‘n God wees en jy sal vir my 'n volk wees. Ek het jou uitgekies uit al die nasies op die aarde, nie omdat jy groter of sterker was as hulle nie, maar omdat Ek julle liefgehad het.* En dan ook die verbond wat Hy met hulle vaders gemaak het. Dit het Hy by Sinai vir Israel gesê. Vir wie het Hy dit gesê? Vir die twaalf stamme – en toe het die geskiedenis hulle baie verniel, omdat hulle aan God ongehoorsaam was. Met die tien stamme het die verbond geëindig wat sê *Ek sal vir jou God wees en julle sal vir My 'n volk wees*, en hulle het heidene geword. Yahshua het gekom en hulle herstel deur Sy bloed en Hy sê *julle kan terugkom, verlore seun.*

Daar was twee seuns, die een was in sy vader se huis en die ander het verlore gegaan. Die eerste se naam is Juda, hy was in sy Vader se huis. Die tweede se naam was Israel en hy het gesê *ek sal my eie potjie krap – ek hou nie van U nie, ek sal doen soos ek wil.* En hy het by die varkpeule beland, en sy pa het elke dag uitgekyk en gesê *waar is jy?* En toe kom daar 'n tyd wat hy kon terugkom, en die verlore seun kom terug – dit is nie 'n vreemde seun nie, dit is nie 'n aangenome seun nie, hy is nie uit die weeshuis gehaal nie – dit was sy seun, hy het verlore geraak. Die tien stamme is Vader se seuns, hulle het verlore geraak, hulle kom terug. Hoe? Met die bloed van Yahshua.

Efésiërs 2:16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.

Albei wat? Daar was twee huise, twee koninkryke – die koninkryk van Israel en die koninkryk van Juda.

Efésiërs 2:17 En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was;
Efésiërs 2:18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.

Dit is een evangelie, van Génesis tot Openbaring. Dit is een Gees wat spreek en Hy verander nie. Die evangelie van die koninkryk van God is presies dieselfde in elke vers wat jy lees – van die begin tot die einde. Daarom kan jy in Efésiërs lees en jy kan dit direk terugtrek Eségiël toe, en daar staan dit. Vader sê *Ek doen niks wat Ek nie voor die tyd deur My profete gesê het nie*, en hier sê Paulus daar is 'n herstel tussen Juda en Israel, maar die profeet Eségiël het dit reeds gesê. Hoe het hy dit gesê? Hy het twee stukke hout in sy hand gehad, die een was vir Juda en die een was vir Israel, en Vader sê *voeg hulle bymekaar* en die volk vra *wat beteken dit?*, en Hy sê *die twee koninkryke van Israel sal ophou om twee te wees, hulle sal een wees in My hand*. Paulus bevestig dit, maar die vals profeet sê *nee, al die mure is afgebreek* – en nou het ons 'n kerk sonder mure, dit is 'n menslike instelling. Vader het die middelmuur afgebreek, wat het met die ander mure gebeur? Dit bly staan. Hoekom? Want Hy het uitverkies – dié binne-in is uitverkies en die buite, is nie uitverkies nie. Hoekom? Sy liefde. Ons verstaan dit nie, ons het nie die inligting nie, maar vertrou Hom, glo Hom, dit is wie Hy is – Hy is 'n regverdige God, Hy het uitverkies vir 'n rede.

Terug na Eségiël toe...

Eségiël 37:19 sê dan vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal die stuk hout van Josef neem, wat in die hand van Efraim is, en die stamme van Israel, sy bondgenote, en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Juda, en hulle een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand.

Dit is Vader se woorde, dit is wat Hy gaan doen – ons val daarby in, of ons weerstaan dit. Dit is ons keuse.

Eségiël 37:20 So moet dan die houte waar jy op skrywe, in jou hand wees voor hulle oë;
Eségiël 37:21 en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land.

Dieselfde storie – hoeveel keer moet Vader dit vir ons sê voor ons dit glo? Mense sê *as Hy dit net reguit wil sê, sal ek dit glo* – Wel, die is reguit. Jy kan dit nie meer reguit as dit sê nie, maar wat doen ons vals profete? Hulle sê *nee, maar Israel beteken nou eintlik kerk* – en dan staan hier: *Ek gaan die kerk haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het en Ek sal die kerk van alle kante bymekaar laat kom en die kerk bring in hul land*... Nou waar is die kerk se land? Waar is die kerk verstrooi? Dit het nie gebeur nie, maar die volk is verstrooi en die volk het 'n land. Daar was beloftes aan die volk gemaak, maar nie aan die kerk nie. So, haal net die kerk daar uit en jy verstaan alles. Sit die kerk daar in en jy het geen benul wat daar staan nie. Wat doen die Satan? Hy gooi nie die Bybel weg nie, hy sit net so paar woorde in wat ons totaal deurmekaar maak. En wat doen ons? Ons sê *ek verstaan dit nie*, klap die Bybel toe en gaan doen iets anders – en die duiwel het jou gevang. In die Romeinse tyd was die Bybel nie daar gewees om te lees nie, vandag het ons hom, maar ons lees hom nie – die duiwel is nog net so suksesvol.

Eségiël 37:22 En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie.

Dit is gewone Afrikaans, jy kan dit net lees en dit verstaan – jy het nie engie iemand nodig om dit aan jou te verduidelik nie. Al verduideliking wat ons nodig het, is om uit die suurdeeg van die skrifgeleerdes te kom, dan kan jy dit net gaan lees.

Iemand wat dit nog nooit gehoor het nie en dit gaan lees, sal dit verstaan soos dit daar staan – maar ons is so gebreinspoel dat ons nie verstaan wat daar staan nie.

*En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel*… Waar gaan dit gebeur? Ons het gelees dat wanneer Hy kom op die wolke, dan gaan Sy volk Hom tegemoet gaan uit die vier hoeke van die aarde – hulle gaan uit hulle grafte uit opstaan, en die ander wat nog in die lewe is, Hom in die lug tegemoet gaan. En dan, waar gaan hulle heen? *En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel* – fisies. Daar woon nou mense daar wat hulself Jode noem wat sê *dit is ons land, God het dit vir ons gegee* – hulle is leuenaars. Wat gaan met hulle gebeur? Kyk, as jy nou al iemand gesien vlug het – jy gaan sien hoe vlug hulle as Hy kom. O my weë… Hy gaan sê *wat maak julle hier* en hulle gaan sê *ons weet ook nie, maar waar is 'n spelonk waarin ek kan wegkruip? Waar is 'n berg wat op my kan val?* – want ek vrees hierdie Persoon.

*en een Koning sal vir hulle almal koning wees*… Wie is daai Koning? Dit is Yahshua. Waar kom Hy nou skielik vandaan? Hy kom uit die wolke uit, Hy kom aarde toe en ons gaan Hom in die lug tegemoet – en hier kom Hy en Hy is Koning.

*en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie*… Dit sê nie die stamme gaan verdwyn nie, die stamme sal daar wees. Nie dat ek dink dit baie belangrik is nie, maar ek is seker ons sal gou daar uitklaar wie is wie – almal gaan daar wees. Ek gaan my oupagrootjie ontmoet, en ek gaan sy oupagrootjie ontmoet en en en… en as ek weer sien, is ek tot by Abraham en dan gaan ek sommer weet in watter stam ek is, maar dit is nie belangrik nie, wat belangrik is, is dat daar twee koninkryke is – die koninkryk van Juda en die koninkryk van Israel, maar dit het verdwyn en daar is een Koning wat oor al twaalf stamme gaan regeer.

Eségiël 37:23 En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my ‘n volk wees, en Ek vir hulle ‘n God wees.

*So sal hulle dan vir my ‘n volk wees, en Ek vir hulle ‘n God wees* – dit is presies dieselfde woorde. Vader het waar Hy die nuwe verbond gemaak het, Jeremia 31, gesê Hy maak met hulle, die huis van Israel en die huis van Juda, ‘n nuwe verbond – en die doel daarvan is: *ek sal vir julle 'n God wees in julle sal vir my 'n volk wees*. Dit word herhaal in Hebreërs en Hy sê *ek maak met julle ‘n nuwe verbond, nie soos die verbond wat Ek met julle voorvaders gemaak het nie, huis van Israel en huis van Juda*. En die doel daarvan is: *ek sal vir julle God wees en julle sal vir my 'n volk wees*. En waar gaan ons vir Hom ‘n volk wees? Dit is die voltooiing van die sirkel, en daar woon ons in die beloofde land en ons Koning is by ons en Hy regeer oor ons – en wie is Hy? Die tweede Adam. Wat het eerste Adam gedoen? Hy het gefaal, hy was onsuksesvol – maar die tweede Adam kom red ons, Hy is die Koning op die wit perd.

Eségiël 37:24 En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel.

Hierdie kneg van Dawid is Yahshua, dit is die seun van Dawid wat sit op die troon van Sy vader Dawid. Daar is net een koning. Dawid is nie koning nie, Yahshua is Koning. Saam met Hom is konings onder Hom – Hy is die Koning van die konings, maar daar is net een Groot Koning.

Eségiël 37:25 En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, húlle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig.

Wat ‘n mooi verhaal is dit nie? As ons nou praat van die evangelie van die koninkryk van God, dan is dìt die voltooiing van die sirkel, afgehandel – dit is dan soos dit moet wees. Die beloftes wat hy gemaak het aan Abraham, Isak en Jakob het Hy gesê is 'n ewige belofte, dit sal nooit ophou nie. *Hierdie grond is julle s’n tot in ewigheid*. In die vorige hoofstuk het ons gesien hulle is nog nie in die beloofte land nie. Vader sê dit is 'n probleem, *My Naam ly oneer.* Maar hier sê Vader *Ek gaan julle kom haal, Ek kom terug en gaan julle versamel uit al die uithoeke van die aarde, uit al die volke waarheen julle verstrooi is. – Ek sal julle bring in julle land en ek sal oor julle Koning wees.* Is dit nie ‘n mooi einde vir hierdie verhaal nie?

Ons kyk ‘n fliek en ons sien dit het nou ‘n goeie einde, ons kyk 'n opvoering en ons sien dit is nou 'n mooi einde en ons lees hierdie en ons sien dit is 'n mooi einde; en dan kom 'n vals profeet en sê *dit is nie die einde nie, daai geliefdes van die Almagtige met wie Hy 'n verbond gemaak het, is dood. Hulle bestaan nie meer nie – Sy beloftes het in die wind gewaai, Hy is ‘n mislukking, maar daar is nou 'n kerk en Hy kom terug en Hy kom trou met Sy kerk, met die bruid*. Wat ‘n klomp leuens, wat ‘n bespotting, wat se laster! Vader kom nie terug vir sy kerk nie. Daar is nie iets soos 'n kerk nie – ons het besluit dit is wat Hy doen. Hy kom terug na sy volk toe. Wie is Sy volk? Dit is die nageslag van Abraham, Isak en Jakob. Vader het aan hulle beloftes gemaak en Hy gáán daai beloftes vervul. Ons kan almal sien dat wat Eségiël hier van praat, is die wederkoms – dit het nog nie gebeur nie. Daai mense wat nou in Israel is wat hulleself die volk van God noem, hulle is dit nie. Dit is 'n namaaksel van die Satan – hy is baie goed met dit, hy maak alles na. Die Satan doen homself voor as 'n engel van die lig, hy sê nie *ek is die Satan, dien my* nie, hy doen homself voor as die englel van die lig en sê *dien my*. Hy doen dit op so ‘n manier, mense glo hom – en hy het hierdie so gedoen dat mense glo dit is die volk van God wat daar is, maar dit is nie. Wanneer gaan die volk terug na die land toe? Wanneer Yahshua kom, nie voor die tyd nie, nie in 1948 nie – Hy kom op die wolke, Hy versamel Sy volk uit die vier hoeke van die aarde en hulle gaan Hom in die lug tegemoet en dan gaan hulle saam na die beloofde land toe – dit het nog nie gebeur nie.

So, wie is nou daar? Skelms, bedrieërs, leuenaars, die moderne Jood... Hulle noem hulleself Jode, maar hulle is nie. Hulle wat hulleself Jode noem, maar die sinagoge van die Satan is. En wat sê ons? *Die volk van God*. Wat sê God is hulle? *Die sinagoge van die Satan*. Hoekom stem ons nie met Hom saam nie?

*en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig*... As hierdie in 1948 gebeur het, wie is Dawid wat oor hulle heers, waar is hy? Daar is nie 'n Dawid nie, daar is nie 'n koning nie...

Eségiël 37:26 En Ek sal ‘n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal ‘n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig.
Eségiël 37:27 En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle ‘n God wees en hulle vir my ‘n volk wees.

Die mense wat onder die wet wil wees, hulle sê: *o jippie, daar gaan 'n tabernakel wees.* Daar gaan nie. Wat is die tabernakel? Dit is God se teenwoordigheid. Hoekom was daar ‘n tabernakel met die Ou Verbond? Want in die tabernakel was die allerheiligste. Wat was in die allerheiligste? Die Almagtige. Een maal ‘n jaar was Hy daar, en die hoëpriester het Hom daar ontmoet – daar was nie ander plek nie. As jy vir Hom wou geoffer het, waar het jy dit gedoen? By die tabernakel. Hoekom? Dit is waar Hy was. Waar is Vader se tabernakel nou? In my hart. Hoekom? Dit is waar Hy woon. *Weet julle nie julle is ‘n tempel van God nie*... Hy woon in ons – en dan hier, waar gaan Hy wees? In ons almal – jy gaan nie iewers heen om Hom te gaan soek nie, Hy gaan orals wees, en dit is die tabernakel.

Eségiël 37:28 En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.

En dan wil ek dít maar vir die vals profeet sê: weet dit, jy kan sê wat jy wil, jy kan hoe suksesvol op hierdie aarde wees met jou kerk, jy kan hoeveel *‘franchises’* hê, jy kan hoe suksesvol wees, mense kan hoe aan jou lippe hang, maar as jy nie sê wat God sê nie, is jy ‘n vals profeet. En as jy sê wat God sê, dan gaan niemand aan jou lippe hang nie – hulle gaan jou haat, hulle gaan jou doodmaak soos hulle Hom doodgemaak het. As jy 'n vriend van die wêreld is, sal die wêreld jou liefhê – maar God gaan jou haat. As jy God liefhet, gaan die wêreld jou haat – hulle gaan jou nie liefhê nie. Daar is nie 'n profeet van God wat deur hierdie wêreld liefgehê word nie.

Afsluiting:

Eségiël 39:25 Daarom, so sê die Here HERE: Nou sal Ek die lot van Jakob verander en My ontferm oor die hele huis van Israel en ywer vir my heilige Naam.

Vader sê nou hier: *Nou sal Ek* – waar trek Hy nou hier in Eségiël? Hy trek aan die einde van die Gog en die Magog. Wanneer is dit? Dit is ná die duisend jaar van vrede. Hou Sy verhouding op met Israel? Nee, dit is 'n ewige verhouding – as God 'n belofte maak, dan hou Hy by dit. As Hy iets gesê het, Hy het die vermoë om dit te doen. As Hy sê ons word geregverdig deur ons geloof in Hom, wat bedoel Hy? Net wat Hy sê, ons geloof in Hom.

En as Hy sê: *Daarom, so sê Yahweh: Nou sal Ek die lot van Jakob verander en My ontferm oor die hele huis van Israel en ywer vir my heilige Naam,* wat sê Hy? Van wie praat Hy? Wie is Jakob? Wie is Israel? Hoe gaan Hy hulle lot verander en hoe ontferm Hy hom oor Israel? Glo ons dit, of verander ons dit? Word dit Jode, of word dit kerk, of bly dit Jakob? Jakob is twaalf stamme en Hy ontferm Hom oor hulle, deur wat te doen? Deur hulle na hulle land toe te vat wat hulle s'n is, hulle erf dit – Vader het die belowe.

Eségiël 39:26  En hulle sal hul smaad vergeet en al hul ontrou wat hulle teen My begaan het, as hulle in hul land veilig woon en daar niemand is wat hulle verskrik nie.

Dit lê vir ons voor. *En nou bly hierdie drie: geloof hoop en liefde (1 Korintiërs 13:13)* – maar die Satan steel die hoop by ons sodat ons geen hoop het nie. Ons sê ons is kinders van God, maar ons is hopeloos, want ons het geen verwagting nie, want die Satan het ons hoop gesteel. Hoe? Hierdie beloftes wat aan óns gemaak is, wat ons kan gryp en sê *dit is myne, dit is waar ek op pad heen is,* verander hy en sê *dit is wat jy dink – dit is nie jy nie, dit is iemand anders s'n* – en jy sien dit in 'n verkeerde konteks, of in 'n verkeerde tyd, en hy vat 'n uitveër en veë dit uit en die belofte van God aan ons verdwyn, want ons glo die Satan.

*En hulle sal hul smaad vergeet en al hul ontrou wat hulle teen My begaan het*… watter smaad? Skaam, ek is skaam oor wat ek gedoen het. *Vader, ek kyk na my lewe en jitte, ek is spyt! Ek hoop niemand sien dit nie.* Hy sê jy sal dit vergeet, dit gaan weg wees – is dít nie 'n vooruitsig nie, is dít nie hoop nie…
*as hulle in hul land veilig woon en daar niemand is wat hulle verskrik nie*… is dít nie hoop nie. Ons maak ons diefwering al sterker en ons sit nog 'n heining op en ons sluit by nog 'n organisasie aan om ons op te pas, want ons lewe is in gevaar – ons lewe in gevaar. Jy kan nie waag om kafee toe te gaan nie, want jy weet nie of jy weer gaan terugkom nie – hulle vat jou kar en sommer jou lewe ook. Dit is die lewe. En as niks van dit gebeur nie, dan pak die kanker jou, maar ons is in vrees – ons leef in vrees die heel tyd. Vader sê *dit is nie nodig nie, hier is vir jou hoop, jy behoort aan My – en wat ook al met jou gebeur, Ek red jou siel, jy lewe vir ewig.* Wat is ons uiteinde? *En hulle sal hul smaad vergeet en al hul ontrou wat hulle teen My begaan het, as hulle in hul land veilig woon en daar niemand is wat hulle verskrik nie.*

Eségiël 39:27  As Ek hulle terugbring uit die volke en hulle versamel uit die lande van hulle vyande, sal Ek My in hulle as die Heilige laat ken voor die oë van baie nasies.
Vader sê dit vir ons. Hy sê *jy is my geslag, Ek het jou lief, Ek het met jou 'n verbond, hierdie is jou uiteinde.* Dit is wat die testament sê – ons lees die testament en ons besef dit nie. Mense se testamente is geslote tot hulle doodgaan, maar Vader se testament is oop, ons weet wat ons gaan erf, en Hy sê dit is joune. Wat sê ons? *Ek wil dit nie hê nie, ek wil dit hê en dat hê, maar hierdie wil ek nie hê nie.* Ons kan dit weier. As jy 'n erfgenaam is van jou pa dan kan jy jou erflating weier – dit is dalk 'n maatskapy en dit is te veel moeite. Hierdie is Vader se nalatenskap vir ons en jy kan sê *ek wil dit nie hê nie*, en jy gaan dit nie kry nie, maar wat gaan jy erf? Die hel, 'n ewigheid van Hom af weg – dit is die alternatief. Hoekom erf ons van ons Vader? Ons is Sy nageslag. Ons het verlore gegaan, maar ons word gered deur die bloed van Yahshua. Ons word weer gebore en is terug in die Vader se huis, erfgenaam.

Nou sê ons *nee, Piet en Koos en Klaas daar buitekant is nie erfgename nie, hulle erf nie, nou wil ek ook nie erf nie.* Wat sê Vader? *Dit is reg, dit is jou keuse, Ek gaan jou nie dwing nie*. Die vals profeet sê vir ons dit is onregverdig. Vergeet van die vals profeet, hy werk vir die Satan, hy verkondig die evangelie van die Satan, hy verkondig die evangelie van die koninkryk van die Satan – bestaan daar so 'n evangelie? Ja! Is daar so koninkryk? Ja! Die Satan het dit vir Yahshua aangebied toe Hy hier was. Die Satan het gesê *ek gee dit alles vir U as U neerbuig en my aanbid, want aan mý ís dit gegee.* So, daar ís 'n evangelie van die koninkryk van die Satan, en dit is die wêreld se evangelie, en dit is die wêreld se predikers, 'n menigte predikers – hulle het vir hulself 'n menige predikers bymekaar gemaak om vir hulle 'n evangelie te verkondig wat hulle in die gehoor streel. Daar is meer as vyftig-duisend denominasies, hoeveel predikers is daar? Miljoene! Wat se evangelie preek hulle? Een wat jou in die gehoor streel, en dit is die evangelie van die koninkryk van die Satan. Ek veralgemeen, maar as jy nie deel is van dit nie, sal jy saam met my stem. As jy dit beskerm, is jy deel daarvan – en daar is 'n menigte predikers. As jy dalk een van hulle is, distansieer jou, bekeer jou tot God – preek die smal weg, die ongewilde weg, die een wat niemand op wil wees nie – waarnatoe lei hy? Na hierdie erfdeel. Waarnatoe lei die breë pad? Na die erfdeel van die koninkryk van die Satan. Die hel is vir die Satan en sy engele gemaak, en hy vat 'n magdom kinders van God saam. Moenie een van hulle wees nie, dit is ons keuse.

Eségiël 39:28 En hulle sal weet dat Ek, die HERE, hulle God is, daaraan dat Ek hulle in ballingskap laat gaan het na die nasies, maar hulle weer versamel het in hulle land en dáár niemand meer uit hulle agter laat bly het nie.

Ons soek altyd 'n maatstaf – hier is ‘n maatstaf: *En hulle sal weet dat Ek, Yahweh, hulle God is.* God sê *Ek het 'n verbond met sekere mense, Ek is hulle God en hulle is My volk* – hier is ‘n eienskap van húlle, en dit is nie die kerk nie. Kyk mooi, Hy sê hier hoe lyk hierdie mense: *daaraan dat Ek hulle in ballingskap laat gaan het na die nasies, maar hulle weer versamel het in hulle land*. So, wat is die vereiste? Ballingskap. Hierdie volk het in ballingskap gegaan. Het die kerk, die sogenaamde bruid van Yahshua, in ballingskap gegaan? Nee, hy het nie. Vader sê hierdie mense wat in hierdie land gaan ingaan, was in ballingskap.

Eségiël 39:29 En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgegiet het, spreek die Here HERE.

Oor wie het Hy Sy Gees uitgegiet? Ons het gelees van die uitstorting van die heilige gees, en oor wie was dit (Pinksterdag)? Oor Juda. Dit lees ons in Handelinge: *en toe kom Cornelius en hy laat roep vir Petrus, en Petrus kom by hom en hy sê Cornelius, jy is ‘n heiden, ek mag nie by jou wees nie, hoekom is ek hier?* En wat gebeur terwyl hy daar is? Die Heilige Gees word op hulle uitgegiet. Eers op Juda en toe op Cornelius se mense. En wie is Cornelius? Dit is die tien stamme. Nou sê Vader hier: *En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgegiet het.* Ons kan hieruit sien dat Cornelius ‘n Israeliet was, want anders is hierdie profesie verkeerd, maar as ons Handelinge lees, dan wys Handelinge vir ons dat Cornelius ‘n Israeliet was. Hoe weet ons dit? Want toe dit deur die oudstes (die ouderlinge en die apostels) bespreek is, toe Petrus terugkom by die gemeente, toe sê hulle *wat het jy gedoen, wat maak jy daar by daai heidene? Hy is 'n onbesnede en jy het onder sy dak ingegaan!* Petrus het ook gewonder, maar toe *kom val die Heilige Gees op hulle net soos op ons. Hoe kon ek dit gekeer het, hoe kan ek sê dit mag nie gebeur nie? – en ons het daai mense gedoop.* En die ouderlinge sê: *jy is reg, as die Gees op hulle geval het soos op ons, alhoewel hulle heidene is, dan was dit God se wil.*

En later, ek dink dit was so by hoofstuk vyftien rond of nog ‘n bietjie aan, was daar weer 'n gesprek – Paulus kom uit die geledere van die heidene, want hy leer hulle dat hulle weer gebore moet word, en hulle hoef nie die wet van Moses te hou nie, maar in Jerusalem leer hulle die mense om wel die wet van Moses te hou – en daar is 'n groot vergadering en hulle is kwaad vir mekaar, en daar is ‘n hewige argument. Toe word Cornelius weer na vore gebring en Petrus sê: *julle onthou dat ek die een was wat na Cornelius toe gegaan het, en ek was gekies om na die heidene toe te gaan, en ek het die evangelie aan hulle verkondig, en ons het almal gewonder wat gebeur het – maar nou weet ons dat deurdat hulle deel geword het van die evangelie van Yahshua, is die vervalle hut van Dawid weer opgerig.* Dit lees ons in Handelinge en dan wonder ons almal wat beteken dit, wat is die vervalle hut van Dawid? Ons het gelees dat koning Dawid oor hulle sal regeer. Wie was hy? Hy was die koning van Israel. Oor wie het hy regeer? Oor die twaalf stamme van Israel – en God maak met hom 'n verbond en sê: *uit jou nageslag sal daar altyd iemand op die troon van Israel sit.* Die laaste persoon is Yahshua, en Hy sal op die troon sit tot in ewigheid; op die troon van Dawid, oor die twaalf stamme van Israel.

Maar wat het gebeur met die twaalf stamme van Israel? Dit het verval. En wat het vir Dawid oorgebly? Twee stamme. Na hom kom sy seun Salomo, hy regeer oor twaalf stamme, maar hy het baie uitlandse vroue liefgehad van die wat Vader gesê het *jy mag nie met hulle trou nie, jy mag geen verhouding met hulle hê nie.* Salomo het hulle met liefde aangehang en Vader sê *Ek vat die koningskap van jou weg, maar Ek los vir jou twee stamme – jy kan regeer oor twee, maar Ek gaan dit nie oor jóú bring nie, Ek sal dit oor jou seun bring ter wille van jou vader Dawid*, en Rehábeam word koning in Salomo se plek en hy regeer oor twee stamme. Wat gebeur toe met die koninkryk van Dawid, die hut van Dawid? Dit verval na twee stamme toe – dit was twaalf, maar die hut van Dawid het verval na twee en tien is weg.

Toe Cornelius terugkom, beskou die apostels dit as die herstel van die hut van Dawid. Hoekom? Want die tien stamme het teruggekom – die middelmuur van skeiding is afgebreek tussen die twee- en die tien stamme, en die hut van Dawid is herstel. Wat was dit toe die Heilige Gees op Cornelius en die wat by hom was geval het? Vers 29: *En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgegiet het…*Vader het nie Sy Gees oor die kerk uitgegiet nie – Vader weet nie van 'n kerk nie, ons het dit self opgemaak. Vader weet van Israel, Hy weet van Sy Gees oor Israel, Hy weet nie van 'n verbond met die kerk nie, Hy het dit (verbond) nie, dit bestaan nie. Vader het Sy gees uitgegiet oor Israel, eers oor die twee stamme en toe oor die tien stamme – en daar gaan Eségiël in vervulling. Is dit nie te wonderbaar nie…? Vader sê *Ek doen niks voor Ek dit nie aan My profete bekend gemaak het nie.*

Vader het dit aan Eségiël bekend gemaak, en toe gebeur dit met die twee stamme by die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, en dit gebeur met die tien stamme, met Cornelius en daarna. Dit gebeur nog elke dag, maar daar is 'n beperking van die twaalf stamme. Wie sê so? God sê so, en Sy profete sê so. Wie sê dit is nie so nie? Die vals profete.

Dit is ons keuse, is ons 'n profeet van God of is ons 'n vals profeet? Dit is ons keuse, luister ons vir 'n profeet van God, of luister ons vir 'n vals profeet? Wie was ‘n profeet van God? Eségiël – luister vir hom. Wie is die vals profeet? Wel, hulle is die wêreld vol – hulle sê dit wat Eségiël gesê het is nie eintlik dit wat hy gesê het nie, dit is eintlik iets anders. Ons het nou gesien dat letterlik dit wat Eségiël gesê het, letterlik dit is wat dit is. Paulus sê *ons skryf aan julle niks anders as dit wat julle lees en ook verstaan nie* – dit is nie ‘n geheime kode nie. Die Joodse Kabala is 'n godsdiens wat die eerste vyf boeke van Moses bevat, die Torah, en 'n dieper geheime betekenis daaraan soek. Hulle is nie eens seker of Moses werklik gelewe het nie, maar dit maak nie vir hulle saak nie. Hulle weet nie of God bestaan nie, hulle gee ook nie eintlik om nie. Die wet is nie vir hulle so belangrik nie, maar die diepere “openbaringskennis” wat daar in is – wáár dit staan is belangriker as wát daar staan. Die Joodse Kabala: syferwaardes, kennisse, geheime betekenisse, en dit word ‘n geheime geskrif wat jy moet ontsyfer – dit is nie wat die Bybel is nie. Die dinge wat Eségiël vir ons gesê het, is wat dit is. As Vader sê *Ek gaan Israel oprig*, dan gaan Hy Israel oprig – dit is nie geheime taal om die kerk op te rig nie – dit is wat die Joodse Kabala verkondig, maar dit is nie wat God sê nie. Vader se Woord is vir Sy volk, Sy Gees is vir Sy volk – dit is wat Hy sê en dit is wat ons sê, want ons is profete van God.

# Hoofstuk 7 – Jerusalem…

Jerusalem speel 'n groot rol in die evangelies van die koninkryk van God. Dit is iets wat 'n mens nie bedink nie, maar as ons dink hoeveel stede daar in die wêreld is wat deur die eeue bly bestaan het, dan is daar bitter min soos Jerusalem wat baie moeilike tye deurleef; oorloë, aanslae. As ons vandag kyk na Jerusalem, dan sien ons daar is ‘n geweldige geveg vir die eienaarskap van Jerusalem, en tog is daar niks in Jerusalem – dit is nie ‘n mooi stad nie, dit is nie 'n vooruitstrewende stad nie, daar is eintlik niks aan hom nie, maar almal wil hom hê. Hoekom? Waaroor gaan dit?

Ons het nou redelik ver gevorder met die evangelie van die koninkryk van God en gesien wat is belangrik vir God, en dan moet ons die waarneming maak dat die Satan ook sien wat belangrik is vir God – en dit is wat hy probeer vernietig. Die Satan het eerstens Sy koninkryk probeer vernietig met Adam, en het dit in 'n groot mate reggekry – en dit is juis waaroor die evangelie van die koninkryk gaan, dit is die herstel van dit. En dan het God ‘n uitverkore geslag, en die Satan se aandag is pertinent op daai geslag – die aanslag en die vernietiging daarvan. Nou kom ons by Jerusalem, en die vraag wat ons moet vra: *is Jerusalem belangrik, is Jerusalem vir God belangrik?* As ons sien dit is, dan verstaan ons die aanslag op Jerusalem.

Op hierdie stadium in Jerusalem is daar drie godsdienste wat Jerusalem deel, maar nie een van hulle is die Almagtige s'n nie – dit is alles menslike godsdienste, en kan ek maar sê *duiwel-geïnspireerd,* want wat wil hy doen? Die Satan wil van die begin af, die begin wat ons van weet, soos God wees – hy sê *ek is aan God gelyk, God is koning oor die heelal, ek kan ook koning oor die heelal wees, ek kan ook regeer.* Die Satan in in elk geval net 'n nabootser, hy het geen inisiatief vir iets nuuts nie. Vader is Skepper, Hy skep nuwe dinge. Die Satan kan nie, hy boots net na – en op die aarde is hy nou op sy hoogtepunt met die nabootsing van die koninkryk van God. Die Satan het vir hom 'n volk gemaak wat in die beloofde land bly, en hulle hoofstad is Jerusalem, en hy kry dit so ver dat die regte volk van God wat nie weet hulle is die volk nie, daai volk vereer as die volk van God – en dit is alles ‘n klug, maar dit gaan verander, ons moet dit verwag.

As die Satan die vader van die leuen is, die god van hierdie wêreld, hoekom verwag ons nie die leuen nie? Die leuen is orals, dit is in alles. So, dit wat huidiglik in Jerusalem aangaan, is ‘n leuen. Die volk wat daar is, is ‘n leuen. Die koninkryk wat daar bestaan, is ‘n leuen – maar dit gaan alles verander. As ons Eségiël 16 lees, dan praat Vader van Jerusalem. Baie mense verwar dit en dink Hy praat oor die volk Israel – Hy doen nie, Hy praat oor die stad Jerusalem.

Eségiël 16:1 Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:
Eségiël 16:2 Mensekind, maak aan Jerusalem sy gruwels bekend

Jerusalem is ‘n stad, maar sonder Yahweh en sonder Sy volk is daai stad waardeloos.

Eségiël 16:3 en sê: So spreek die Here HERE tot Jerusalem *(nie tot Israel nie)*: Jou afkoms en jou geboorte is uit die land van die Kanaäniete; jou vader was ‘n Amoriet en jou moeder ‘n Hetitiese vrou.

Dit is baie belangrik om te sien dat dit die stad Jerusalem is – die Israeliete kom nie van die Kanaäniete en die Amoriete en die Hetiete af nie, maar toe Israel die beloofde land ingetrek het, was Jerusalem reeds daar, dit was een van die stede wat hulle oorwin het.

Eségiël 16:4 En wat jou geboorte aangaan—die dag toe jy gebore is, is jou nawelstring nie afgesny nie; en jy is nie met water gewas om jou te reinig nie; ook is jy nie met sout ingevrywe of in doeke toegedraai nie.

Wat ons hier moet sien is Vader se verhouding teenoor Jerusalem, hoe voel Hy teenoor Jerusalem – dit is net 'n plek, dit is net ‘n stad. Hy sê Jerusalem se geboorte was nie goed nie, *niemand het vir jou omgegee nie*.

Eségiël 16:5 Geen oog het medelyde met jou gehad om vir jou een van hierdie dinge te doen, om vir jou jammer te wees nie; maar jy is op die oop veld gegooi uit afsku vir jou lewe, die dag toe jy gebore is.

Toe Israel die beloofde land ingegaan het, was Jerusalem ‘n noemenswaardige stad? Nee, glad nie.

Eségiël 16:6  En Ek *(Yahweh)* het by jou *(Jerusalem)* verbygegaan en jou sien spartel in jou bloed; toe het Ek vir jou gesê in jou bloed: Leef! Ja, Ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef!
Eségiël 16:7  Ontelbaar, soos die uitspruitsels van die veld, het Ek jou gemaak! En jy het gegroei en groot geword en die hoogste bloei bereik; jou borste het styf geword, en jou hare het gegroei, maar jy was naak en bloot.

En hier begin dinge vir Jerusalem verander. Vader het Jerusalem raakgesien, en Hy het vir Jerusalem gesê *leef!*; en vooruitgang het begin. As Vader sê *ontelbaar soos die uitspruisels van die veld het ek jou gemaak*, waarvan praat Hy? Hy praat van mense en voorspoed – 'n voorspoedige stad. En hierdie stad het baie mooi geword.

Eségiël 16:8  En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE, en jy het myne geword.

Vader praat van die stad Jerusalem en Hy het met daai stad 'n verbond gemaak en dit het Syne geword. Wie s'n is Jerusalem? Die Moslems sê dit is hulle s'n, maar die Jode sê dit is hulle s'n, en die Rooms-Katolieke sê dit is hulle s'n, maar wie s'n is dit? Dit is Yahweh s'n.

Eségiël 16:15  Maar jy het vertrou op jou skoonheid en gehoereer vanweë jou naam; en jy het jou hoererye uitgestort op elkeen wat verbygegaan het, dat dit syne sou wees.

As ons kyk na die geskiendenis van Jerusalem, wat het gebeur? Dit was die hoofstad van Israel en toe word Dawid koning, en dit was die bloeitydperk, dit het goed gegaan, maar toe kom Salomo en hele wêreld kyk na Jerusalem en sê *jy sal nie glo hoe lyk daai plek nie.* Wat het gebeur met Jerusalem? Dit het hoogmoedig geword, die beginsels het verdwyn en die konings het floreer met ander lande, met ander nasies, met ander gelowe – *en jy het jou hoererye uitgestort op elkeen wat verbygegaan het, dat dit syne sou wees.*

Eségiël 16:27  En kyk, Ek het my hand teen jou uitgestrek en die vir jou bestemde deel verminder; en Ek het jou oorgegee aan die hebsug van die wat jou haat, die dogters van die Filistyne wat hulle geskaam het oor jou ontugtige wandel.

Die volke rondom Jerusalem, die heidense volke, het skaam geword vir wat in Jerusalem aangaan.

Eségiël 16:35  Daarom, o hoer, hoor die woord van die HERE.

Wie is die hoer? Dit is Jerusalem. Nou hier is net 'n voorbeeld van om iets binne verband te lees en iets buite verband te lees. As jy net die Bybel oopslaan en jy begin lees by vers 35, dan gaan jy nie weet wie die hoer is wat hier van gepraat word nie. Jy moet die hele hoofstuk lees – so, bly in konteks. As Vader sê *daarom, o hoer, hoor die woord van Yahweh,* dan praat Hy met Jerusalem.

Eségiël 16:36  So sê die Here HERE: Omdat jou koper uitgestort is en jou skaamte ontbloot is deur jou hoererye met jou minnaars en met al jou afskuwelike drekgode, en vanweë die bloed van jou kinders wat jy aan hulle gegee het,

Dit is al die afgode-aanbidding in Jerusalem, die kinders is verbrand vir Molog, ens...

Eségiël 16:37  daarom, kyk, Ek sal al jou minnaars versamel vir wie jy aangenaam was, en almal wat jy liefgehad het, saam met almal wat jy gehaat het; en Ek sal hulle van alle kante teen jou versamel en jou naaktheid vir hulle ontbloot, sodat hulle jou hele naaktheid kan sien.

Eségiël was 'n profeet in Babel tydens die ballingskap van Juda, en wat het met Jerusalem gebeur? Dit is vernietig, die muur is afgebreek, die tempel is afgebreek, daar is net gehuggies oor – en dit is presies vers 37. En hoekom? Want hulle het God vergeet.

Eségiël 16:41 Hulle sal ook jou huise met vuur verbrand en strafgerigte teen jou oefen voor die oë van baie vroue; en Ek sal 'n einde aan jou hoerery maak, en jy sal ook nie meer hoereloon gee nie.

In hierdie stadium toe hulle in ballingskap was het die gruwels in Jerusalem nie meer aangegaan nie, want Jerusalem was nie meer daar nie – dit was nog daar, maar dit was nie meer die pronkstad nie, dit was 'n afgebreekte stad.

Eségiël 16:42 En Ek sal my grimmigheid tot rus bring teen jou—dan sal my ywer van jou afwyk, en Ek sal stil word en nie meer toornig wees nie.

Jerusalem is nie vernietig nie, want Vader het 'n plan met Jerusalem. Ons praat hier van omtrent 2700 jaar terug en Jerusalem is vandag nog hier, maar dit is nog nie reg nie. Daar kom 'n tyd wat Vader se toorn teen Jerusalem sal eindig. Het dit al gebeur? Nog nie, want Jerusalem is nog in 'n baie swak toestand.

Eségiël 16:43 Omdat jy nie gedink het aan die dae van jou jeug nie en my toorn opgewek het met al hierdie dinge—kyk, so sal Ek dan ook jou wandel op jou hoof laat neerkom, spreek die Here HERE; en het jy dan nie die skandelike daad gedoen bo al jou gruwels nie?

Wat is *die dae van jou jeug*? Ons sien Vader se hart, Sy hart is seer oor hoe Jerusalem lyk, Hy dink aan die dae van Dawid, Hy dink aan die dae van Salomo en van almal wat Hom gedien het, die mense wat op die pleine gesit het en mekaar liefgehad het en Hom liefgehad het en lofliedere tot Hom gesing het en dinge gedoen het ter wille van Hom; en dit het alles verander – Hy het 'n verbond gemaak met Jerusalem en dit het goed gegaan, maar dit het opgehou en Israel is weggevoer in ballingskap en Jerusalem is grootliks afgebreek.

Eségiël 16:58 Jou skandelike daad en jou gruwels moet jy dra, spreek die Here HERE.
Eségiël 16:59 Want so sê die Here HERE: Ja, Ek doen aan jou soos jy gedoen het, wat die eedswering geminag het deur die verbond te verbreek.

Ons minag verbonde, ons dink 'n verbond hou op. As God 'n verbond gemaak het, hou dit nie op nie. Vader het met Jerusalem 'n verbond gemaak en niemand ag dit nie; Jerusalem is maar net nog 'n stad – dit is nie, dit is God se stad.

Eségiël 16:60 Ewenwel sal Ek dink aan my verbond met jou *(Jerusalem)* in die dae van jou jeug, en Ek sal met jou 'n ewige verbond oprig.
Eségiël 16:61 Dan sal jy aan jou weë dink en skaam wees, as jy jou susters aanneem wat groter is as jy, by dié wat kleiner is as jy *(Vader praat van stede rondom)*, en Ek hulle aan jou as dogters gee; al is dit nie kragtens die verbond met jou nie.
Eségiël 16:62 En Ek sal my verbond met jou oprig, en jy sal weet dat Ek die HERE is;
Eségiël 16:63 sodat jy kan nadink en beskaamd staan en jou mond nie meer oopmaak vanweë jou skande nie, as Ek vir jou versoening sal bewerk oor alles wat jy gedoen het, spreek die Here HERE.

Goed, dit is nou Jerusalem in 'n neutedop – hoe dit ontstaan het, hoe Vader Jerusalem geseën het en Jerusalem vooruitgegaan het, dit het díe stad onder die stede geword het, dit was die hoofstad van Israel, die stad van Dawid van waar Dawid uit regeer het, maar Jerusalem het hoogmoedig geword. Jerusalem is afgebreek en dit wat ons hier moet raaksien, is dat Vader dit gaan herstel: *En Ek sal my verbond met jou oprig, en jy sal weet dat Ek Yahweh is* – en wie weet dit ook? Die Satan. En wat sê hy? *Ek sal Jerusalem gryp en ek sal van hom my hoofstad maak; ek sal hom oprig as my koninkryk* – en dit kom nog, hierdie is maar net die begin wat nou in Jerusalem aangaan, die nuwe wêreldorde is besig met hulle nuwe wêreld, en ek sal nie baie verbaas wees as die hoofstad Jerusalem is nie. Hoekom? Want dit is die Satan se koninkryk en hy wil Vader voorspring en sê *maar ek gaan, ek gaan dit doen*; hy weet hierdie is Vader se plan. Kom ons kry nog getuies om te sien wat gebeur met Jerusalem.

Jesaja 62:1 Ter wille van Sion *(dit is die berg in Jerusalem)* sal Ek nie swyg nie en ter wille van Jerusalem nie stil wees nie, totdat sy geregtigheid uitbreek soos 'n glans en sy heil soos 'n fakkel wat brand.
Jesaja 62:2 En die nasies sal jou geregtigheid sien en al die konings jou heerlikheid; en jy sal met 'n nuwe naam genoem word wat die mond van die HERE sal noem.

Nou kan ek maar vra: het dit al gebeur? Toe hulle Jerusalem ingetrek het was dit Jerusalem, en dit is vandag nog Jerusalem, maar sy naam gaan verander, dit is iets wat nog moet gebeur – dit is toekomend. Hierdie geregtigheid wat uitbreek en die glans, die mooi van sy heil soos 'n fakkel wat brand, gaan nog gebeur – en daai tyd gaan sy naam verander.

Jesaja 62:3 En jy sal ‘n sierlike kroon wees in die hand van die HERE en ‘n koninklike tulband in die hand van jou God.
Toe Jesaja hierdie gespreek het, het mense dit baie simbolies gesien, want hoe kan Jerusalem nou ‘n koninklike tulband wees in die hand van God? God gaan deur Jerusalem regeer, en nou weet ons God self gaan die Koning wees. Daar kom 'n dag wanneer Hy Jerusalem gaan vat as Sy hoofstad en Sy troon gaan daar wees, en dit moet nog gebeur.

Jesaja 62:4 Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie, en jou land sal nie meer genoem word Wildernis nie. Maar jy sal genoem word: my welbehae, en jou land: die getroude; want die Here het ‘n behae in jou, en jou land sal getroud wees.

Hoe lyk Jerusalem vandag? Dit is ‘n wildernis – dit is seker maar ‘n opinie, maar ek dink daar is baie plekke in daai land dat as jou kar daar sou breek, jy sal doodgaan van die dors, want dit is 'n wildernis, onherbergsaam. Jerusalem sal genoem word *My welbehae – Jerusalem, jy behaag My wel.* Dit is profeties van die herstel van die beloofde land. Nou wil ek weer vra, wie weet dit nog? Die Satan. En wat gaan hy daaraan doen? Dit steel. Wat gebeur nou daar? Dit is gesteel, hy sê die volk is reeds daar en God regeer reeds daar – Jerusalem is herstel. Dit is die leuen van die Satan. Dit gaan heeltemal iets anders wees wanneer Vader dit herstel het.

Jesaja 62:5 Want soos ‘n jonkman ‘n jongedogter trou, so sal jou kinders jou trou; en soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees.

Is hierdie nie mooi nie? Dit is Vader se verhouding met 'n stad, en dit is die volk se verhouding met 'n stad – 'n stad om op trots te wees en om oor bly te wees.

Jesaja 62:6 o Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. o Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes—moenie rus nie

Jerusalem is ‘n stad en die wagte is op sy mure en hulle praat. Wat praat hulle? *o Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes—moenie rus nie.* Dit is die wagte op die muur; en wat is hierdie beloftes?

Jesaja 62:7 en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot ‘n lof op aarde!

Jerusalem is nie nou 'n lof op die aarde nie, dit is 'n vreeslike plek, dit is verantwoordelik vir geweldig baie konflik. *Totdat sy geregtigheid uitbreek soos 'n glans en sy heil soos 'n fakkel wat brand* – dit is hoe Jerusalem moet lyk, maar dit is nie hoe hy nou lyk nie, dit is ‘n afskuwelike plek, daar is baie bedrog wat daar gebeur en almal is die heeltyd bang vir die oorlog in die Midde Ooste, want dit kom uit Jerusalem uit, maar dit gaan verander.

Die wagte op die muur, wie is dit? Dit is die mense wat die waarheid ken, dit is die mense wat hierdie beloftes verwag om in vervulling te gaan. Wat sê Vader vir ons, vir die mense wat glo, die mense wat dit weet? *wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie;* ons moet besluit of ons 'n wag is, 'n getuie vir hierdie evangelie. Moenie swyg nie, nie dag of nag nie. Dan sê Vader vir ons, vir die wat bereid is om dit doen, julle wat Yahweh herinner aan Sy beloftes: *moenie rus nie. Vader, U sê in U Woord dat U Jerusalem gaan verander tot geregtigheid, ‘n glans van heerlikheid en heil wat brand soos 'n fakkel – U het dit gesê, ons bid dat U dit doen*. Vader sê vir ons moenie rus nie, *hou aan om dit te sê*.

As jou verwagting van hierdie belofte die huidige Jerusalem is, verwag jy nie baie van die Almagtige nie. Jerusalem gaan ‘n fantastiese plek wees en Yahweh gaan dit doen – Hy gaan dit verander, moenie rus nie, herinner Hom aan Sy belofte. Ek skaam my vir die evangeliste wat sê hierdie het in vervulling gegaan en dat Jerusalem 'n lof is op die aarde. Is dit die beste wat God kan doen? Jerusalem gaan wees soos 'n glans van heil, soos 'n fakkel wat brand, en die hele wêreld gaan dit sien – en as jy geregtigheid wil hê, gaan jy soontoe gaan, maar dit is in die toekoms.

Jesaja 62:8 Die HERE het gesweer by sy regterhand en by sy magtige arm: Waarlik, Ek sal jou koring nie meer gee dat jou vyande dit eet nie, en uitlanders sal jou mos nie drink waarvoor jy gewerk het nie.

Wie is Sy regterhand en sy magtige arm? Dit is Yahshua, dit is dieselfde God. Yahshua is Sy reddende regterhand, Yahshua het opgevaar en sit aan die regterhand van die Vader. Hy praat nog steeds hier met Jerusalem.

Jesaja 62:9 Maar hulle wat dit insamel, sal dit eet en die HERE prys; en hulle wat dit oes, sal dit drink in my heilige voorhowe.

Jesaja 62:10 Gaan in, gaan in deur die poorte, berei die weg van die volk! Vul op, vul op die grootpad, gooi die klippe weg, steek 'n banier op oor die volke!
Jesaja 62:11 Kyk, die HERE laat dit hoor tot by die einde van die aarde: Sê aan die dogter van Sion: Kyk, jou heil kom; kyk, sy loon is by Hom en sy beloning is voor sy aangesig.

Wat is Sion? Dit is die bergvesting in Jerusalem. Wie is die dogter van Sion? Baie mense het baie opinies oor wie die dogter van Sion is; dit is Israel, dit is die Israeliete. Waar is hulle? Hulle is verstrooi oor die hele aarde, hulle is nie in Suid-Afrika nie, maar hulle is in Suid-Afrika ook. Baie mense sê die dogter van Sion is die Afrikaners in Suid-Afrika, hulle is wel deel daarvan, maar dit is baie groter as dit – die dogter van Sion is Israel. Die herstel van Jerusalem gebeur met die wederkoms, nie 1948 as die vals Jode daar intrek nie, maar met die wederkoms.

Jesaja 62:12 En hulle sal genoem word: die heilige volk, die verlostes van die HERE; en jy *(Jerusalem)* sal genoem word: die begeerde, die stad wat nie verlaat is nie.

Dit moet nog gebeur – kyk net hierdie pragtige beloftes, en die dogter van Sion ken dit nie en weet dit nie en stel nie belang in dit nie en is betower, gebreinspoel om te dink dat hulle wat nou daar sit, die vervullers is van hierdie beloftes, maar hulle is nie. Nou het die dogter van Sion geen verwagting nie, ons verwag nie hierdie pragtig gebeurlikhede nie, want ons dink dit het gebeur. Vers 12 se beskrywing vir Jerusalem is nie nou so nie, dit gaan nog gebeur.

Ons moet 'n verwagting kry vir dit, want ons is die wagte op die muur, ons is die wat nie moet swyg nie.

Jesaja 2:1 Die woord wat Jesaja, die seun van Amos, gesien het met betrekking tot Juda en Jerusalem.
Jesaja 2:2 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom.
Jesaja 2:3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Wat is die berg van Yahweh? Sion. Wat is Sion? Dit is die bergvesting van Jerusalem. Hoekom sal al die volke optrek na Sion, wat is daar? Yahshua kom op die wolke, Hy gaan Jerusalem toe en Hy gaan regeer uit Jerusalem oor die hele aarde volgens Sy wet. Nie die tien gebooie nie, nie die wet van Moses nie, nie wat ook al ons kan uitdink nie, maar dit is Sy regerings-wet oor die hele aarde – dit is Sy reëls: so werk dit, jy mag nie... en jy moet... al die nasies moet dit doen en dat doen en dit doen, jy mag nie oorlog maak nie, jy moet in vrede lewe, en so aan... Die nasies gaan optrek Jerusalem toe om te gaan hoor wat is Sy wet.

...*dat Hy ons Sy weë kan leer en ons in Sy paaie kan wandel*... Hoekom? Want as jy nie in Sy paaie wandel nie, maak Hy jou dood.

...*Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem*... Dié woord van Yahweh is nie die woord van verlossing wat ons nou het nie, dit is Sy wet waarvolgens Hy gaan regeer wat elke nasie wil weet wat moet ek doen, wat is Sy wil.

Jesaja 2:4 En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.

Wanneer gaan dit gebeur? Wanneer die volk van God terug is in die beloofde land en Jerusalem herstel is en die Koning daar bly. Het dit nou gebeur? Hulle sê dit het in 1948 gebeur – dit is jare terug en daar is niks van hierdie dinge nie, daai was 'n vals alarm gewees. Die herstel van Jerusalem en die volk wat teruggaan na hulle land toe, gebeur saam met die wederkoms van Yahshua, dit is dieselfde gebeurlikheid.

Jesaja 2:5  Kom, huis van Jakob, en laat ons wandel in die lig van die HERE!
Jesaja 66:5  Hoor die woord van die HERE, julle wat vir sy woord bewe!

Kom ons staan net eers hier vas. Mense gaan hierdie hoor, en ánder mense gaan hierdie hoor; party mense gaan só optree en ander gaan anders optree. Anders? Wat is die verskil tussen die twee? Die een bewe vir God se woord en die ander een nie. Die een lees die woord van God en ag dit as niks en sê: *ja, wat ook al*; en die ander een bewe daarvoor en hy rig sy hele lewe in daarvolgens en sê: *dit is waarom alles draai, dit kan nie anders wees as wat God sê nie, ek moet my aan dit steur, dit moet my hoogste prioriteit wees.* Hy praat met dáái mense, Hy praat nie met die ander nie, want die ander gaan soos water op die eend se rug wees, hulle sal net sê: *ja, wat ook al*.

Jesaja 66:5  Hoor die woord van die HERE, julle wat vir sy woord bewe! Julle broers, julle haters wat julle verstoot om my Naam ontwil, sê: Laat die HERE heerlik word, dat ons julle vreugde kan aanskou! Maar hulle sal beskaamd staan!

Goed, hier is die twee groepe en hulle is broers. Die haters wat hulle verstoot om Sy Naam ontwil sê: *laat Yahweh heerlik word, dat ons julle vreugde kan aanskou! Maar hulle, die haters, sal beskaamd staan.* Nou wat beteken hierdie nou? Dié mense wat nie bewe vir die woord van Yahweh nie, praat die woord van Yahweh, hulle mond is vol van: *is die Here nie goed vir ons nie...* maar, hulle ken hom nie. *Julle broers, julle haters wat julle verstoot om my Naam ontwil, sê: Laat die HERE heerlik word* – hulle praat die praat, maar hulle doen nie doen nie, want hulle vrees nie die woord van God nie, hulle bewe nie vir Sy woord nie. *Hoor hierdie ding...* hulle hoor byvoorbeeld dié oor Jerusalem, maar vergeestelik dit, of skuif dit in die ou testament in, en dit het nie waarde nie en het geen benul oor dit nie en is nie 'n wag wat op die muur sit van Jerusalem en sê: *Vader, vervul U beloftes, ek herinner U aan die beloftes* nie – hulle doen dit nie.

Jesaja 66:6  Hoor—'n rumoer uit die stad *(Jerusalem)*! Hoor—uit die tempel! Hoor—dit is die HERE wat sy vyande hulle dade vergeld!
Jesaja 66:7  Voordat sy weë gekry het, het sy gebaar; voordat smart oor haar gekom het, is sy van 'n seuntjie verlos.
Jesaja 66:8  Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar.

Wat staan hier, wat gebeur hier? Vers 7 sê: *Voordat sy weë gekry het, het sy gebaar.* Wie is sy? Baie is geneig om te dink dit is Maria met Yahshua, maar Maria het weë gehad – hierdie persoon het nie weë gehad nie, want voordat sy weë gehad het, het sy gebaar.

Hoe word 'n nasie gebore? Hoe kom 'n nasie aan die gang? Dit vat tyd, dit neem jare... Hoe het Israel begin? Jakob is met sewentig siele Egipte toe en 400 jaar later is hulle miljoene wat daar uitgetrek het en toe is hulle 'n volk. Hier staan: *of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion (Jerusalem) het weë gekry, meteens haar kinders gebaar* – woeps, toe hulle sien is hulle daar. So, hulle is nie daar nie – Jerusalem is daar, maar daar is nie kinders nie; en met 'n slag is almal daar.

Jesaja 66:9  Sou Ek naby die geboorte bring en nie laat baar nie? sê die HERE. Of sou Ek wat laat baar, self toesluit? sê jou God.
Jesaja 66:10  Wees bly saam met Jerusalem en juig oor haar, almal wat haar liefhet! Wees vrolik saam met haar, baie vrolik, almal wat oor haar treurig gewees het!
Jesaja 66:11  sodat julle kan suig en versadig word aan die bors van haar vertroostinge; sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die oorvloed van haar heerlikheid.
Jesaja 66:12  Want so sê die HERE: Kyk, die vrede lei Ek na haar toe soos 'n rivier en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom; en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.
Jesaja 66:13  Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word.

Nou wat beteken al hierdie? Daar is ‘n stad, Jerusalem, dit is woes en verlate en dit word nie geag nie. Huidiglik is daar ‘n bakleiery oor Jerusalem, almal wil hom hê, maar niemand kan met hom iets doen nie. Almal het deur die eeue swaargekry deur Jerusalem, daar was kruistogte van verlossing soontoe en oorloë, en dan is Jerusalem in die hand van die Christene, of die Rooms-Katolieke, en dan is dit in die hand van die Moslems – en elkeen probeer die oorhand kry, maar elkeen wat by Jerusalem kom, kry skade; en Jerusalem het nie kinders nie. Wie is Jerusalem se kinders? Daar is nou drie verskillende organisasies of godsdienste wat baklei oor Jerusalem, maar Jerusalem het nie kinders nie. Nou sê Vader hier deur Sy Skrif dat daar meteens kinders sal wees. Hoe? Yahshua kom op die wolke en ons gaan Hom in die lug tegemoet – Hy versamel Sy volk uit die vier windstreke van die aarde en Hy gaan na Sion toe met Sy volk; *Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar* – is dit moontlik, kan dit so vinnig gebeur? 'n Stad wat geen nageslag het nie, en skielik is hulle almal daar – en dit gaan gebeur.

Vers 12 sê: *Want so sê die HERE: Kyk, die vrede lei Ek na haar (Jerusalem) toe soos ‘n rivier;* dit is hoekom dit belangrik is om die in konteks te lees, want ons verstaan ander dinge nie, nie Jerusalem nie. Het Jerusalem nou, vandag, vrede? Dit is seker die slegste tye ooit in die geskiedenis van Jerusalem, daar is 'n baie groot moontlikheid van 'n geweldige groot oorlog in Jerusalem, maar Vader sê hier: *Kyk, die vrede lei Ek na haar toe soos ‘n rivier en die rykdom van die nasies soos ‘n oorlopende stroom* – dit gebeur nie, die teendeel gebeur. Die Satan verkondig vir ons dat hierdie dinge reeds gebeur het, die volk is reeds in die land, en die seën van die Almagtige is reeds op Jerusalem – dit gaan nog gebeur, die volk is nog nie daar nie, die nageslag is nog nie daar nie – sodra dit gebeur het, dan sê Hy: *Kyk, die vrede lei Ek na haar toe soos ‘n rivier en die rykdom van die nasies soos ‘n oorlopende stroom; en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.* Dit is waana enige klein kindjie smag: my ma. Hy wil op die heup gedra word, hy wil versorg word, hy wil getroetel word; en Vader sê *dit is julle voorland*: *Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek (Yahweh) julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word.*

Die is baie groot profetiese woorde wat ons nie van weet nie, wat ons nie ken nie, wat ons nie ag nie – dit gaan gebeur. Ons kry nou swaar, maar dit gaan gebeur – ons gaan Jerusalem toe en ons gaan daar getroos word.

Ons wil nou weet wanneer gaan hierdie dinge gebeur... Het dit al gebeur? Onthou, die Satan is die vader van die leuen – verwag die leuens, verwag dat al die profesieë verdraai gaan wees, mishandel gaan wees, 'n alternatiewe uitkoms gaan gee. Net soos daar 'n vals christus is, is daar valse profete, is daar valse profesieë, is daar valse vervullings, is daar 'n valste vervulde Jerusalem.

Joël 3:15 Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in *(dit is die wederkoms van Yahshua)*.
Joël 3:16 En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal ‘n toevlug wees vir sy volk en ‘n skuilplek vir die kinders van Israel.

Wanneer Yahshua kom gaan Hy Jerusalem toe, Hy gaan brul uit Jerusalem en mense gaan sê *berge val op ons en heuwels bedek ons vir Hom wat op die troon sit*. Wie is op die troon? Yahshua. Hoekom vlug hulle van Hom? *En Yahshua brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem;* wat is hulle verwagting? Wat is die meeste Christene se verwagting? *Hy kom nie om te oordeel nie, Hy kom om te red* – nee, dit was die eerste koms, Hy het nie gekom om te oordeel nie, Hy het gekom om te red. Hoe lyk Sy tweede koms? *En Yahshua brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe.* As jy dieselfde optrede van Hom verwag met Sy tweede koms as dié van Sy eerste koms, gaan jy dalk ook sê *berge val op my*. Weet dit, hemel en aarde gaan bewe.

Joël 3:17 Dan sal julle weet dat Ek die HERE julle God is, wat woon op Sion, my heilige berg; dan sal Jerusalem ‘n heiligdom wees waar geen vreemdes meer deur sal trek nie.

Yahshua gaan nie hier wees om almal tevrede te stel nie, Yahshua gaan Koning wees, Hy gaan daar regeer, Hy gaan brul uit Sion, mense sal vir Hom bewe en vreemdes gaan nie meer deur Jerusalem trek nie. Wie gaan daar wees? Israel. En wie nog? Niemand anders nie, net Israel.

1Timótheüs 4:16 Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor.

Timótheüs was ‘n dissipel van Paulus en Paulus gee hom baie goeie raad, en vandag is dit vir ons ook goeie raad. Ons moet volhard daarin. Waarin? Om op jouself en op die leer te let, jy moet met introspeksie kyk na jou binnekant – wat weet jy, wat weet jy nie, waar kom jy aan die dinge wat jy weet, is dit die waarheid? – let op jouself, kyk na jou optrede, kyk na jou handel en wandel. *En let ook op die leer*; watter leer? Die evangelie van die koninkryk van God, en volhard daarin; “*let op die leer”* is wat ons nou doen en *volhard daarin,* doen dit netnou weer, en doen dit oormôre weer, en volgende week, en volgende maand en volgende jaar – volhard daarin; *want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor.* Wow! Wat ‘n groot vers! Wat moet ons doen? Nou kry ons die opinies, vyftig-duisend denominasies – kies vir jou een… Gaan dit werk? Nee, dit gaan nie werk nie, jy moet weet wat is die leer en jy moet volhard daarin. Wat is die gevolg as jy dit doen? Jy sal jouself red sowel as die wat jou hoor en wat daarop ag slaan. So, jy let daarop en jy praat met mense daaroor, hulle hoor jou en hulle let daarop, hulle word ook gered en hulle praat daaroor met ander mense, en daai mense let daarop en hulle word gered… en dit doen ons tot Yahshua kom, tot Hy alles kom herstel, tot ons Jerusalem toe gaan; dan is dit op 'n einde, dan is dit verby. Die wat nie gehoor het nie, het nie gehoor nie, hulle sal verlore gaan.

Jesaja 30:18 En daarom sal die HERE met ongeduld daarop wag om julle genadig te wees, en daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor julle te ontferm; want die HERE is ‘n God van die gerig. Welgeluksalig almal wat op Hom wag!
Daar is weer daai twee groepe. Hoekom wag jy? Want jy het 'n verwagting. Wat is jou verwagting? Meeste Christene, van die Roomse Kerk af tot by die anderkant van die spektrum, het nie 'n verwagting nie en daarom wag hulle nie. *Almal wat op Hom wag*… Baie mense praat van die wederkoms, maar het geen idee wat die behels nie; Wat daarvan? Wat is dit? Maak dit my opgewonde, it dit vir my ‘n werklikheid in so 'n mate dat ek my lewe inrig volgens dit? Net 'n praktiese voorbeeld: jy gaan plase erf en jou pa is reeds oorlede, jy is nou 18, maar jy kry eers die plase wanneer jy 25 is, gaan dit 'n invloed op jou verwagting vir die toekoms hê? Absoluut! Wanneer jy 19 jaar oud is gaan dit nog geen invloed hê nie, dit gaan net 'n verwagting wees; en as jy 20 is, is dit net 'n verwagting, maar wat is die verwagting? Wanneer ek 25 is, kry ek vyf plase met alles wat daarop is, al die mense wat daar werk, al die oeste, al die voertuie – dit is 'n verwagting en jy wag vir dit. Gaan jy immigreer? Dit sal mos dwaas wees! So, jy rig jou lewe in volgens jou verwagting. *Welgeluksalig almal wat op Hom wag!;* maar ek het geen verwagting nie…

Party mense weet hulle gaan erf, maar hulle weet nie wat nie. *As jy 25 is gaan jy erf. Wat gaan ek erf? Ek gaan vir jou sê as jy 25 is…* Hoe gaan jy jou lewe inrig? Jy kry dalk ‘n pakkie chips. Jy wag tot jy 25 is en jy kry die pakkie chips en jy eet dit op; en nou? Nou is daar niks. Jy kan nie jou lewe inrig volgens dit nie. Ons wag nie vir Hom nie, want ons het nie 'n verwagting nie, want ons weet nie wat ons erfdeel is nie.

*en daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor julle te ontferm* – daar is al klaar 'n verwagting, ontferm. Baie keer pas ons dit toe op nou; ek is 18 en ek gaan vyf plase erf, en nou dink ek ek het dit nou al. Nee, dit kom. As Vader sê Hy wag met ongeduld daarop om ons genadig te wees en Hom oor ons ontferm, dan dink ons dit is nou – dit sê nie Hy gaan ons nou hier uitred nie. Die omstandighede gaan min of meer bly wat dit nou is, ons is in hierdie vervalle koninkryk van die Satan. Jy ly dalk aan 'n ernstige siekte en Vader genees jou en Hy het Hom in daai opsigte oor jou ontferm; dit is wonderlik, maar jou ander moeilikheid is nog daar. Daar kom ‘n stadium wat ons Jerusalem toe gaan en ons gaan getroos word – dit is die vers wat ons gelees het; soos 'n moeder haar oor haar kind ontferm, so gaan Vader Hom oor ons ontferm, en daar sal nie meer trane wees nie. Dit gaan alles verander, en dit is ons verwagting. So, ons verwagting is nie lukraak hier en daar gaan Hy iemand genadig wees en verlos uit 'n situasie uit nie – dit is totale verlossing van 'n slegte wêreld vol moeite en verdriet na ewige heil en voorspoed. *Welgeluksalig almal wat op Hom wag!* – as jy nie op Hom wag nie, dan gaan jy dit mis. As jy intussentyd immigreer en daai testament word gelees en jy is nie daar nie, jy weet nie daarvan nie, jy stel nie belang nie – dit gaan verval. As jy nie weet van die testament nie en jy weet nie wat jou erflating is nie, dan kan jy nie daarop wag nie.

Jesaja 30:19 Want ‘n volk sal op Sion, in Jerusalem, woon; jy sal nie meer ween nie; sekerlik sal Hy jou genade bewys op jou hulpgeroep; sodra Hy hoor, antwoord Hy jou.

Dit is waarvoor ons wag. *jy sal nie meer ween nie*; as daar net iets gerings gebeur nadat Yahshua gekom het, dan sê jy Hom, en *sekerlik sal Hy jou genade bewys op jou hulpgeroep; sodra Hy hoor, antwoord Hy jou.*

Jesaja 30:20 Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien;

Vers 19 is toekomende tyd, *want 'n volk sal op Sion, in Jerusalem, woon*. Vers 20: *Yahweh gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid*; huidige tyd – dit sê ons kry swaar, maar ons gaan nie meer swaarkry nie. Vers 19 sê: *jy sal nie meer ween nie*; vers 20 sê: *jy sal ween*. Die brood van benoudheid en die water van bedruktheid maak ons ween, maar wat veroorsaak dit? *maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien*. Wat wil ons leer? Die Weg, die evangelie van die koninkryk van God – ons wil dít leer, ons wil weet wat dít is, ons wil dáárop let, ons wil dít oordink, ons wil dít verkondig, maar ons weet nie wat dít is nie. Nou kry ons brood van benoudheid en water van bedruktheid, *maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien*. Nou is ons geneig om te kyk na mense en ons verwag iemand gaan ons leer... Nee, want:

Jesaja 30:21 en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.

Jou ore sal 'n woord agter jou hoor, en dit is die Gees van God wat ons lei. So, nou wil ek weet wat is die pad, wat is die evangelie, wat is die verwagting, wat is die hoop? Ek wag op God, wat is my verwagting? En ek gaan na vyftig-duisend denominasies toe om my te leer, en elkeen gee my 'n ander opinie, en elkeen bewys die ander een verkeerd... Hoe moet ek weet wat is die waarheid? J*ou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien.* Jou leraar (die Woord van God) is voor jou oë, jy is besig om dit te lees.

Nou lees jy dit, en jy wonder *is dit links dit regs? Wat staan hier? Ek lees Jesaja, moet ek links of moet ek regs?* En wie praat met hom? *En jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan* – en die Heilige Gees openbaar, en ons het die Woord van God, en ons sien wat is die evangelie van die koninkryk van God. Wat beteken dit? Dit is die totale evangelie; ons het begin by Génesis om te sien God het die hemel en die aarde volmaak geskape, Hy het Adam en Eva aangestel en gesê: *heers daaroor, wees vrugbaar, vermenigvuldig en vul die aarde met My nageslag, en geniet dit;* en die Satan het ingemeng en hy het die water vertroebel – dit is nou modderwater, jy kan nie daarin sien nie, jy kan dit omtrent nie eens drink nie, en dit is die wêreld waarin ons leef.

Die evangelie van die koninkryk van God sê Hy gaan dit herstel, Hy kom terug en is spoedig hier, dit is voor die deur, ons is in die laaste stuiptrekkings. Hy gaan alles herstel en Hy gaan dit maak soos wat Hy beplan het dit moet wees, maar instede daarvan dat Adam gaan regeer, gaan die Tweede Adam regeer – en ons gaan mede-erfgename wees, ons gaan mede-regeerders wees saam met Hom. As jy meer wil weet van dit: vers 20 sê: *Yahweh gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars (leraars van wat? Die evangelie van die koninkryk van God) sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien;* maak jou oë oop en lees die Woord van God. En as jy wonder of is dit links of is dit regs, dan gaan die Gees van God vir jou sê – dit is die Woord wat jy lees en nie die oorlewering wat jy ontvang het van vals profete nie. Lees die Woord soos dit daar staan en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: *Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan*.

Ons het alles, die Woord is daar, die Gees is in ons, ons almal kan sien wat is die weg. Vader het nie gesê jy moet deur 'n mens werk nie. Ek weet ek gaan nou weer op die tone trap van die kerke, maar dit is hoe dit werk in die wêreld. Hoe het dit begin? Met die Pous. Martin Luther se aanklag was: *jy verskil met die Pous, jy mag nie Skrif verklaar nie, die Pous verklaar Skrif.* Martin Luther het gerebelleer teen dit, en hy begin sy eie kerk, en toe mense met hom verskil toe sê hy: *hoe durf julle om van my te verskil?* Toe verklaar Martin Luther Skrif, en toe kom Calvyn en toe verklaar Calvyn Skrif, en toe kom daar allerhande kerke, en wie verklaar vir ons die Skrif? *My dominee en my pastoor verklaar vir my die Skrif...* Moet dit nie doen nie! In vers 20 en 21 lees ek niks van ander mense wat vir jou die Skrif moet verklaar nie. Vers 21 sê: *en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg...* dit is Vader Yahweh wat met ons praat deur Sy Heilige Gees. Soek dit en dit sal met jou gebeur. Leer by Hom, hou op om by mense te leer. Dit sê nie ons mag nie mekaar help nie, maar waarmee help ons mekaar? Met die Woord, om te sê: *dit is wat in die Woord staan,* maar jy kan nie een of twee of drie verse in die Bybel lees en dan 'n hele evangelie verkondig wat uit jouself is nie. Verkondig die evangelie van die koninkryk van God.

*Rom 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!*
*Rom 11:34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?*
*Rom 11:35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?*
*Rom 11:36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*